# EKKLéSIA EN MEERDERE VERGADERINGE

VERHANDELING VOORGELê AS VERVULLING VAN 'n DEEL VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD THEOLOGIAE MAGISTER IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

DEUR

ANDRIES LE ROUX DU PLOOY B.A., Th.B.

STUDIELEIER: PROF. DR. G.P.L. VAN DER LINDE

PRETORIA

JANUARIE 1979

WOORD VOORAF

Dit was 'n voorreg om hierdie studie te kon doen. Die voltooi= ing hiervan vervul my met groot dankbaarheid. Graag betuig ek hier my dankbare erkentlikheid teenoor almal wat my in staat gestel het om hierdie studie te kon onderneem.

In die eerste plek is ek besonder dank verskuldig aan my studieleier, prof. dr. G.P.L. van der Linde. Sy aanmoediging, leiding, advies, belangstelling en hulp waardeer ek opreg. Sy welwillendheid en bereidheid om onder druk van vele werksaamhede en selfs in die universiteitsvakansie onmiddellik aandag te skenk aan die voorgelegde werk, stel ek hoog op prys.

My dank gaan ook uit na die Gereformeerde kerk Alkantrant. Die kerkraad het my daadwerklik bygestaan en gesteun. Hulle tegemoetkoming en belangstelling sal my altyd bybly.

Die personeel van die biblioteke van die Teologiese Skool te Potchefstroom, die Universiteit van Pretoria en die Universi= teit van Suid-Afrika was vir my tot groot hulp. Met dankbaar= heid is van hulle fasiliteite gebruik gemaak.

My vrou verdien meer as gewone vermelding. Sy het my nie net ondersteun nie, maar ook daadwerklik gehelp deur die verhande= ling taalkundig te versorg.

Aan mev. Hannatjie du Toit is ek besondere dank verskuldig. Sy het in 'n kort tydjie met toewyding en entoesiasme die tikwerk behartig.

My ouers, skoonouers en familie het met liefde, hartlikheid en belangstelling meegeleef.

Bowe al dank ek God. Sonder Hom is alles tevergeefs. Mag hierdie studie tot eer van sy Naam wees.

Pretoria
Januarie 1979

INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING .................................... 1

1.1 Uitgangspunt .................................. 1
1.2 Verantwoording ................................ 2
1.2.1 Titel ....................................... 2
1.2.2 Aktualiteit ................................. 2
1.2.3 Doelstelling en begrensing .................. 4

1.3 Indeling ...................................... 5

2. DIE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT OOR DIE BEGRIP EKKLéSIA ........................................ 6

2.1 Inleiding ..................................... 6
2.2 Enkele kerkbegrippe ........................... 6
2.2.1 Ge-objektiveerde kerkbegrip ................. 6
2.2.2 Klerikalistiese kerkbegrip .................. 7
2.2.3 Kollegialistiese kerkbegrip ................. 8
2.2.4 Independentistiese kerkbegrip ............... 9
2.2.5 Dinamiese kerkbegrip ........................ 10
2.2.6 Verwarring oor die woorde, kerk en gemeente.. 11
2.2.7 Samevatting ................................. 13

2.3 Ekklésia ...................................... 13
2.3.1 Ekklésia as heilshistoriese begrip .......... 13
2.3.2 Ekklésia as christologiese begrip: kerk as liggaam van Christus, die Hoof ............. 17
2.3.2.1 Christus as Hoof van die liggaam, die ekklésia ....................... 18
2.3.2.2 Die kerk as liggaam van Christus ... 21

2.3.3 Die betekenis en gebruik van ekklésia in enkelvoud en meervoud ........................ 22
2.3.3.1 Ekklésia (volk van God) in enkelvoud: universele en plaaslike betekenis... 22
2.3.3.2 Ekklésia (liggaam van Christus) in enkelvoud: universeel en plaaslik .. 23
2.3.3.3 Ekklésia: slegs 'n universele en plaaslike betekenis ................ 23

2.3.3.4 Die verband tussen die universele en plaaslike kerk .................. 26

2.4 Samevatting ........................................ 29

3. DIE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT OOR DIE REGERING VAN DIE EKKLéSIA .................................. 30

3.1 Die heerskappy van Christus as Hoof en Koning ...... 30
3.1.1 Die basileia van Christus (of God) .......... 31
3.1.2 Die verhouding: Koninkryk - kerk ........... 34
3.2 Die reëling van Christus vir die regering van sy kerk ........................................ 37
3.2.1 Regering in koninkryksperspektief ........... 37
3.2.2 Die Heilige Gees in die regering van die kerk 39
3.2.3 Die charismata en diakonia met die oog op die regering van die kerk ........................ 40
3.2.3.1 Perspektief op die begrip: charisma. 41
3.2.3.2 Perspektief op die begrip: diakonia. 43
3.2.4 Die institusionele karakter van die kerk .... 45
3.2.5 Drie dienste as reëling van Christus ........ 50
3.2.6 Die ouderling in die diens van regering ..... 52

3.3 Die bedoeling van Christus met die reëling vir die regering van die kerk ........................... 58
3.3.1 Katartismos as doelstelling by die kerk= regering ..................................... 60
3.3.2 Oikodomé as doelstelling by die kerkregering. 63
3.3.3 Die eenheid van geloof as doelstelling van kerkregering ............................... 65

3.4 Verhoudingsaspekte ................................. 66
3.4.1 Die verhouding: Christus - amp .............. 66
3.4.2 Die verhouding: ekklésia - presbuterion ..... 67

3.5 Samevatting ........................................ 72

4. 'n SNIT DEUR DIE NUWE TESTAMENTIESE GEGEWENS OOR DIE EENHEID EN INTERAFHANKLIKHEID TUSSEN PLAASLIKE KERKE MET BESONDERE VERWYSING NA HANDELINGE 15 ........... 74

4.1 Inleiding en probleemstelling ...................... 74

4.2 Een universele kerk en eenheid tussen plaaslike kerke ........................................ 77
4.2.1 Die kerk as 'n eenheid in universele sin .... 77
(1) Teosentriese motief .................... 77
(2) Christologiese motief .................. 78
(3) Pneumatologiese motief ................. 78
(4) Koninkryksmotief ....................... 78
4.2.2 Die eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke .......................... 80
(1) Dogmatologiese of konfessionele eenheid.. 80
(2) Diakoniologiese eenheid ................ 80
4.3 Hand 15 en kerkregering ........................ 83
4.3.1 Inleiding ................................... 83
4.3.2 Die openbaringshistoriese plek van Hand 15 en Gl 2 ...................................... 84
4.3.3 Die plek van Hand 15 in die boek Handelinge.. 87
(1) Voor Hand 15 ........................... 87
(2) Na Hand 15 ............................. 88
4.3.4 Oorsig oor Hand 15 .......................... 89
(1) Eerste deel: Hand 15:1-5. Die afvaardiging van Antiochië na Jerusalem ......... 89
(2) Tweede deel: Hand 15:6-11. Die vergadering begin, Petrus se toespraak ......... 90
(3) Derde deel: Hand 15:12-21. Jakobus se toespraak ............................ 91
(4) Vierde deel: Hand 15:22-29. Die besluit van die vergadering ................... 92
(5) Vyfde deel: Hand 15:30-35. Die ontvangs van die brief deur Antiochië ........... 95
4.3.5 Die betekenis van Hand 15 vir die kerkregering ...................................... 95
4.4 Samevatting .................................... 99

5. DIE MEERDERE VERGADERING .............................. 102

5.1 Die naam en begrip meerdere vergadering ............ 102
5.2 Die noodwendigheid, noodsaaklikheid en grondbegin=
sels van die meerdere vergaderinge ................. 103
5.2.1 Die noodwendigheid en noodsaaklikheid van
meerdere vergaderinge .......................... 104
5.2.2 Enkele grondbeginsels van die meerdere ver=
gaderinge ...................................... 106
5.2.3 Samevatting .................................... 106

5.3 Die totstandkoming van die meerdere vergaderinge
1568-1619 ........................................... 107
5.3.1 Die agtergrond waarteen die kerkinrigting
plaasgevind het ................................ 107
5.3.2 Die kerkinrigting en "meerdere vergaderinge"
in Nederland 1568-1619 .........................

5.4 Die meerdere vergadering - 'n probleem ............. 110
5.5 Die wese en samestelling van die meerdere vergade=
ring ................................................ 112
5.5.1 Die standpunt dat dit 'n vergadering van
kerke is ....................................... 113
5.5.2 Die standpunt dat dit 'n vergadering van
kerkrade is .................................... 113
5.5.3 Die standpunt dat dit 'n vergadering van
ampsdraers is .................................. 115
5.5.4 Die wese van die meerdere vergadering ....... 116

5.6 Die gesag van die meerdere vergadering ............. 118
5.6.1 Inleiding ...................................... 118
5.6.2 Enkele standpunte krities beoordeel ......... 119
5.6.2.1 Die standpunt dat dit afgeleide
gesag het ......................... 119
5.6.2.2 Die standpunt dat die meerdere ver=
gadering selfstandige gesag besit... 122
5.6.3 Die gesag van die meerdere vergadering ...... 123

5.7 Die karakter en kenmerke van die meerdere vergade=
ring ................................................ 128

5.7.1 Art 30 Kerkorde .......................... 129
5.7.2 Art 35 Kerkorde .......................... 131
5.7.3 Art 44 Kerkorde .......................... 132
5.7.4 Die afwesigheid van die diakonale amp in meerdere vergaderinge ..................... 133

5.8 Samevatting .................................. 137

5.9 Slot ......................................... 138

Bibliografie van Teksverwysings .................. 139

# AFKORTINGS

Die afkortings geld ook die bibliografie van verwysings

Afkorting van Bybelboeke - Riglyne van NTWSA, 1977

| | | |
|---|---|---|
| KO | - | Kerkorde van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika |
| NGTT | - | Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif |
| NTWSA | - | Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika |
| TDNT | - | Theological Dictionary of the New Testament. Kittel, G. & Friedrich, G., ed. Uit Duits vertaal deur G.W. Bromiley. Grand Rapids, Eerdmans. 10 dle. |

# EKKLéSIA EN MEERDERE VERGADERINGE

## 1. INLEIDING

### 1.1 Uitgangspunt

Die heerskappy van God in en deur Christus word as allesbeheer=sende uitgangspunt aanvaar. Ons is in hierdie studie op die terrein van die Kerkreg, en in besonder toegespits op die Nuwe Testamentiese openbaring oor die ekklésia, die regering van die ekklésia en op die meerdere vergadering. In alles wil ons hierdie uitgangspunt as basis neem - 'n uitgangspunt wat ook in die verloop van die verhandeling nader ontvou sal word. In die ekklésia en in die regering van die ekklésia in plaaslike en universele sin gaan dit om die koninkryk, en in die koninkryk gaan dit om die heerskappy van God in en deur Christus (Snyman, 1977, p. 197-198; Küng, 1967, p. 112; Herman Ridderbos, 1972, p. 307; T. van der Walt, 1962, p. 33; vgl ook hoofstuk 3).

Dit kan dus nie anders nie, hierdie feit dat God in Christus re=geer, is sonder twyfel die enigste ware grondslag van die Kerk=reg (vgl Van der Linde, 1978, p. 10).

Dat God in Christus Koning en Hoof van sy kerk is, word nie net in die Nuwe Testament (vgl bv 3.1) duidelik nie, maar vind ook vergestalting in die Nederlandse Geloofsbelydenis (vgl art 27 - 32; Hovius, 1962, p. 10, 22).

Ons neem vir hierdie studie dus ons uitgangspunt in die Koning=skap van Christus, soos dit aan ons voorgehou word in die Skrif en Belydenis. Die belydenis skets die grondpatroon van die Skriftuurlike kerkregering, en doen reg "aan het allesbeheer=send beginsel van het Koningschap van Christus over Zijn kerk" (Hovius, 1962, p. 10). Waar ons in die Belydenis die grondpa=troon van die kerkregering het, word dit in die Kerkorde prak=ties uitgewerk (Hovius, 1962, p. 12) en moet dit bo alles die heerskappy van Christus laat realiseer en bevestig in die kerk=regering (Hovius, 1962, p. 20 e.v.).

Waar die Skrif, Belydenis en Kerkorde uitgaan van die heerskappy

van Christus, moet dit ook ons uitgangspunt wees, en sal gepoog word om juis ook hierdie feit in die studie wat volg sentraal te hou en verder toe te lig. Dat hierdie feit ook in die kerk=orde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vergestalting vind, het J.J. van der Walt (1976, p. 145 e.v.) duidelik aange=toon.

## 1.2 Verantwoording

### 1.2.1 Titel

Die titel van die verhandeling Ekklésia en meerdere vergaderinge, dien bloot as opskrif en as aanduiding van die onderwerp. Uit die formulering van die titel mag nie afgelei word dat ons kerk en meerdere vergadering in dualistiese sin van mekaar skei nie. Die verhandeling wil juis op hierdie probleem ingaan, hoe ons naamlik meerdere vergadering moet verstaan in die lig van die Nuwe Testamentiese openbaring van die kerk (die ekklésia). Die titel maak dit moontlik om in te gaan op die vraag na die verband tussen kerk en meerdere vergadering, of kerk en meerdere vergadering met mekaar geïdentifiseer kan word en of daar nie liewer van kerke in meerdere vergadering gepraat moet word nie.

### 1.2.2 Aktualiteit

Uit die titel soos hierbo gemotiveer blyk ook reeds iets van die aktualiteit van hierdie studie. Die vraag moet vandag opnuut gevra word, wat moet ons onder die begrip "kerk" verstaan? Dat daar verskil van mening en dikwels spraakverwarring daaroor is, is duidelik (vgl 2.2). In 'n artikel van Van Wyk (1968, p. 14 e.v.) oor die "valse kerkbegrippe", onderskei hy byvoorbeeld agt verskillende kerkbegrippe. Iemand wys tereg daarop dat dit 'n realiteit is dat die gedaante van die kerk dikwels medebepalend is tot die begrip kerk, en dat die beeld oor die kerk nie altyd uit die Skrif verstaan word nie, maar uit 'n bepaalde historiese situasie gevorm word (vgl Küng, 1967, p. 12). As ons nou reeds mag aanvaar dat almal daaroor eens is dat 'n meerdere vergadering ten minste 'n kerklike vergadering is, spreek dit vanself dat dit aktueel is om te weet wat ons onder die woord kerk moet ver=

staan.

Die studie wil hom ook besig hou met die Nuwe Testamentiese openbaring oor die regering van die kerk. Ook dit beskou ons van aktuele belang dat ons opnuut weer sal besin oor wat die Woord sê oor die kerkregering, omdat daar nie net verskillende kerkregeringstelsels is nie, maar omdat daar ook binne die Pres= biteriale kerkregeringstelsel verskil van mening daaroor is. Op hierdie stelsels gaan ons nie in nie, maar wys daarop dat ver= skillende begrippe oor die kerk, vanself ook aanleiding gee tot verskil in opvatting oor die stelsel van kerkregering (vgl bv Van der Linde, 1965, p. 78-81). J.J. van der Walt (1976, p. 16-20) wys verder daarop dat hoewel sekere verskillende kerkrege= ringstelsels uitgaan van die gemeenskaplike basis dat Christus die Hoof van die kerk is, die paaie tog daarna ver uitmekaar gaan.

Die Presbiteriale Kerkregeringstelsel word ook nie altyd eenders vertolk en toegepas nie. Dit kom byvoorbeeld aan die lig in die Handelinge van die Tussenkerklike Kommissie (s.j., p. 55-70, p. 71-76) en in die werk van Gerber (1976, p. 121) dat daar tus= sen die drie Afrikaanse kerkgroepe 'n verskil is oor die wyse van kerkregering omdat daar verskil is in die begrip, kerk. Die aktualiteit van hierdie studie spreek eintlik vanself as ons let op die stelling van Gerber (1976, p. 121, p. 138-139) wanneer hy die kerkbegrip met sy kerkregtelike implikasies die spil van die gesprek tussen die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gerefor= meerde Kerk in Suid-Afrika, noem. Sy stelling is: "Indien daar gevorder wil word op die pad van die gesprek oor die eenwording van die kerke, sal hier tot 'n vergelyk gekom moet word op grond van die Woord van God" (p. 138-139).

Dit is verder noodsaaklik dat tot klaarheid gekom moet word oor die wese, samestelling en gesag van die meerdere vergadering. Hierdie studie wil poog om 'n beskeie deel by te dra in die ge= sprek daaroor, want dat daar in die geskiedenis soos tans ook die geval is, verskille daaroor bestaan onder gereformeerde cano= nici, sal duidelik aangetoon word in hierdie studie (vgl 5.3 en 5.4.2). Afgesien van verskille oor die wese en gesag van die

meerdere vergadering, wys Spoelstra (1977, p. 45) nog daarop dat daar ook 'n begripsverskil oor "meerdere vergadering" be= staan: "In Gereformeerde kringe word van 'n meervoudige kate= gorie van 'meerdere vergaderinge' gepraat waaronder klassis, partikuliere sinode en nasionale sinode (en later selfs algemene sinode en teoreties 'n idealistiese GES) verstaan kan word, ter= wyl in ander kringe, byvoorbeeld die nuwere kerkreg van die GKN (moontlik ook die NGKSA, NHK en huidige gangbare GKSA-spraakge= bruik) met 'Sinode' een bepaalde, reglementêr omlynde instelling of gepersonifieerde regsinstelling bedoel word".

Samevattend gestel blyk dit dat hoewel daar in die verloop van die tyd 'n byna onoorsienbare hoeveelheid literatuur oor die be= grippe kerk en meerdere vergadering verskyn het, dit nog altyd in die brandpunt staan.

### 1.2.3 Doelstelling en begrensing

Ons bedoeling is om die geformuleerde onderwerp prinsipieel te benader. Dit beteken dat ons die Nuwe Testamentiese openbaring oor die begrip, kerk (ekklésia), die openbaring oor die regering van die kerk en die Nuwe Testamentiese gegewens oor die eenheid en interafhanklikheid (kerkverband) tussen plaaslike kerke wil nagaan. Op grond van hierdie resultate, of beginsels wat ons van grondliggende belang ag vir die bereiking van ons doelstel= ling, wil ons dan kom tot 'n bepaalde beskouing van die wese, gesag en karakter van die meerdere vergadering.

In die doelstelling lê in sekere sin ook reeds die begrensing van ons ondersoek opgesluit. Omdat ons naamlik toespits op 'n meer prinsipiële benadering as 'n historiese en polemiese, sal die historiese faset van die onderwerp nie ons volle aandag ge= niet nie. Ten opsigte van ons beskouing oor die meerdere verga= dering in die laaste hoofstuk sal daar egter kortliks aandag ge= gee word aan bepaalde standpunte en polemieke wat in die verloop van die geskiedenis onder gereformeerde canonici bestaan het.

In die behandeling van die Nuwe Testamentiese gegewens oor die kerkbegrip, kerkregering en "kerkverband", kan ons uiteraard

nie volledig wees nie. Ons beperk ons dus tot dié gegewens en openbaringe wat ons meen van belang is om ons doelstelling soos hierbo gestel, te bereik. Die begrip "kerkverband" is byvoor=beeld vir verskillende interpretasies vatbaar (vgl Van der Linde, 1965, p. 116 e.v.; Rutgers, 1882; O'B Geldenhuys, 1951, p. 142 e.v.). Hieruit (genoemde bronne) blyk dat dit 'n studie opsigself is, en dus nie volledig hier tot sy reg kan kom nie. Tog is dit so dat die meerdere vergadering rus in die eenheid tussen kerke wat algemeen bekend is as kerkverband (vgl bv H. Bouwman, II, 1934, p. 12 e.v.). Om hierdie rede spreek dit vanself dat ons daaroor 'n snit deur die Nuwe Testamentiese ge=gewens moet maak, en meer in besonder sal moet let op Hand 15. Dit is immers van fundamentele belang vir 'n Skrifgefundeerde beskouing oor die meerdere vergadering.

## 1.3 Indeling

In die lig van die doelstelling en begrensing meen ons dit is die beste metode as ons in vier afsonderlike hoofstukke agter=eenvolgens aan die volgende sake aandag gee:

1.3.1 Die openbaring in die Nuwe Testament oor die begrip, ekklésia;

1.3.2 Die openbaring in die Nuwe Testament oor die regering van die ekklésia;

1.3.3 'n Snit deur die Nuwe Testamentiese gegewens oor die een=heid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke met besondere verwysing na Hand 15;

1.3.4 Die meerdere vergadering.

## 2. DIE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT OOR DIE BEGRIP EKKLÉSIA

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk wil ons die klem laat val op die Nuwe Testa=mentiese kerkbegrip. Die noodsaaklikheid daarvan word beklem=toon as ons besef dat 'n bepaalde dogmatiese opvatting van die kerk, of teologiese en filosofiese strominge dikwels medebepa=lend is vir wat onder die begrip kerk verstaan word (vgl Küng, 1967, p. 11 e.v.).

Dat daar nie eenstemmigheid is oor die Nuwe Testamentiese "ekklésia" nie, en dat daar bepaalde begrippe oor die kerk be=staan wat selfs totaal vreemd is aan die Nuwe Testamentiese kerkbegrip, behoort hieronder duidelik te word.

Van Wyk (1968, p. 14 e.v.) onderskei byvoorbeeld agt verskillen=de soorte kerkbegrippe: 'n statiese, dinamistiese, hipersta=tiese, organistiese, klerikalistiese, kollegialistiese, volks=kerk en absolutistiese. Hy onderskei dit van die Nuwe Testa=mentiese kerkbegrip.

Ons bedoeling is om in hierdie hoofstuk vooraf te let op enkele kerkbegrippe wat ons beskou as vreemd aan die Nuwe Testament. Ons wil wys op die effek daarvan op 'n begrip van meerdere ver=gadering, en daarna, in die tweede deel van die hoofstuk in be=sonder let op die Nuwe Testamentiese openbaring oor die ekklésia.

### 2.2 Enkele kerkbegrippe

#### 2.2.1 Ge-objektiveerde kerkbegrip

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 27: "Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk ....") leer ons dat die kerk voorwerp of objek van ons geloof is. Polman (II, s.j., p. 149) sê omdat die kerk 'n stigting van Christus is, is dit voorwerp van ons geloof. Dit mag ons egter nie verlei om die kerk te objektiveer nie, so asof die kerk 'n hiperstatiese, abstrakte grootheid langs die gelowiges is nie; iets waaraan iemand behoort.

Van Wyk (1968, p. 15) noem hierdie opvatting van die kerk, 'n hiperstatiese kerkbegrip. Vanuit so 'n begrip sê Heyns (1977, p. 24): "Die kerk is nie oral daar waar sy lidmate aanwesig is nie". So 'n opvatting bots met wat ons bely: die kerk "is 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo" (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27). Die kerk is gelo= wiges en die gelowiges is kerk. Spoelstra (1978, p. 56) waar= sku teen 'n institusionele, gehipostateerde en gepersonifieerde kerkbegrip waarin die organisatoriese die dominerende begrip vorm.

Vanuit so 'n filosofiese benadering tot die kerkbegrip wat die kerk as 'n soort samelewingsverband naas ander beskou, word mens verlei om die kerk as 'n ge-objektiveerde grootheid opsig= self te sien.

Die effek hiervan is nie net dat die kerk as 'n selfstandige struktuur, buite en bo die mens geplaas word nie, maar ook dat die meerdere vergadering (of sinode) as vergadering van kerke beskou word as 'n selfstandige struktuur of corpus wat as't ware tussen God en mens staan.

### 2.2.2 <u>Klerikalistiese kerkbegrip</u>

"Soms word die ampsdraers, die 'clerus', gesien en bestempel as die kerk, in onderskeiding van en soms skerp teenstelling met die lidmate, die 'leke' ... sedert die E3 tree die onderskeid 'clerus' en 'leek' veral op die voorgrond" (Van Wyk, 1968, p. 17).

Die wortels van so 'n kerkbegrip wat ons soos Van Wyk (1968, p. 17) wil bestempel as 'n klerikalistiese kerkbegrip, kan te= rug gedateer word na die begin van die tweede eeu na Christus. Dit is die tyd van die begin van die Monargiese episkopaat, die tyd van Ignatius, biskop van Antiochië. Hy gee in sy 7 briewe blyke daarvan dat die biskop en presbiters begin uit= troon het bo die kerk. In sy brief aan Tralles 2 skryf hy dat die kerk aan die biskop soos aan Christus, en aan die presbite= rium soos aan die apostels gehoorsaam moet wees. Aan Smirna

skryf hy dat waar die biskop is, daar is die volk, net soos waar Christus is, die katolieke kerk is (vgl Lighfoot, 1926, p. 97 e.v.; Seeberg I, 1966, p. 67). Die kerk kan nie van Christus, en die ampte nie van Christus en die kerk losgemaak word nie. "Die kerk is nie dáár waar die ampsdraers is nie. Dit is nie waar dat as die predikant of ouderling gepraat het, die kerk dan gepraat het nie" (Van Wyk, 1968, p. 17).

Wie egter die ampsdraers in die kerk verhef tot 'n posisie buite of bo of langs die kerk, maak 'n onbybelse skeiding tussen kerk=raad en kerk (vgl Ef 4:11 e.v.; I Kor 12:28 e.v.).

Die gevolg van 'n klerikalistiese kerkbegrip is onder andere dat die meerdere vergadering gesien kan word as 'n vergadering van ampsdraers as sodanig. Dit sou in stryd wees met artikel 41 Kerkorde (van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika).

### 2.2.3 Kollegialistiese kerkbegrip

Kleynhans (1974, p. 111 e.v.) wys daarop dat die naam, Kollegia=lisme, ontleen is aan die Romeinse regspleging wat voorsiening gemaak het vir die bestaan van geoorloofde verenigings (colle=gia licita) wat deur gewone burgers gestig is en deur die ower=heid erken is. Dit het in die 4e eeu na Christus gebeur, die tyd na die vervolging van die kerk. Sulke verenigings is dan beskou as 'n regspersoon.

J.J. van der Walt (1976, p. 105 e.v.) handel oor die ontstaan en invloed van die Kollegialisme, en laat blyk byvoorbeeld dat die Kollegialisme 'n kerkbegrip het wat gewortel is in die posi=tiwisme en natuurreg. Die gevolg daarvan is dat die kerk nie meer gesien word as 'n goddelike instelling nie, maar iets is wat opkom uit 'n verdrag van individue (vgl ook Kleynhans, 1974, p. 111 e.v.).

Die kerk is dan wesenlik 'n societas aequalis et libera. Die kerk dra sy regering op aan ampsdraers, en die amp word beskou as 'n ecclesia mandatarius. Christus as Hoof van die kerk word

verruil vir 'n stelsel van oligargie en staatsusurpasie in die genootskaplike organisasie (J.J. van der Walt, 1976, p. 105 - 111).

Getrou aan hierdie beginsels van die Kollegialisme word 'n meer= dere vergadering (sinode) dan 'n regspersoon, 'n struktuur in die hande van verteenwoordigers van laere besture wat die be= lange van die enkelinge in die genootskap moet behartig. So word die meerdere vergadering losgemaak van die organiese struk= tuur van die kerk, losgemaak van die kerk en ook losgemaak van die regering van Christus as Hoof.

2.2.4 <u>Independentistiese kerkbegrip</u>

Sonder om in te gaan op al die fasette van die independentis= tiese kerkbegrip, vestig ons die aandag op enkele relevante feite. Met reg sê J.J. van der Walt (1976, p. 114) "Die Inde= pendentisme is ten opsigte van sekere uitgangspunte nou verwant aan die Kollegialisme. Vir albei is die kerk gelyk aan die somtotaal van die lidmate en nie 'n organiese eenheid soos die Nuwe Testament dit openbaar nie". En verder (p. 114) "Dit is die konsekwente uitgangspunt van die Independentisme dat die individuele gelowige slegs lidmaat is van die onafhanklike ge= meente, terwyl die Kollegialisme die individuele gelowige 'n lidmaat ag van die algemene kerk wat in gemeentes vir plaaslike organisasie verdeel word".

In hierdie verband sê Van der Linde (1965, p. 79) "die uitgangs= punt in die independentistiese stelsel is die kongregasie". Die gemeente word 'n kongregasie van los individue met Christus as Hoof, en elke gemeente is outonoom.

H.H. Kuyper (1935 - 1936, p. 15) sê in sy "College-Dictaten": "de fout van de Indenpendenten is, dat ze dit alles per excessum overdreven". Dan verwys hy na hulle oorreaksie teen veral die Engelse staatskerk, die Anglikaanse kerk. Sodoende herlewe die dwalinge van die Donatisme en Labadisme.

In die independentistiese kerkreg word die feit dat daar ampte

gegee is om die gesag van Christus te bedien, geïgnoreer. J.J. van der Walt (1976, p. 117) sê: "die kerkraad regeer nie, maar voer die wil van die gemeente uit, aangesien die individuele lede van Christus die gesag in die gemeente ontvang het op grond daarvan dat alle gelowiges profete, priesters en konings is. Hierdie atomistiese verindividualisering van die lidmate van die kerk in hulle verhouding tot Christus bepaal weer die kerkbegrip van die Independentisme".

Hierdie individualistiese lyn word dan deurgetrek na die ter= rein van die "kerkverband" sodat meerdere vergaderings wesenlik konferensies is met adviserende mag.

2.2.5 Dinamiese kerkbegrip

Ons verwys ook nog na die sogenaamde dinamiese kerkbegrip van veral Küng (1967, p. 13-14, p. 98). "De reële kerk is op de eerste plaats een gebeuren, een feit, een historische gebeurte= nis" Küng, 1967, p. 13). Küng sien die kerk dus wesenlik as 'n aktuele gebeure, as iets wat gedurig in die geskiedenis reali= seer. Dit is eintlik nooit iets nie, maar word altyd kerk.

Hoewel dit nie te ontken is dat die kerk aktief moet groei in geloof en moet vermeerder in getal deur die verkondiging van die Evangelie (Mt 28:19) nie, is dit oordrewe en eensydig om die kerk afhanklik te maak van die geskiedenis. Küng sê (1967, p. 13) "Het reële wezen van die reële kerk gebeurt in de his= torische gedaante".

Dat die gevaar van eensydigheid wesenlik is, blyk byvoorbeeld in die weg wat Hoekendijk opgegaan het met sy apostolaatsteolo= gie. Daarvolgens is die kerk altyd op weg, en gaan dit op in sending (vgl bv Brillenburg Wurth, 1954, p. 108 e.v.).

Die dinamiese kerkbegrip gee nie die kerkbegrip suiwer weer soos ons dit in die Nuwe Testament en in die Belydenis het nie. Snyman (1977, p. 38) het tereg aangetoon dat die kerk nie al= leen 'n samekoms is nie, maar ook iets wat saamkom, 'n organi=

sasie wat bestaan. Hy verwys na I Kor 15:9, Gl 1:13 en Flp 3:6 waar Paulus sê: "Ek het die ekklésia vervolg", en beskou dit nie net as samekoms nie, maar as organisasie wat ook buite die samekoms bestaan. Ons kan ook verwys na die Heidelbergse Kate= gismus, Sondag 21 en Sondag 48. Daarin is dit duidelik dat die kerk nie net iets is wat moet vermeerder nie, maar ook iets is wat bewaar en onderhou word.

Spoelstra (1977, p. 53, p. 59) lei myns insiens verkeerdelik uit die dinamiese kerkbegrip van Küng af dat as die kerk 'n ge= beure is, 'n historiese gebeurtenis is, die sinode nog meer 'n historiese geleentheid is, "'n 'historical event' en niks meer en allermins 'n super-kerkstruktuur". Dit is wel waar dat die meerdere vergadering (sinode) nie 'n superkerkstruktuur is nie, maar dit kan nie afgelei word uit die dinamiese kerkbegrip nie. Dit kan eerder afgelei word uit die kollegialistiese kerkbegrip, soos ons hierbo aangetoon het.

### 2.2.6 Verwarring oor die woorde, kerk en gemeente

In die Afrikaanse taal is daar twee woorde waarmee die Griekse woord, ekklésia vertaal word, naamlik "kerk" en "gemeente". Omdat dit nie altyd as sinonieme beskou word nie, skep dit ver= warring. 'n Groep "gemeentes" in 'n bepaalde land, soos Suid-Afrika word byvoorbeeld beskou as "kerk", terwyl die "gemeente" sien op die plaaslike kerk. So word in die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, artikel 36 "kerke" as sinoniem met "sinodes" gebruik. Konsekwent word die plaaslike kerk egter in genoemde kerkorde met die woord "gemeente" aangedui (vgl bv art 26). Ons vind in die Handelinge van die Tussenkerklike Kommissie (s.j., p. 71 e.v.) dat die betrokke deputate van die Nederduits Gereformeerde Kerk so 'n gebruik van die woord kerk verdedig, dat dit naamlik ook kan dui op 'n groep gemeentes saam (vgl ook 2.3.3 vir nadere toeligting).

Uit die naam: Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (ons kursiveer), kan ewe-eens afgelei word dat 'n groep gemeentes saam "kerk" ge= noem word. Die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk (!)

1955 (vgl Handelinge, p. 70-82) het egter diep op die saak in= gegaan. Die genoemde Sinode het egter besluit (p. 82): "Die amptelike naam van die Kerk moet wees: Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika". In die motivering van die betrokke deputate wat die rapport oor die naam aan die Sinode voorgehou het, het hulle egter in hul rapport gesê: "Hoewel ons daarvan bewus is dat die naam streng genome Kerke moet wees, beveel ons tog die naam Kerk aan (met beklemtoning daarvan dat dié naam nie in kollegialistiese sin bedoel word nie)" (p. 79). Die redes wat daarvoor aangevoer was, was suiwer historiese en praktiese redes (vgl p. 79).

Ons moet egter die feit in die gesig staar dat hierdie gebruike van die woorde "kerk" en "gemeente" verwarring skep. Onder "kerk" word verkeerdelik 'n groep "gemeentes" bedoel, en onder "gemeente" 'n groep gelowiges op 'n bepaalde plek (dit is die plaaslike kerk, vgl veral 2.3.3).

Op die oorsprong van die naam "kerk", dat dit naamlik van die bisantynse volksvorm, kyrikè kom, en dui op die feit dat gelo= wiges die eiendom van die Here is, gaan ons nie verder in nie (vgl hiervoor bv Snyman, 1977, p. 24 e.v.; Swart, 1959, p. 91 e.v.; Küng, 1967, p. 95).

In die lig van wat ons egter hierbo uiteengesit het, sal ons verkies om die woord "kerk" konsekwent te gebruik, in plaas van "gemeente". Die enkelvoud, kerk dui dus te alle tye op die plaaslike kerk of op die universele kerk, maar nooit op 'n groep "gemeentes" nie. Daarom sou ons eerder wou praat van: Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (ons kursiveer).

Die rede hiervoor is, soos aangetoon sal word, dat 'n meerdere vergadering wat 'n vergadering van kerke is (vgl art 41 Dordtse kerkorde), andersins te maklik beskou kan word as "kerk". Vergelyk byvoorbeeld die gebruik van "kerk" en "sinode" in die kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk soos ons hierbo aangetoon het.

## 2.2.7 Samevatting

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dat daar verwarring is oor die begrip, ekklésia. Die verwarring kan alleen reg beoordeel en uitgeskakel word as ons die Nuwe Testamentiese openbaring oor die ekklésia daarteenoor stel. In die volgende punt bepaal ons ons dan by die Nuwe Testamentiese openbaring oor die be= grip, betekenis en gebruik van ekklésia.

## 2.3 Ekklésia

Oor hierdie woord is daar baie geskrywe. Schmidt, 1968, p. 513 e.v.) en Küng (1967, p. 96) wys daarop hoe die woord ekklésia in die profane Grieks gebruik is, en Küng (a.w., p. 96) sê dat dit veral gedui het op 'n politieke vergadering wat van tyd tot tyd plaasgevind het. Hy verwys na Hand 19:32, 39 e.v. wat die oproer teen Paulus in Éfese verhaal. Wat egter van groot belang is, is die volgende stelling van Küng (1967, p. 96) waarmee ons saamstem: "Normerend voor de nieuwtestamen= tische ekklesia is juist niet de griekse etymologie, maar het woordgebruik in die griekse vertaling van het Oude Testament".

### 2.3.1 Ekklésia as heilshistoriese begrip

Die woord ekklésia is sowel in die Nuwe Testament as in die Septuaginta in die eerste plek 'n vertaling en aanduiding van die Ou Testamentiese volk Israel. Snyman (1977, p. 36) verwys na Hand 7:38 waar ekklésia met "vergadering" vertaal is, en na Heb 2:12 waar dit met "gemeente" vertaal is. In albei gevalle is dit duidelik dat die volk Israel bedoel word. In die Sep= tuaginta, waar die woord ekklésia ongeveer honderd keer gebruik word (Küng, 1967, p. 96), dien dit byna altyd as vertaling van die Hebreeuse begrip qáhál. Duvenage (1962, p. 42) wys daarop dat hierdie begrip qáhál as terminus technicus gebruik is vir die kultusgemeente in die ou bedeling, en sê verder: "soos nêrens elders nie, kom dit in dié term tot uiting dat daar in hierdie wêreld 'n vergadering van mense is wat in die nouste verbinding met Jahwe leef en daarom sy gemeenskap opsoek". So

dui die woorde qáhál Yahweh dan op die volksvergadering van die HERE, of op die volk van God (Ridderbos, 1966, p. 365; Jay, 1977, p. 6). Jay (1977, p. 7) wys daarop dat ekklésia as woord etimologies verbind is met die Griekse woord kaleo (roep), en in saamgestelde vorm ekkaleo, uitroep, beteken. Netso het die Hebreeuse woord qáhál die betekenis van "roep". Hy kom dan tot die konklusie dat albei woorde die konsonante k en l in gemeen het, en dat albei die wortelbetekenis van "roep" het. Om hier=die rede vestig Snyman die aandag daarop dat dit die Here is wat in Abraham vir Hom 'n volk geroep het as eiendomsvolk (Snyman, 1977, p. 26).

In hierdie sin word dat nou ook in die Nuwe Testament die woord ekklésia gebruik vir die volk van God, maar nou sien dit nie net meer op Israel van die Ou Testament nie, maar ook en veral op sy "ware Israel", die nuwe verbondsvolk. Aan die nuwe eiendomsvolk van die Here, die Christelike kerk gee Christus self in Mattheus 16:18 en 18:17 die titel van die Ou Testamen=tiese volk van God. So doen veral Paulus dit ook (Herman Ridderbos, 1966, p. 365).

Snyman (1977, p. 36) beweer dat ekklésia 107 keer in die Nuwe Testament gebruik word vir die Nuwe Testamentiese kerk: 91 keer vir die plaaslike kerk en 16 keer vir die kerk in sy groot geheel.

Dat die kerk die heilshistoriese volk van God is, 'n historiese eenheid is wat so oud soos die mensheid self is (Sondag 21, Heidelbergse Kategismus), blyk nie net uit die woord ekklésia nie, maar ook uit ander Nuwe Testamentiese name vir die volk van God wat dieselfde is as dié wat van toepassing was op die Ou Testamentiese volk van God. Op hierdie feit wys Herman Ridderbos (1966, p. 368) deur te verwys na woorde soos hagioi, eklektoi, hégapemenoi, en klétoi wat hy as sinonieme uitdruk=kinge van ekklésia beskou.

As die Here dan in Mattheus en die apostels in hulle geskrifte in die Nuwe Testament die woord ekklésia en genoemde sinonieme uitdruk=

kinge besig, word die Nuwe Testamentiese volk van God as 'n eenheid betrek by 'n besondere geskiedenis wat by Abraham - of liewer by Adam - begin het, en sal deurgaan tot by die einde. Dit is die geskiedenis van die een volk van God (Herman Ridder=bos, 1966, p. 371).

Theron (1978, p. 38-40) vestig die aandag op die belangrike feit dat die verhouding tussen God en sy volk ons bring by die begrip verbond. Reeds in die verbond met Abraham kom die ge=rigtheid op "al die geslagte van die aarde" (Gn 12:3; 22:18) na vore, en so gaan die ou verbond dan eindelik in die nuwe verbond wat 'n universele karakter dra, in vervulling. Hy sê "Die eenstemmige getuienis van die Nuwe Testament is dat hier=die eskatalogiese volk van God in die Nuwe Testamentiese ek=klesia verwerklik is" (Theron, 1978, p. 39). Daarom word die terminologie van die Ou Testament vir die volk van God sonder meer op die kerk oorgedra, soos ons hierbo aangetoon het. Ook die eksodusmotief word dikwels op die kerk toegepas (vgl Floor, 1969, vir volledige besonderhede).

Dit blyk dus duidelik dat ons in die Nuwe Testamentiese ekklé=sia te doen het met die een volk van God; die ekklésia het uit die volk Israel voortgekom. As sodanig is ekklésia 'n heils=historiese begrip. Tog het die ekklésia per slot van rekening nie uit die volk as geheel voortgekom nie, maar uit Christus, die Seun van God, die eintlike en enigste Regverdige wat tege=lyk representant van God se volk is in wie die volk inbegrepe is. Hierdie feit word in Mt 2:15 duidelik geopenbaar: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep" (vgl hieroor veral Floor, 1969, p. 35-44).

Vervolgens moet ons daarop wys dat Israel as historiese volk, en as die volk van God, nie met die koms van die Nuwe Testamen=tiese ekklésia hulle einde bereik het nie. Anders gestel: die ekklésia vervang Israel nie as die volk van God nie, maar sluit Israel ook in op 'n wyse soos ons hieronder sal aantoon.

Die kerk is uit Israel gebore, maar tree nie in die plek van

Israel nie (Herman Ridderbos, 1966, p. 371-372). Israel is ook in die Nuwe Testamentiese tyd nog volk van God in sy gelowige lede (J.C. Coetzee, 1965, p. 308). Tog is hulle nie meer alleen die volk van God nie, maar deel van die uitgebreide volk van God wat Israel en die heidennasies in hul gelowiges omvat (vgl J.C. Coetzee, 1965, p. 306).

Hieruit blyk reeds hoe die volk van God in die Nuwe Testament saamgestel is. J.C. Coetzee (1965, p. 139) toon aan dat Paulus in sy vroegste prediking aan die Diaspora-Jode die volk Israel nog Godsvolk genoem het. Vir Israel as histories-etniese volk het daar redding gekom. Daar is egter ook 'n veroordeling vir die ongelowiges uit Israel. "Dus, 'n na binne verengde volk Israel is die messiaanse volk".

Israel is dus deel van die Nuwe Testamentiese ekklésia, maar nie meer die hele ekklésia nie. Die ekklésia word universeel. Dit is ook die bevel van Christus dat dit so moet wees, want Hy gee opdrag (Mt 28:18 e.v.) dat dissipels van al die nasies gemaak moet word. Die Evangelie moet uitgaan na die ethné (nasies). Israel is in hul gelowiges volk van God. Naas Israel is daar ook ander volke of nasies. J.C. Coetzee vestig die aan= dag op Nuwe Testamentiese gegewens, en deur 'n eksegetiese be= nadering van byvoorbeeld Tt 2:14 (p. 152 e.v.), Rm 9 - 11 (p. 156 e.v.), Ef 2:11 - 3:7 (p. 211 e.v.) en ander gedeeltes soos Hand 15 en Gl 2 kom hy tot duidelike konklusies, veral ten opsigte van die verhouding tussen Israel as Godsvolk en die ethné. Hy sê (1965, p. 281): Gelowiges uit die heidennasies bly selfs nadat hulle gelowig geword het, ethné. Hulle word nie by toetrede tot Godsvolk losgemaak van hul volksverband nie. Die bewys hiervan is onder andere te vind in die feit dat Titus, die Griek, waar hy saam met Paulus en Barnabas in Jerusalem was, nie gedwing was om besny te word nie. So blyk dit in Gl 2. (J.C. Coetzee, 1965, p. 282 e.v.).

Met betrekking tot die samestelling van die nuwe volk van God, blyk dit dus duidelik dat die ekklésia hoewel 'n eenheid, ook saamgestel is uit die gelowiges van die nasies, en dus 'n ver=

skeidenheid in 'n eenheid en ook 'n eenheid in verskeidenheid is.

### 2.3.2 Ekklésia as christologiese begrip: Kerk as liggaam van Christus, die Hoof

Die ekklésia, die heilshistoriese volk van God, word eksplisiet deur Paulus die liggaam van Christus genoem ".... en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is" (Ef 1:22, 23). In die Afrikaanse vertaling gaan die lidwoord verlore, want letterlik staan daar "to sóma autou" (die liggaam van Hom). Vergelyk ook Kol 1:18 "kai autos estin hé kefalé tou sómatos, tés ekklésias" (ons kursiveer).

Die ekklésia word dus nie vergelyk met die liggaam van Chris= tus nie. Die kerk is die liggaam van Christus (vgl Jay, 1977, p. 14-15). "Liggaam" bedoel nie "vlees" van Christus nie, maar die behoue mensheid in Christus (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 54). Herman Ridderbos (1966, p. 404, 441) wys daarop dat die kwalifikasie "liggaam van Christus" 'n nadere eksplikasie gee van die kerk as die volk van God. Dit omskryf die christo= logiese bestaanswyse van die kerk as volk van God, en spreek van die besondere band wat die kerk as volk van God en as die ware Israel met Christus het.

Theron (1978, p. 40 e.v.) beskou die beeld "liggaam van Christus" as die christologiese moment in die realisering van die eskata= logiese "volk van God". Hieruit blyk dus dat ons onder ekklé= sia die volk van God moet verstaan wat in Christus 'n bepaalde karakter verkry. Hierdie karakter word veral weerspieël as die ekklésia die liggaam van Christus genoem word. Hieronder sal ons verder daarop ingaan.

Die volk van God is egter nie net as ekklésia in besonder aan Christus verbonde nie. Die Nuwe Testament verbind die kerk aan al drie Persone in die Drie-Eenheid: daar is byvoorbeeld sprake van die volk van God, die tempel van die Heilige Gees en die liggaam van Christus (vgl vir die trinitariese fundering van

die kerk: Theron, 1978, p. 127; Snyman, 1977, p. 57; Pelser, 1976, p. 144 e.v.; Duvenage, 1962, p. 41 e.v.).

Ons beperk ons egter tot die christologiese fundering van die volk van God, dit wil sê, ons gaan slegs in op die Hoof-lig= gaam beeld waar Christus die Hoof genoem word en die kerk die liggaam van Christus. Selfs hierdie beeld is nie die enigste beeld wat die verhouding tussen Christus en sy kerk in die Nuwe Testament uitdruk nie. Minear wys op die rykdom beelde waarmee die kerk beskrywe word, en onderskei 96 beelde (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 55). Aanverwante beelde wat die verhouding tussen Christus en sy kerk uitdruk, is byvoorbeeld dié van wynstok en lote (Jh 15: 1-10), hoeksteen en gebou (vgl 1 Petrus 2: 1-10 saam met Ef 2: 19-22) en Herder en kudde (Jh 10:16) (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 55 e.v.).

2.3.2.1 <u>Christus as Hoof van die liggaam, die ekklésia</u>

In hierdie paragraaf plaas ons eers die nadruk op die feit dat Christus die Hoof genoem word. In die volgende paragraaf (2.3.3.2) sal die aksent weer op die feit dat die kerk die liggaam genoem word, geplaas word.

Die belangrike vraag is, hoe verbind die Hoof Hom aan die liggaam? J.J. van der Walt (1976, p. 38) wat in diepte op die vraag ingegaan het, kom tot die konklusie dat daar 'n organiese eenheid tussen Hoof en liggaam is. Hiervolgens het Christus Hom nie net met die kerk kom vereenselwig nie, maar verenig (J.J. van der Walt, 1976, p. 39).

Roberts (1963, p. 96-109) en Herman Ridderbos (1966, p. 420 e.v.) meen weer dat die verhouding tussen Hoof en liggaam uit= gedruk word in representasie. Roberts (1963, p. 107) verstaan onder "representasie" dat Hoof en liggaam 'n tweeheid bly wat slegs ten nouste aan mekaar verbind is. Hy beskou Christus as die Representant van die kerk wat in Hom geïnkorporeer is. Die kerk is dan diegene wat die sterwe en opstanding van Chris= tus as hulle eie reken (Roberts, 1963, p. 106). Daarmee hou

hy vas aan die twee beelde: Christus bly Hoof en die kerk is liggaam. Aan die een kant staan die Representant, naamlik Christus, en aan die ander kant staan die gerepresenteerdes (die kerk) (a.w., p. 107).

Ons stem egter in met J.J. van der Walt (1976, p. 37-47) wat die standpunt van Roberts en Ridderbos krities onder oë gehad het, en tot die konklusie gekom het dat die verhouding tussen Christus en sy kerk op grond van die Hoof-liggaam beeld, 'n organiese, lewende eenheid is. Die een word nie aan die ander gelyk gestel nie. Hoof en liggaam bly onvermengd en ongeskeie.

Hierdie standpunt word onderskryf deur die standpunt van Küng (1967, p. 273): "het gaat hier dus om een heel aparte en unieke eenheid die slechts met verschillende beelde omschreven kan worden: een eenheid in die tweeheid en een tweeheid in de een=heid".

Die Nuwe Testament handel veral in 1 Korinthiërs, Romeine, Efesiërs en Kolossense oor Christus as Hoof en oor die kerk as liggaam. Die tema van Kolossense is: Christus die Hoof van die kerk. Die tema van Efesiërs is: Die kerk as liggaam van Christus (vgl vir hierdie stellings: J.C. Coetzee, 1975, p. 78 e.v.). In hierdie twee briewe word onder liggaam konsekwent die universele kerk bedoel.

In Efesiërs 1:22, 23; 4:15, 16; 5:22-23; Kolossense 1:18; 2:19 sien ons dus dat die metafoor, Hoof-liggaam in die <u>eerste plek</u> dui op die eenheid tussen Christus en die kerk sodat wat met Hom gebeur het ook met sy kerk gebeur.

In die <u>tweede plek</u> is Christus as Hoof van die liggaam die oor=sprong en doel van die groei van die kerk (Ef 4:15; Kol 2:12-19; 3:1). Dit groei vanuit die Hoof en dit groei na die Hoof toe (Ef 4:15-16; Kol 1:18; 2:19).

Die liggaam groei na binne deur geloof en liefde, en na buite deur die uitbreiding van die Evangelie van Jesus Christus.

Alle groei kan alleen plaasvind as daar gehoorsaamheid van die liggaam aan die Hoof is (Küng, 1967, p. 274).

Dat Christus Hoof genoem word, beteken in die derde plek dat Hy as Heerser en Regeerder oor die liggaam staan (Küng, 1976, p. 267). Christus is dus vanweë die feit dat Hy Hoof genoem word, ook die enigste Gesagshoof van die kerk (J.J. van der Walt, 1976, p. 47).

Die vraag is nou wat die konsekwensie daarvan vir hierdie stu=die is as Christus in die Nuwe Testament Hoof van die kerk ge=noem word.

In die eerste plek dui die organiese eenheid tussen Hoof en liggaam daarop dat die kerk nooit op homself aangewese is nie. Hy bly te alle tye ten nouste verbonde aan Christus wat Hom met sy kerk kom verenig het. Die kerk kan kragtens sy wese as liggaam van Christus nooit los van Christus bestaan of besluite neem nie, nòg plaaslike kerke, kerkrade of lidmate, nòg meerdere vergaderinge. Die band met die Hoof mag nooit deur sonde of ongehoorsaamheid verbreek word nie.

In die tweede plek dui die feit dat Christus as Hoof die oor=sprong en doel van die groei van die kerk is daarop dat die kerk 'n unieke en lewende gestalte en orgaan in hierdie wêreld is. Dit het die taak om ook sigbaar en kragtig te lewe in hierdie wêreld, want dit is juis in hierdie wêreld waar dit 'n lig en getuienis moet wees. Dat die kerk alleen uit die Hoof groei beteken dat die kerk opsigself nie in staat is om los van Christus iets te wees of te bereik nie. Dat die kerk na die Hoof toe groei, wil sê dat die kerk in al sy aktiwiteite, ook in sy meerdere vergaderinge dit as die einddoel moet sien.

In die derde plek dui die feit dat Christus die enigste Gesags=hoof van die kerk is daarop dat die kerk nie sonder Hoof, die Koning en Regeerder is nie. Die kerk word regeer, nie primêr deur homself nie, maar deur die Hoof. Selfs as mense gebruik word om mee te doen aan die regering van die kerk, bly hulle

niks anders as instrumente nie. Op hierdie feit van die rege= ring deur Christus self, gaan ons in diepte in in die volgende hoofstuk.

2.3.2.2 Die kerk as liggaam van Christus

Soos in die vorige paragraaf gestel (vgl 2.3.2.1), vestig ons nou die aandag op die feit dat die kerk die liggaam genoem word. Ons het reeds daarop gewys dat die liggaam in 'n orga= niese eenheid met die Hoof staan. Hier bepaal ons ons by die onderlinge eenheid in die een liggaam van Christus. Netsoos die ekklésia as volk van God bestaan uit 'n verskeidenheid van volke in die eenheid van die nuwe volk van God, dui die ekklé= sia as liggaam van Christus ook op die eenheid tussen die ethné en Israel (Ef 2:11-16; 3:4-6) en wel verenig onder een Hoof (Ef 1:10). In die eerste plek dui die liggaam van Chris= tus dus op onderlinge eenheid tussen gelowiges, wêreldwyd in Christus een. Behalwe dat die liggaam een is met sy Hoof, Christus, soos ons reeds aangetoon het, is dit ook 'n eenheid van nasies in hulle gelowiges (vgl 2.3.1).

In die tweede plek is dit van belang om te let op die aard van die eenheid van die liggaam. Dit is 'n eenheid in Christus (Rm 12:5), 'n geloofseenheid wat nie net aan Christus verbind nie, maar ook aan mekaar. Die liggaam van Christus is as nuwe mensheid in Christus geïnkorporeer, netsoos die ou mensheid in Adam geïnkorporeer is. Dit is die betekenis van die term "in Christus" wat so dikwels in die briewe van Paulus voorkom (Jonker, s.j. p. 14). Aan die ander kant is die eenheid nie bloot 'n pneumatiese eenheid nie. Van der Walt (1976, p. 54) sê: "Die eenheid van die kerk is realisties en organies. Die kerk is die mensheid wat in Christus behoue is". Pelser (1976, p. 158 e.v.) het aangetoon dat die katolisiteit van die kerk rus in die feit dat die kerk liggaam van Christus is, die ver= loste menslike geslag in Christus. Pelser wat in sy proefskrif (1976, p. 378, 379) skryf oor die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die kerk, kom tot die konklusie: "die ka= tolisiteit van die kerk moet sigbaar vergestalt word sodat die

een liggaam met sy baie lede waarlik kerk kan wees; dit wil sê as die een liggaam van Christus onder die soewereine heerskappy van die Hoof kan leef en groei tot die eer van God. Eers in die funksionering van die liggaam kan die kerk waarlik kerk wees en tot sy pleroma groei".

Op die belydenis dat die kerk of liggaam van Christus 'n een= heid is, gaan ons in hierdie hoofstuk nie verder in nie omdat dit later meer volledig aan die orde sal kom (vgl hoofstuk 4).

### 2.3.3 <u>Die betekenis en gebruik van ekklésia in enkelvoud en meervoud</u>

In hierdie paragraaf wil ons let op die <u>gebruik</u> van die woord "ekklésia". Uit dit wat hieronder volg, sal gesien word dat die Nuwe Testament dit in enkelvoud en meervoud (ekklésia en ekklésiai) gebruik. Ons het nou reeds vasgestel dat die kerk 'n eenheid is. Dit is 'n wesenseienskap van die kerk. Christus het net een liggaam. Dit is dus reeds duidelik dat die meer= voud, <u>kerke</u> nie kan dui op meer liggame van Christus nie. Dit behoort hieronder verder duidelik te word dat die enkelvoud kan dui op die plaaslike kerk of die universele kerk, en dat die meervoud slegs dui op die plaaslike kerke wat op baie plekke bestaan. Die vraag sal dan ook wees wat die verband tussen plaaslike en universele kerk is. In hoofstuk 4 sal weer gelet word op die verband tussen plaaslike kerke.

#### 2.3.3.1 <u>Ekklésia (volk van God) in enkelvoud: universele en plaaslike betekenis</u>

In 2.3.1 het ons gehandel oor die begrip ekklésia in heilshis= toriese sin. Dit het geblyk dat dit die voortsetting is van die Ou Testamentiese volk van God en in die Nuwe Testament nie net Israel insluit nie, maar gelowiges uit baie volke en nasies. Dit is dus duidelik dat dit 'n universele betekenis het; dit sien op die totaal, op die hele volk van God. Dit is besig om wêreldwyd uit te groei. Die opmerklike is nou in die Nuwe Tes= tament dat hierdie volk van God op elke plaaslike plek waar ge=

lowiges bymekaar kom die voortsetting is van die volk Israel, maar dan die ware Israel. Dit tree aan die lig as ons let op Handelinge 20:28. "In Handelinge 20:28 vermaan Paulus die ouderlinge van Efese om as herders die gemeente van God te ver=sorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Die gekursiveerde woorde is aanhaling uit Psalm 74:2, met ander woorde: elke plaaslike gemeente is ook voortsetting van die Ou Testamentiese Israel, die volk van God. Dit verteenwoordig die volk van God op daardie plek" (Snyman, 1977, p. 38).

Ekklésia in sy heilshistoriese betekenis sien dus ook op die plaaslike kerk wat as volk van God op 'n bepaalde plek bestaan en bymekaar kom.

2.3.3.2 Ekklésia (liggaam van Christus) in enkelvoud: universeel en plaaslik

In 2.3.2 het ons gehandel oor die begrip ekklésia in christolo=giese sin. Kerk as liggaam van Christus sien in Efesiërs 1:22-23, Kolossense 1:18 op die universele kerk van Christus (vgl 2.3.2). Die enkelvoud, ekklésia sien egter nie altyd net op die universele liggaam van Christus nie. Dit blyk byvoor=beeld uit I Korinthiërs 12:27: "humeis de este sóma Christou" (julle is liggaam van Christus). Hier word "liggaam van Chris=tus" sonder lidwoord geskryf. Dit beteken dat die kerk in Korinthe nie alleen die liggaam van Christus is nie. Hulle is nie die volle getal van die gelowiges nie (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 46).

Ons konklusie is dus dat elke plaaslike kerk soos Korinthe 'n liggaam van Christus is, 'n komplete liggaam, maar nie die enigste ekklésia wat liggaam van Christus is nie.

2.3.3.3 Ekklésia: slegs 'n universele en plaaslike betekenis

Snyman (1977, p. 36) beweer dat ekklésia (enkelvoud) 107 keer in die Nuwe Testament gebruik word, 91 keer word dit gebruik vir die plaaslike kerk en 16 keer sien dit op die universele

kerk. Die meervoud, ekklésiai of die meervoudige gebruik van ekklésia (vgl bv I Kor 16:1; Gl 1:2, 22; 2 Kor 8:1; Hand 15:41 ens) dui op plaaslike kerke. In die Nuwe Testament het ekklésia slegs 'n universele en plaaslike betekenis. Hierdie stelling dat die Nuwe Testament die woord ekklésia slegs in plaaslike en universele sin gebruik, verdien nadere toeligting omdat dit hieronder sal blyk dat almal nie daaroor saamstem nie. Die deputate van die Nederduits Gereformeerde Kerk (vgl Handelinge TKK, s.j., p. 71 e.v.) wil byvoorbeeld veral op grond van Handelinge 9:31 en die sogenaamde huisgemeentes aflei dat daar ook 'n derde gebruik van die woord "kerk" in die Nuwe Testament voorkom.

In die huidige Afrikaanse Bybel word daar in Handelinge 9:31 in die meervoud van "gemeentes" gepraat. Schmidt (1968, p. 504), Bavinck (IV, 1930, p. 263) en Grosheide (1962, p. 151) is maar sommige van dié wat daarop wys dat daar by Handelinge 9:31 'n tekskritiese probleem bestaan. Hulle laat blyk dat die beste tekskritiese kommentare die enkelvoud verkies, "ekklésia". Die jongste en duidelikste tekskritiese kommentaar kom egter van Bruce M. Metzger wat sê: "The range and age of the witnesses which read the singular number are superior to those that read the plural" (Gerber, 1976, p. 123).

Die probleem word egter goed gestel deur Snyman (1977, p. 37). Hy wys daarop dat sommige teoloë wat ekklésia hier (Hand 9:31) in die enkelvoud lees, daaruit konkludeer dat die groep "gemeentes" deur die hele Judèa en Galilea en Samaria" (Hand 9:31) ook "ekklésia" genoem word. So asof die groep gemeentes in een land byvoorbeeld saam "kerk" genoem kan word.

As ons die regte antwoord op die probleem moet gee, moet ons eers bepaal of daar op die tydstip van Handelinge 9:31 meer as een plaaslike kerk in Judèa, Galilea en Samaria bestaan het. Ons aanvaar vooraf op grond van bogenoemde getuienis dat ons "ekklésia" (enkelvoud) moet lees.

Op grond van die getuienis in die boek Handelinge is ons van

oortuiging dat daar op die tydstip van Handelinge 9:31 nog slegs een kerk bestaan het, maar daarmee saam moet ons sê dat dié kerk toe baie groot was. Dit blyk byvoorbeeld uit Handelinge 2:41, 4:4 en 6:7 dat die kerk van Jerusalem baie vinnig uitge= brei het. Handelinge 8:1-4 openbaar duidelik dat die kerk van Jerusalem vanweë die vervolging verstrooi is oor Judèa en Samaria. In daardie tyd het Saulus meegedoen aan die vervolging van die kerk (enkelvoud) (vgl Hand 8:3). As Paulus in I Korin= thiërs 15:9, Galásiërs 1:13 en Filippense 3:6 daarna terugver= wys, dan sê hy telkens dat hy die ekklésia (enkelvoud) vervolg het. Dit was die kerk van Jerusalem wat verstrooi geraak het deur Judèa en Samaria (vgl ook Hand 9:13, 21). Handelinge 9:31 praat dus van die een kerk wat na die vervolging en na Paulus se bekering vrede gehad het toe dit verstrooi was oor Judèa, Galilea en Samaria. Handelinge 9:31 sien nie op die universele kerk nie (so bv Snyman, 1977, p. 37 en Gerber, 1976, p. 123-124), maar op die uitgebreide plaaslike kerk van Jerusalem.

In die lig van die groot kerk te Jerusalem wat onder vervolging gebuk gegaan het, en versprei is oor 'n wye streek, moet ons myns insiens ook die sogenaamde huisgemeentes verstaan. Die lidmate het dikwels in Jerusalem in huise bymekaar gekom (Hand 2:46, 5:42). Dit blyk weliswaar nie in Handelinge dat daardie samekomste van gelowiges die naam "ekklésiai" gedra het nie, maar wanneer ons kyk na die latere ontwikkeling, dan sien ons dat daar pertinent sprake is van "ekklésia kat' oikon" en nie van "ekklésia en oikói" nie (vgl Bouwman, I, 1928, p. 89). Dat daar van huisgemeentes sprake was, kan gesien word in Romeine 16:5, I Korinthiërs 16:19, Kolossense 4:15 en Filémon 2. Op hierdie plekke was daar egter ook plaaslike kerke, soos te Rome, Kolosse, Efese en Korinthe.

Die vraag is nou of hierdie huisgemeentes saam die plaaslike kerk gevorm het. Kan ons hieruit aflei dat 'n groep kerke (huisgemeentes) saam kerk genoem word?

Snyman (1977, p. 38) meen dat so 'n afleiding nie gemaak kan word nie. Hy wys daarop dat ons I Korinthiërs 14:23 letterlik soos volg moet lees: "As die hele kerk dan saam vergader het

op dieselfde plek ...." (ons kursiveer). Hieruit lei hy af dat daar ook aparte samekomste (nie soseer aparte kerke nie) was van gelowiges op verskillende plekke, maar hierdie samekomste vind eers die selfstandigheid van die plaaslike kerk wanneer hulle as "hele kerk" op dieselfde plek byeenkom. Hy sien dit as 'n aanduiding van die huisgemeentes waarmee ons instem.

Herman Ridderbos (1959, p. 344) onderskryf hierdie standpunt in sy kommentaar op Romeine 16:5: "niet de samevoeging van afson= derlijke huiselijke of plaatselijke gemeenten vormt de ene kerk als produk daarvan; maar iedere gemeente, hoe klein ook, representeert de ene kerk, het volk Gods en het lichaam van Christus".

Ons konklusie is dat die Nuwe Testament geen derde betekenis aan die begrip "ekklésia" heg nie. Dit onderskryf dus ons standpunt dat onder "kerk" nie 'n versameling van gemeentes verstaan kan word nie.

### 2.3.3.4 Die verband tussen die universele en plaaslike kerk

In die laaste plek maak ons in hierdie hoofstuk nog enkele op= merkings oor die verband tussen die plaaslike en universele kerk. Anders gestel, dit is van betekenis dat daar tweërlei betekenisse aan die woord ekklésia geheg kan word, naamlik 'n plaaslike en universele. Hoe moet ons dit verstaan?

In die eerste plek maak ons die stelling dat die onderskeiding plaaslike en universele kerk nie dualisties verstaan moet word nie. Die kerk is in sy wese 'n eenheid, een liggaam van Chris= tus en een volk van God.

Paulus is byvoorbeeld in I Korinthiërs 12:12-26 besig met die kerk as liggaam van Christus in universele sin (vgl Grosheide, 1957, p. 329-330). In I Korinthiërs 12:27 sê Paulus aan die plaaslike kerk in Korinthe: "maar júlle is liggaam van Chris= tus". Die oorgang van die universele na die plaaslike kerk in I Korinthiërs 12 is opmerklik: wat vir die universele kerk geld (verse 12-26) geld natuurlik ook vir die kerk te Korinthe (vers

27). Korinthe is egter nie "dié liggaam" nie, maar "'n liggaam van Christus". Al die plaaslike kerke is elkeen liggaam van Christus. Wat opval is die organiese oorgang van die univer= sele kerk na die plaaslike kerk. Paulus maak nêrens gebruik van die byvoeglike naamwoorde, universeel en plaaslik wanneer hy die universele en plaaslike kerk wil aandui nie.

As ons hieraan vashou dat die ekklésia in universele en plaas= like betekenis nie dualisties verstaan moet word, maar as 'n eenheid gesien moet word, bedoel ons daarmee dat ons nie mag dink dat die universele kerk 'n instituut naas die plaaslike kerk as instituut is nie. (Ons gaan nie nou in op die feit dat die kerk 'n sigbare en onsigbare faset het nie. Ook nie op die feit dat die kerk nie net 'n sigbare instituut is nie).

In hierdie verband lyk dit vir ons of Snyman (1977, p. 39-43) tog wil praat van die universele kerk as instituut. Hy sê die universele kerk is ook 'n organisasie (a.w., p. 41), georgani= seerd in die doop (a.w., p. 42). "Gebou, fondament, hoeksteen sê organisasie" (a.w., p. 42). "So word die gelowiges uit alle volke tot 'n hegte, sierlike eenheid in Christus versamel, so word die wêreldkerk 'n werklikheid, naamlik as eenheidsinsti= tuut ..... Die ekumeniese kerk is dus 'n Instituut, sentraal gegee in die Apostolaat, en afgegrens na buite deur die Doop" (a.w., p. 42). Snyman (1977, p. 43) kom dan tot die konklusie "dat die onderskeiding sigbare en onsigbare Kerk nie saamval met die van lokale en universele Kerk nie, want die Universele Kerk het ook 'n sigbare kant, naamlik as organisme".

Van hieruit sien Snyman (1977, p. 44 e.v.) dan die verband tus= sen die universele en plaaslike kerk soos volg: "Die plaaslike kerk (gemeente) is nadere organisasie van die universele". Hy stel dat ons dit (die verband tussen die plaaslike en universele) nie moet sien as 'n inmekaar, teenmekaar of naasmekaar nie, maar as 'n na mekaar. Soos Bavinck (IV, 1930, p. 264) en Her= man Ridderbos (1966, p. 368) onderskei Snyman (a.w., p. 44) dit soos volg: die universele kerk gaan aan die plaaslike kerk vooraf. Bavinck (a.w., p. 264) sê: "de algemene ekklésia gaat

vooraf aan de plaatselijke gemeentes, zij is wel niet het his= torische, maar tog het logische prius".

Die vraag is myns insiens of Snyman en andere met hierdie be= skouing nie die plaaslike en universele kerk tog te veel van mekaar losgemaak het nie.

Ons vind tog nêrens in die Nuwe Testament dat die universele kerk op sy eie georganiseer is nie. Die doop is altyd in 'n plaaslike kerk bedien. Die apostels was wel nie aan een kerk verbonde en gebonde nie, maar hulle het juis plaaslike kerke gestig, plaaslik die Woord bedien en plaaslik ge-arbei. Volgens Snyman se standpunt sou dit juis andersom moes wees. Die kerke sou saam na die apostels moes gaan.

Ons wil beweer dat die doop en die apostels juis die kerke onderling verbind het as 'n eenheid, maar dit nie een univer= sele kerk gemaak het wat sigbaar naas die plaaslike kerk be= staan het nie. Al die kerke van die wêreld vorm nie saam kerk nie. Dit is 'n stelling van Snyman self (1977, p. 39) wat hy baseer op Romeine 16:16.

Samevattend wil ons die verband tussen die universele kerk en plaaslike kerk soos volg beskou:

Die plaaslike kerk is die universele kerk op 'n bepaalde plek. Dit is egter nie die enigste kerk nie, nie die enigste liggaam van Christus nie. Dit is nie 'n onderafdeling van die eintlike kerk nie en behoort as 'n deel aan die universele kerk (vgl Küng, 1967, p. 99; ook Snyman, 1977, p. 45).

Die plaaslike kerk is 'n komplete liggaam van Christus, maar nog nie die komplete liggaam nie. Daarom moet kerke onderling 'n eenheid en interafhanklikheid vorm (vgl hoofstuk 4 vir ver= dere besonderhede hieroor). Dit is egter logies en duidelik dat plaaslike kerke saam iets meer laat sien van die liggaam van Christus sodat ons kan sê dat die eenheid nie net sigbaar word binne die plaaslike kerk nie, maar ook binne die universele

kerk, dit wil sê, tussen die plaaslike kerke.

Wanneer kerke dan saamkom soos in meerdere vergaderinge, dan word hulle nie 'n eenheidsinstituut nie, maar bly hulle kerke wat selfstandig maar nie onafhanklik nie, naas ander kerke be=staan. Die kerk is as instituut slegs plaaslik.

## 2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat 'n skewe of valse kerkbegrip verwarrend en vertroebelend inwerk op dit wat ons uiteindelik onder meerdere vergadering moet verstaan.

Dit het duidelik geword dat 'n suiwere Nuwe Testamentiese begrip oor die ekklésia vir ons die pad oopmaak om te kom tot 'n Skrif=gefundeerde begrip van die meerdere vergadering. Die ekklésia het naamlik 'n heilshistoriese en christologiese betekenis. Van hierdie kerk is Christus die Hoof. Die kerk mag nie die eenheid wat 'n organiese eenheid is, met Hom verbreek nie. Die kerk as liggaam van die Hoof kan alleen uit Hom groei en moet ook tot Hom opgroei. Die Hoof, naamlik Christus self regeer sy liggaam, die kerk, op 'n besondere wyse as die enigste Hoof van die kerk.

Die Nuwe Testamentiese onderskeiding van die kerk in universele en plaaslike betekenis, is ook van grondliggende belang. Dit openbaar aan ons dat ons nou reeds moet besef dat wanneer kerke byeenkom soos in meerdere vergadering, hulle nie bekend kan staan as "kerk" nie, want die Nuwe Testament ken geen derde be=tekenis toe aan die woord, ekklésia nie.

Voordat ons sal kom by 'n deeglike ondersoek na die wese, same=stelling en gesag van meerdere vergaderinge, sal ons eers moet let op die Nuwe Testamentiese openbaring oor die regering van die ekklésia, en eers dieper moet ingaan op die Nuwe Testamen=tiese gegewens oor die eenheid en interafhanklikheid tussen plaaslike kerke.

## 3. DIE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT OOR DIE REGERING VAN DIE EKKLéSIA

### 3.1 Die heerskappy van Christus as Hoof en Koning

In die vorige hoofstuk (vgl 2.3.2.1) waar ons stilgestaan het by Christus as Hoof van die liggaam, het ons reeds aangetoon dat Christus reëel self die Regeerder van die kerk is. Hy regeer deur die Woord en Gees in onlosmaaklike verband oor sy kerk. Efésiërs 5:23 en Kolossense 1:18 spreek direk van Christus as "Hoof van die kerk" (J.J. van der Walt, 1976, p. 22). J.J. van der Walt (1976, p. 23) wys daarop dat die Nuwe Testa= ment nêrens spreek van Christus as "Koning van die kerk" nie, terwyl Hy tog in die Nuwe Testament "Koning" genoem word (vgl Mt 2:2, 27:11, 29, 37; Lk 19:38; Mk 15:2; Jh 18:37). In hier= die en ander Skrifgedeeltes word Hy by uitstek as Koning aange= dui. In Hom as Koning gaan die beloftes van die Ou Testament in vervulling (vgl Gn 17:6, 49:10; Mi 5:1; Du Toit 1969, p. 218-236). Natánael bely Hom as Koning van Israel, en wel soos volg: "U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" (Jh 1:50).

Hieruit blyk dit duidelik dat Christus die Heerser en Regeerder van sy volk is. Dit blyk dat Hy Koning van sy volk (Israel) en Hoof van die ekklésia genoem word. Hoewel Hy nooit Koning van die kerk genoem word nie, is dit tog so dat Hy ook Koning van die kerk is omdat, soos ons reeds aangetoon het, ekklésia ook 'n heilshistoriese begrip is; die kerk is die voortsetting van die volk van God, die ware Israel waarvan Christus die Koning is (vgl Duvenage, 1969, p. 132 voetnoot 47).

In die Nuwe Testament kry ons egter naas die begrip "ekklésia" ook die begrip "basileia" (koninkryk). Van hierdie basileia word Christus dikwels die "Basileus" (Koning) genoem, maar nooit die "Hoof" daarvan nie (vgl Lk 1:33, 22:30; Jh 18:36; Ef 5:5).

Hierdie opmerklike onderskeiding van Christus as "Hoof" van die kerk en Christus as "Koning" van sy koninkryk wat uit die Nuwe

Testament tot ons spreek, is nie sonder betekenis nie. Jonker (1965, p. 3) stel tereg dat die feit dat Christus Hoof en Koning is, die grondwaarheid is waarvan die kerkreg moet uitgaan, en sê: "Tereg is hierdie onomkeerbare verhouding tussen Christus en sy kerk die grondwet van die kerk genoem, waarop alle reg en orde in die kerk gebaseer moet wees".

Van hierdie grondwaarheid gaan Van der Linde (1965, p. 76) ook uit as hy sê: "Maar die Hoof is ook Koning, Koning van die burgers van die koninkryk van die hemele, wat in hierdie bede= ling, voor sy wederkoms, as kerk vergader is. Christus is dus ook die enige en ewige Koning van sy kerk".

J.J. van der Walt (1976, p. 23) stel hom ten doel om die kerk= regtelike grondbegrip, dat Christus Hoof van die kerk as sy liggaam is, grondig te ondersoek. Dit het hy dan ook by uit= nemendheid gedoen.

Van watter betekenis is dit nou vir die Kerkreg dat Christus Koning van sy koninkryk genoem word? Op hierdie vraag wil ons graag kortliks ingaan.

Dat Christus Koning van sy koninkryk genoem word, is onses in= siens ewe-eens 'n kerkregtelike grondbegrip. Dit sluit nou aan by die feit dat Christus Hoof van sy kerk is. In albei gevalle, dit wil sê wanneer Christus Hoof van sy kerk of Koning van sy koninkryk genoem word, gaan dit primêr om een en dieselfde grond= waarheid, naamlik sy heerskappy, sy regering. Om die kerkregte= like betekenis van Christus se Koningskap oor sy koninkryk te begryp, wil ons let op die begrip "basileia van Christus (of God)" en op die verhouding tussen basileia en ekklésia.

### 3.1.1 <u>Die basileia van Christus (of God)</u>

Oor die begrip "koninkryk" sê T. van der Walt (1962, p. 33): "Grondliggend is egter deurgaans die gedagte van die heilryke soewereiniteit van God, in die eerste plek as daad (koningskap, koning-wees), tweedens as terrein (koninkryk, gebied waaroor en

waarin die heerskappy uitgeoefen word) en derdens nog inhoude=
liker: wat in hierdie almagsuitoefening in hierdie magsfeer gebeur en ontvang word". T. van der Walt (1969, p. 99) vat dit saam as die feit, terrein en wyse van God se Koningsheerskappy, en sê dat die eerste betekenis van die koninkryk die hoofsaak is, en: "die koninkryk van God beteken dus meestal: dát God Koning is, dát Hy regeer".

Uiteraard kan ons vanweë die spesifieke onderwerp van hierdie studie nie volledig ingaan op koninkryksbegrip in die Nuwe Tes=
tament nie, en toon ons slegs aan dat die hoofsaak van die koninkryk die heerskappy van God in Christus is (vgl I Kor 15:24).

Vervolgens is dit vir ons ook van wesenlike belang om te weet wat ons onder die prediking van die nabyheid van die Koninkryk moet verstaan (vgl die prediking van Johannes die Doper: Mt 3:2, en die prediking van Jesus: Mt 4:17), en wat die koms van die koninkryk beteken (Mt 12:28; Mk 9:1).

Dat dit belangrik vir ons doeleindes is, blyk uit die feit dat die Konsekwente Eskatalogie met Albert Schweitzer as argitek tot die konklusie geraak het dat die kerk die gevolg is van die uitbly van die koninkryk. Jesus sou dan die koninkryk verkondig het, maar wat gekom het, was die kerk (Ridderbos, 1972, p. 290-291). Aan die ander kant vind ons die Gerealiseer=
de Eskatalogie van Dodd wat volgens sy beskouing eenvoudig die koninkryk en kerk moés laat saamval, en soos T. van der Walt (1962, p. 6 voetnoot 30) aangetoon het, die verandering van God se volk (dit is tog die kerk) beskou het as die koms van die koninkryk. Verder wys Jonker (1977, p. 7) daarop dat dik=
wels gesê word dat die kerk 'n teken van die koninkryk is, spesifiek 'n gevulde teken. Van der Linde (1978, p. 9) beskou die kerk ook as teken van die koninkryk en daarom eie aan hier=
die bedeling, en sê: "Dit dui aan hoe naby die Koninkryk van die hemele is, en verdwyn as die koninkryk kom".

Ook op hierdie problematiek van die nabyheid en koms van die koninkryk kan ons nie volledig ingaan nie, en volstaan ons met

enkele standpunte om daarna te kom by die betekenis van die relasie koninkryk - kerk.

In 'n resensie van Snyman (1977, p. 176 e.v.) oor die proefskrif van T. van der Walt stel hy konkluderend: "Die Koninkryk, soos Jesus dit gesien en gepredik het as naby, is gerealiseer. Die koms van die Koninkryk val uiteen in 'n perfektum en 'n futurum, verbind deur 'n duratiewe praesens".

T. van der Walt (1969, p. 98 e.v.) sê: "Die koms van die koninkryk is soos 'n ellips: dit het twee brandpunte, die koms en die wederkoms van Christus; die eerste is die beslissende deurbraak, die laaste die finale voltooiing".

Waar Snyman, soos hierbo aangetoon, wel spreek van die koninkryk as deels gerealiseer, en daarby aansluit by Ridderbos (1972, p. 60-68, 99) wat die vervullingsaspek van die koms van die ko=ninkryk beklemtoon, blyk dit dat T. van der Walt (1962, veral p. 193 e.v.) die vervullingsaspek slegs sien as relasioneel, as deurbraak, as 'n soort antisipasie en as voorwerking.

Ons konklusie is dat die koninkryk van God 'n nabyheidsaspek en 'n vervullingsaspek het. Die nabyheid van die koninkryk beteken dat dit nog nie in sy volle heerlikheid teenwoordig is nie en nog nie in sy voleinding gekom het nie. Dit is egter so naby dat iets van die koninkryk reeds in vervulling gegaan het: die profesieë van die koms van Christus en sy Gees en sy onderdane het reeds gerealiseer. Alle profesieë is egter nog nie vervul nie, maar is besig om in vervulling te gaan totdat alles by die voleinding vervul sal wees.

Vanuit die koninkryk kan ons juis die kerk verstaan, en vanuit die kerk ewe-eens die koninkryk. Hulle wat die Koninkryk bely, daarvoor bid, daarvoor wag, vervulde profesieë in Christus en sy Gees sien, is die kerk, en hulle wat hulle in gehoorsaamheid onderwerp aan die koninkryk (dit is die heerskappy van Christus), kom in 'n besondere verhouding tot Christus as Hoof te staan. Hulle dan wat as kerk so verbind is aan Christus as Hoof ontvang die wysheid en geloofskennis om die openbaring van God in die

Skrif te verstaan, en in die Godsopenbaring gaan dit om die Koninkryk van God (Snyman, 1977, p. 140).

### 3.1.2 Die verhouding: Koninkryk - kerk

Oor die verband tussen Koninkryk en kerk is daar veel geskryf en ook veel verskil. Vir insig in die verskillende opvattinge oor dié verband, verwys ons na die volgende outeurs: Duvenage (1969, p. 113 e.v.); Spoelstra (1970, p. 44 e.v.); Bouwman (I, 1928, p. 54 e.v.); Van der Linde (1978, p. 2 e.v.); Snyman en Floor (1969, p. 36 e.v.); Jonker (1977, p. 7 e.v.); Küng (1967, p. 102 e.v.); Heyns (1967, p. 9-16); Snyman (1977, p. 197-198). Van der Linde (1978, p. 3) sê: "Ten spyte egter van die verskil van mening - selfs stryd - kan dié een gedagte: die heerskappy van God, deur, of in Christus, tog soos 'n goue draad gevolg word in die Koninkryksbegrip van die Nuwe Testament .... Dit gaan immers in beide (naamlik koninkryk en kerk - A. le R. du P.) om die heerskappy van God in en deur Christus en die gehoorsame onderwerping daaraan".

Spoelstra (1970, p. 46) wil die verhouding koninkryk-kerk ver= klaar vanuit die begrip "volk van God", wat die Ou en Nuwe Tes= tament saambind en waarin Jesus Christus as Messias sentraal staan "soos wat Hy ook sentraal in sowel die koninkryk as die kerk staan". Spoelstra (1970, p. 46 e.v.) kritiseer die stand= punt van Duvenage (vgl 1969, p. 113 e.v.) wat die uitgangspunt huldig dat die koninkryk ruimer as die kerk is. Duvenage ope= reer met die beeld van konsentriese sirkels. Christus is dan die middelpunt, die kerk is die enger sirkel en die koninkryk is die ruimer sirkel. Jonker (1977, p. 7 e.v.) kritiseer weer die standpunt van Heyns wat die kerk naas ander samelewingsver= bande soos die politiek en huis as gestaltes van die koninkryk, beskou. Met hierdie kritiek van Spoelstra en Jonker stem ons in, en verwerp ewe-eens, soos onder andere Ridderbos (1972, p. 307) en Küng (1967, p. 104 e.v.), ook identiteit tussen koninkryk en kerk. Insgelyks verwerp ons soos Jonker (1977, p. 7) die Rooms-Katolieke vereenselwiging van kerk en koninkryk en aan die ander kant ook die doperse skeiding daarvan.

Wat vir ons doeleindes van wesenlike belang is, is om die regte verhouding tussen koninkryk en kerk kortliks aan te dui.

In Matthéüs 16:18-19 blyk die noue verband tussen koninkryk en kerk. Ridderbos (1972, p. 290 e.v.) wys daarop dat Schweitzer selfs ekklésia in Matthéüs 16:18 wil vertaal met "basileia".

Dat dit in albei (kerk en koninkryk) gaan om die heerskappy van God in Christus, soos ons reeds aangetoon het, blyk nogeens uit die beskouing van Ridderbos (1972, p. 41), Spoelstra (1970, p. 47, 50) en Bouwman (I, 1928, p. 55). Laasgenoemde teken by Matthéüs 16:18-19 aan: "Doch daartegen is terecht opgemerkt, dat volgens Oostersche voorstelling een koninkrijk niet bestaat in een georganiseerd volk, maar in een heerschappij, en dat dus bij het koninkrijk Gods allereerst moet gedacht worden aan de heerschappij Gods, die een eeuwig Koning is".

Sodra ons in die Nuwe Testament die belydenis van Jesus as die Christus kry, dit wil sê die belydenis van sy Koningskap of sy heerskappy (vgl Snyman en Floor, 1969, p. 36) het ons die grond= slag van die kerk. Daarom sê Snyman (1977, p. 197-198): "Hier= op is die kerk gegrond vanaf Johannes die Doper, naamlik op die belydenis van die Koninkryk".

As die koninkryk van God verkondig word in die heidenwêreld on= der die Romeinse keiserheerskappy dan is dit nie meer die keiser wat as Kurios vereer word nie, maar dan is Christus die Kurios (vgl Duvenage, 1975, p. 124-128). Küng (1967, p. 104) sê: "in de verheerlijkte Kyrios word konkreet wat de godsheerschap= pij betekent waaronder de kerk staat".

Die kerk is nie doel opsigself nie, is ook nie die koninkryk nie en die koninkryk ontstaan ook nie uit die kerk nie (vgl Küng, 1967, p. 108 e.v.).

Die kerk is in diens van die koninkryk (vgl Küng, 1967, p. 112 e.v.). Die kerk is vrug van die koninkryk (vgl Ridderbos, 1972, p. 307).

Ridderbos (1972, p. 307) sê dat ons in die kerk 'n openbaring van die koninkryk het, en om hierdie rede sê Küng (1967, p. 112) is die kerk nie 'n voorstadium van die koninkryk nie, maar eerder 'n "voor-teken" van die definitiewe heerskappy van God.

Ons konkludeer dat die kerk gerealiseerde koninkryk is (Snyman, 1977, p. 198). Spoelstra (1970, p. 47) sê: "In so ver die koninkryk aanwesige heerskappy en die kerk gelowige mense is, is die kerk gerealiseerde koninkryk, want ten opsigte van die werking van die koninkryk buite die kerk, is die heerskappy ge= rigsmatig: "vernietig die werke van die duiwel en alle heer= skappy wat hom teen u verhef ..... totdat die volkomendheid van u ryk kom ....." (Son 48).

Ons het in die kerk op aarde reeds 'n ruimte of gebied waar= binne die heerskappy van Christus sigbaar is (Van der Linde, 1978, p. 9).

Die koninkryk het dus in die kerk waarmee Christus Hom kom ver= enig het, en waarin Hy sy Gees uitgestort het, gerealiseer. Andersyds het die koninkryk in die kerk 'n orgaan of instrument om sy heerskappy onder Hoofskap van Christus oor alles en almal te proklameer.

Die taak van die kerk is duidelik: dit moet diens lewer tot ge= hoorsaamheid en onderwerping aan die heerskappy van Jesus Chris= tus, die Koning, Hoof en Here (Kurios). Hy regeer immers; dit is 'n indikatief, maar vir die kerk is dit ook imperatief: om Christus se regering te proklameer, te vergestalt en te gehoor= saam. Waar dit gebeur is die koninkryk van God besig om te realiseer. Omdat Hy self egter die gehoorsaamheid gee, die be= lydenis in sy heerskappy en die gelowige onderwerping aan Hom, is Hy self besig om sy koninkryk te laat kom (vgl Van der Linde, 1978, p. 8).

In koninkryk en kerk gaan dit dus om die heerskappy en regering van God self in en deur Christus. Hy neem die kerk in diens, gee sy Gees en Woord, gee genadegawes en dienste, en op hierdie

wyse word gelowige mense dan ook as instrumente gebruik en be= kwaam gemaak om as mede-arbeiders van God (I Kor 3:9) mee te werk aan die regering van die kerk. Op hierdie sake wil ons vervolgens let.

## 3.2 Die reëling van Christus vir die regering van sy kerk

### 3.2.1 Regering in koninkryksperspektief

Vanweë die noue verband tussen koninkryk en kerk soos ons hier= bo aangetoon het, spreek dit vanself dat ons die regering van die kerk nie as doel opsigself mag verstaan nie. Die kerk is ook in sy werk van regering in diens van die koninkryk. Hoewel die kerk reeds 'n bepaalde realisering van die koninkryk is, daal die koninkryk nooit in sy volle heerlikheid in hierdie of toekomende bedeling in die kerk neer nie. Die kerk is slegs eie aan hierdie bedeling (vgl Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, vr en antw 54), en bid steeds tot die einde: "Laat U koninkryk kom" (vgl Mt 6:10 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 48). T. van der Walt (1962, p. 312) stel dit duidelik dat die koninkryk steeds die betekenende saak is.

Wie hom dus besig hou met die regering van die kerk, in woord of in daad, moet altyd die perspektief op die koninkryk behou. "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid ...." (Mt 6:33). Hierby teken Grosheide (1954, p. 109) veelbetekenend aan dat die woord "próton" daarop dui dat die kerk se hoogste prioriteit daarin moet bestaan dat hy koninkryksgerig, en nie aardsgerig (vgl Mt 6: 31-32) nie, moet wees. So blyk dit insgelyks ook in die woord "zéteite" (soek), 'n praesens impe= ratief, dat daar met volgehoue kragte en ywer gestrewe moet word na die koninkryk van God en sy geregtigheid.

Die motief in die kerkregering is om die kinders van God in hierdie wêreld te lei tot gehoorsaamheid en onderdanigheid aan sy heerskappy. Verder, om die Reg van God te handhaaf en te be= dien sodat almal wat glo in die koninkryk van God hulle hoe langer hoe meer sal onderwerp aan sy heerskappy (vgl Van der

Linde, 1978, p. 4-5 en Van der Linde 1978b, p. 41-45).

Hiervoor het Christus self na hierdie wêreld gekom, deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf as dié Ampsdraer (Van der Linde, 1978b, p. 43) wat deur sy diens (lyde, dood en opstanding) aan die eis van God dat aan sy ge=regtigheid voldoen moet word, voldoen het (Heidelbergse Kate=gismus, Sondag 6). So laat Hy die koninkryk van God kom. Van die begin van sy diens as Gesalfde van God af, maak Hy egter ook gebruik van die diens van mense om hierin mee te werk. Juis deur sy prediking van die koninkryk (Mt 4:17) is Hy besig om mense (die twaalf) rondom Hom te vergader, en so werk die koninkrykspredikіng kerkvormend - gelowige mense in diens! Na sy opstanding uit die dood, en 'n tyd waarin Hy met sy dis=sipels gespreek het "oor die dinge van die koninkryk van God" (Hand 1:3), gee Hy as Koning aan hulle die opdrag om diensbaar te wees in sy koninkryk en kerk (Mt 28:18-20; Jh 20:21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"; Hand 1:8).

Die koninkryk moet nog kom; deur Woord en Gees moet die kerk hulle hoe langer hoe meer aan God onderwerp, die kerk moet nog bewaar word, vermeerder word en die oorwonne vyand moet nog vernietig word (vgl Heidelbergse Kategismus, Sondag 48).

Bouwman (I, 1928, p. 63) wys daarop dat die kerk na die menslike sy onvolmaak en sondig is, en T. van der Walt (1969, p. 104) skryf: "Die tyd tussen koms en wederkoms is dan ook onteenseg=lik 'n tyd van spanning, 'n spanning tussen die "reeds" van die vervulling van God se beloftes en die "nog nie" van die vol=einding daarvan", en verwys na tekste soos 2 Petrus 3, Johannes 5:24 e.v., Romeine 6, 8 en Openbaring 6:10.

In hierdie bedeling het Christus as Hoof en Koning en Here dan reeds begin met die werk vir die koms van die koninkryk deur self te kom as Koning, deur Hom te kom verenig as Hoof met sy liggaam, deur op te staan uit die dood as die verhoogde Kurios, deur sy Gees uit te stort na sy troonsbestyging met sy hemel=vaart. Tog is die koninkryk nog nie in sy voleinding hier nie.

Hy self sal dit laat kom, en uit genade gebruik hy ook mense om hieraan diensbaar te wees - mense wat die Gees van God ontvang het (vgl Hand 2).

### 3.2.2 Die Heilige Gees in die regering van die kerk

Die pneumatiese gesigspunt op die regering van die kerk mag nooit gering geskat word nie. Eers nadat Jesus gesalf is deur die Heilige Gees met sy doop (vgl Mt 3:16 en Heidelbergse Kate= gismus, Sondag 12) begin Hy met ampswerk as die Christus. "Die doop is 'n groot datum in die koms van die koninkryk. Dit is die begin, op aarde, van die koninkryk waarvan daar geen einde sal wees nie (Lk 1:33)" (Snyman en Floor, 1969, p. 38). So bereik ons dan nog 'n belangrike datum in die koms van die koninkryk as die Heilige Gees met Pinkster op die kerk uitge= stort word. Eers daarna kon die apostels met hul ampswerk be= gin (Hand 1:8 en Lk 24:49), wanneer hulle toegerus is met krag uit die hoogte.

So word die Hoof (Christus) en die kerk in eskatalogiese lig gestel, want met die gawe van die Gees (eers op Christus met sy doop en dan aan die kerk met pinkster) gaan die profesieë in vervulling (vgl Jes 61:1 en Esg 36:27) en word die eindtyd be= tree. Deur die Gees is die kerk in staat om in gehoorsame on= derwerping aan die koning te lewe, om sy wet te onderhou en in die lig van die Woord te wandel. Sonder die Heilige Gees is geen ware kerkregering moontlik nie! (vgl Heidelbergse Kategis= mus, Sondag 21 en 48).

Die Gees is 'n gawe van die verhoogde Christus self aan sy kerk. Küng (1967, p. 192) verwys tereg na Handelinge 20:28 waar dit duidelik is dat die Heilige Gees die opsieners aanstel; dit is die Gees wat via die kerk kerkregtelike besluite neem (Hand 15:28), wat self opdragte gee (Hand 13:2 e.v.), wat mense stuur (Hand 13:4) en wat die getuienis van mense bevestig (Rm 8:14-17). Waar kerkregering te doen het met die opbou van die kerk, blyk dit dat geen opbou moontlik is sonder die Heilige Gees nie. Roberts (1963, p. 113) sê: "Die Heilige Gees tree hier by die

opbou van die gemeente op in 'n uit en uit eskatalogiese verband: nie alleen is Hy die eskatalogiese Gawe nie, maar Hy begelei ook die proses van opbou tot by die voltooiing daarvan in die eschaton ...."

In die handele van die Gees ondervind ons die "hoe?" van die handele van God of Christus (Roberts, 1963, p. 114). Christus en die Heilige Gees het as't ware een geword in hulle werk om aan die kerk die nuwe lewe te gee en daarvan is Christus self die bewys deur die eersteling te wees (I Kor 15:20) wat uit die dood opgestaan het. In I Korinthiërs 15:45-47 toon Paulus aan hoe Christus 'n lewendmakende Gees geword het.

As God dan mense in diens neem om mee te werk in die regering van sy kerk, is die opvallende dat dit eintlik maar God self is wat deur sy Gees werk: mense word deur die Gees toegerus sodat hulle in staat is om te kan meewerk. God gee nie net sy Gees as Gawe aan die kerk in sy geheel nie, maar ook met die Gees, geestesgawes of genadegawes aan enkelinge (vgl Küng, 1967, p. 207).

### 3.2.3 Die charismata en diakonia met die oog op die regering van die kerk

In die Nuwe Testament blyk dit baie duidelik dat Christus 'n permanente reëling getref het vir die regering van sy kerk. Hier verwys ons veral na die Skrifgedeeltes waar Hy as Gewer op die voorgrond tree soos Matthéüs 28:18-20 (as Opdraggewer), Johannes 21:15-17 (opdrag tot herderlike versorging), I Korinthiërs 12:28 (etheto), Romeine 12 (charismata), Efésiërs 4:8 (edóken domata) en I Korinthiërs 12:4-6 (charismata, diakonia en energémata). "Pneumatika" (I Kor 12:1, 14:1) kan as sinoniem met "charismata" beskou word (Conzelmann, 1973, p. 403 e.v.). In hierdie verband is van besondere belang Efésiërs 4:11 e.v. waar Christus die subjek van edóken is; oók I Korinthiërs 12:28 waaruit duidelik blyk dat God die diakonia en charismata juis "in die gemeente gestel" het.

Uit 'n ontleding van die begrippe: charismata en diakonia soos

dit veral in I Korinthiërs, Romeine en Efesiërs gebruik word, kan ons sien watter reëling Christus self vir die toerusting, versorging en regering van sy kerk getref het. Dit blyk dat Hy self 'n bepaalde kerkorganisasie gegee het.

Ridderbos (1966, p. 493) sê dat ons in die twee woorde charisma en diakonia, woorde het wat die geestelike toerusting van die kerk die beste karakteriseer: "het eerste als aanduiding van hetgeen Christus door zijn Geest in onderscheidenheid en vrij=heid aan de gemeente toebedeelt, het tweede als algemene kenschetsing van de wijze, waarop deze in de gemeente functio=neren".

Christus wil dat sy kerk opgebou word, (Ef 4:12) toegerus word (Ef 4:12) en sal opgroei na die Hoof (Ef 4:15). Dit is die doelstelling van die regering van die kerk. In hierdie verband is die betekenis van charisma en diakonia van wesenlike belang.

3.2.3.1 <u>Perspektief op die begrip: charisma</u>

Die woord "charisma" is 'n tipies Pauliniese term. Dit kom met uitsondering van I Petrus 4:10 slegs in die geskrifte van Paulus voor (vgl Visser, 1978, p. 23; Pop, 1965, p. 269). Dit is af=gelei van die grondstamwoord "charis" wat guns, genade beteken. "Die betekenis daarvan is: die genadegawe van God wat in die algemeen deur Hom meegedeel word en by uitstek van Hom kom, en primêr sien dit op die heil wat deur Christus verwerf is. Ver=der beteken dit die gawe (geskenk) wat aan 'n bepaalde persoon of in bepaalde omstandighede aan meer as een gegee is" (Visser, 1978, p. 23).

Küng (1967, p. 209 e.v.) stel tereg dat die herontdekking van die charisma 'n herontdekking van die spesifieke "Pauliniese ekklesiologie" is, en gaan dan voort om sekere wanopvattinge rondom hierdie begrip uit die weg te ruim.

Die <u>eerste wanopvatting</u> rondom hierdie begrip wat Küng (1967, p. 210-212) aan die kaak stel, is dat te veel klem gelê word op

die buitengewone verskynsels en te min aandag gegee word aan die alledaagse verskynsels daarvan.

Paulus het die sogenaamde buitengewone charismata soos glosso= lalie wat immers ook in die ekstatiese mistiek van die Helle= nisme voorgekom het, aanvaar (vgl Küng, 1967, p. 210). Tog ag hy die profesie veel belangriker (vgl I Kor 14). Paulus stel die dienskarakter van die charisma voorop; Küng (1967, p. 211) sê: "het echte charisma is niet eenvoudig daar waar een wonder is, maar daar waar dienst is: dienst vol verantwoordelijkeid tot opbouw, tot nut van de gemeente. Charisma is betrokken op de gemeente" (vgl ook Rm 12 en I Kor 12).

Dit blyk vervolgens uit die verskillende soorte charismata dat Paulus veral drie kategorieë charismata onderskei (vgl Küng, 1967, p. 213):

| | | |
|---|---|---|
| (1) | charismata van verkondiging; | hiertoe behoort die funk= sies van die apostels, profete, leraars en evan= geliste; |
| (2) | charismata van hulpverlening; | hiertoe behoort die funk= sies van die diakens en sekere vroue en weduwees; |
| (3) | charismata van leiding; | hiertoe behoort die funk= sies van veral die ouder= linge, herders en voor= gangers. |

Die <u>tweede wanopvatting</u> volgens Küng (1967, p. 214) bestaan daarin dat charisma as begaafdheid opgevat word in plaas daar= van dat die Pauliniese visie, dat charisma gegee word met die oog op hulp, leiding en bediening aan iemand anders, raakgesien word.

In die <u>derde instansie</u> blyk dit dat charismata nie beperk word tot sekere enkelinge nie, maar dat dit 'n algemene gawe aan elkeen is soos dit God behaag (vgl I Kor 12:7; I Pt 4:10) waar=

uit Küng (1967, p. 216) konkludeer: "Charismatische ordening sluit elke eenmanssysteem uit".

Uit hierdie gegewens blyk dat die "charisma" volgens die Hei=lige Skrif 'n ruimer begrip is as die begrip "diakonia" (Küng, 1967, p. 216), veral omdat die diakonia self een van die cha=rismata is, soos blyk uit Romeine 12:6-8 (Ridderbos, 1966, p. 497-498). Wie hom dus besig hou met die ampte in die kerk=regering, sal dit in gedagte moet hou.

Samevattend kan ons die volgende sê: Charisma is in sy wydste sin 'n roeping van God, gerig tot die individu, tot 'n bepaalde diens in die kerk; 'n roeping wat die mens tegelyk in staat stel om die diens te vervul (Küng, 1967, p. 218). Ten opsigte van die samehang van roeping, charisma en diens verwys ons na I Korinthiërs 12:4-6, Romeine 11:29 en I Korinthiërs 7:17. Lombard (1976, p. 12) wys daarop dat die norm by die beoefening van die charisma die liefde is, en dat die kriterium vir die effektiwiteit daarvan die opbou en toerusting van die kerk is. Ridderbos (1966, p. 497-498) stel tereg dat die charisma in die "diens" 'n vaste werksaamheid word, 'n reëling in die gemeente. So tendeer die charisma na die institusionele.

"Charisma's zijn dus de manifestatie, concretisering en indivi=dualisering van de charis, van Gods genademacht, die ons grijpt om ons te brengen tot dienen en ons juist zo ons individuele aandeel te geven in de heerschappij van Christus" (Küng, 1967, p. 219). Op hierdie wyse is die charismata in diens van die koninkryk van God.

In die laaste instansie moet ons nog daarop wys dat die klas=sieke teks wat aangehaal word vir die noodsaaklikheid van 'n kerkorde I Korinthiërs 14:40, die afsluiting is van Paulus se gedeelte (I Kor 12:14) oor die charismata. Dit word dus duide=lik dat die Gees en charismata juis eenheid en orde skep (vgl Küng, 1967, p. 219; J.C. Coetzee, 1975, p. 33-34).

3.2.3.2 <u>Perspektief op die begrip: diakonia</u>

Dit is algemene gebruik om die woord "diakonia" met "amp" te vertaal, en daarom praat mense van "ampsdraers". Spoelstra (1971, p. 31-32) waarsku teen die neiging om in die begrip "amp" 'n bepaalde waardigheid te sien asof 'n "ampsdraer" 'n sekere status beklee wat verkry word wanneer iemand dan soge= naamd toetree tot 'n abstrakte "amp". Hy sê verder: "In die eerste plek moet ons sê dat die Skrif nie weet van iemand wat tot 'n abstrakte "amp" gestel is nie - maar iemand is bepaalde= lik tot apostel, evangelis, profeet, diaken, herder, ouderling, opsiener, helper, of iets dergeliks geroep. Dit impliseer dat die terminus technicus elke amp omskryf - sodat daar nie 'n ge= meenskaplike begrip "amp" as waardigheid kristalliseer nie" (Spoelstra, 1971, p. 32).

Hierby moet verder ook in gedagte gehou word dat Paulus veral in Romeine 12, I Korinthiërs 12 en Efesiërs 4 nie die institu= sionele nie, maar die kwalitatiewe in die charismata voorop stel. Daar word byvoorbeeld nie gespreek van presbiters, episkope of diakens nie, maar wél van die charisma om leiding te gee, te help en barmartigheid te bewys. Die dinge wys daar= op dat wanneer sekere charismata aanduidinge is van bepaalde diakonia, die inhoudelike betekenis van die amp voorop gestel word (vgl Ridderbos, 1966, p. 496). Dit word duidelik dat 'n bepaalde amp nooit losgemaak mag word van die werk of diens wat dit as inhoud het nie.

Küng (1967, p. 216 en p. 444) wys daarop dat die hele Nuwe Tes= tament opvallend die wêreldse woorde vir amp, naamlik arché, time en telos, vermy omdat dit in alle gevalle 'n verhouding van heerskappy uitdruk. In plaas daarvan gebruik die Nuwe Testa= ment die woord "diakonia", diens. "De bijsondere positie en functie van een individu in de gemeente word omvattend om= schreven met een woord dat geen associaties kon oproepen met een of ander bestuurder, overheid, heerschappij, waardigheids- of machtspositie: met diakonia, dienst" (Küng, 1967, p. 445).

Die woord "diakonia" se verskillende betekenisse in die Nuwe Testament word duidelik aangedui deur onder andere Beyer (1968,

p. 87 e.v.) en Roberts (1976, p. 16-19). Wat vir ons van belang is, is dat dit dikwels gebruik word vir die vervulling van se= kere pligte of dienste in die kerk (Beyer, 1968, p.88). So praat Paulus van sy werk as 'n diakonia (Rm 11:13). Die per= soon wat die diakonia verrig, word aangedui as diakonos. Ten opsigte van die woord "diakonos" is daar ook verskillende be= tekenisse te onderskei: J.C. Coetzee (1967, p. 50) onderskei vier verskillende betekenisse, en dui aan hoe die woord "diakonos" onder andere die betekenis van 'n dienaar in die kerk van Jesus Christus het.

Wat telkens opval by 'n nadere beskouing van die woorde "diakonia" en "diakonos", is dat dit nie gaan om 'n persoon in 'n heersersposisie nie, maar dat dit juis gaan om diens in 'n gesindheid van liefde (vgl Beyer, 1968, p. 87).

Aan die begrip "diens" is die begrip "roeping" ten nouste ge= koppel (vgl Hand 13:2, 20:28). Spoelstra (1971, p. 33) sê on= der roeping "kan die begeerte tot 'n besondere diens (I Tm 3:1), die toerusting vir 'n diens (I Tm 4:14) ensovoorts, verstaan word". Wat van die charismata gesê is, moet ook van die dia= konia gesê word, naamlik "ook deze moeten opgevat worden als een roeping van God, gerig tot het individu, voor een bepaalde dienst in de gemeente; een roeping die tevens de mens tot deze dienst in staat stelt" (Küng, 1967, p. 451).

### 3.2.4 Die institusionele karakter van die kerk

Met hierdie perspektiewe op charismata en diakonia, staan ons voor die vraag of die Nuwe Testamentiese openbaring genoegsaam is sodat ons kan weet hoe die kerk regeer moet word. H. Berkhof (1970, p. 32) sê byvoorbeeld in die studierapport[1] dat die Nuwe Testamentiese openbaring oor die amp nie deur ons nagevolg

1) Wat is er aan de hand met het ambt? 1970 (vgl vir volledige besonderhede oor dié bron die bibliografie van teksverwy= sings).

kan word nie omdat ons situasie verskil. Hy meen ons moet vandag as't ware met die riglyne van die Skrifgegewens "op onze wijze naam en inhoud .... geven aan de ambtelike Christus-repre=sentatie die zich in het Nieuwe Testament bezig is veelvormig te constitueren". Berkhof meen verder dat die ampstruktuur volgens die Pastorale Briewe "in deze vorm wel niet van Paulus afkomstig zullen zijn", maar toestande van die tweede genera=sie weerspieël (a.w., p. 20-21); dat ons met die Nuwe Testamen=tiese gegewens geen leer aangaande die amp kan bou nie (a.w., p. 22); dat die ampte al meer op die voorgrond tree namate die "charismatiese gemeente daalde" (a.w., p. 26). Van Itterzon (1974, p. 51) toon aan dat daar oor hierdie en ander stellings van Berkhof skerp meningsverskil bestaan. Hiermee tas Berkhof die gesag en kanonisiteit van die Skrif aan.

Allereers moet ons die kanonisiteit en outentisiteit van die Skrif aanvaar "waaruit wel geen gedetailleerde kerkorde valt af te lezen, maar die voldoende duidelijke aanwijzingen geeft om als Kerk van Christus, mede door de ambten, in de wereld van vandaag dienstbaar te zijn" (Van Itterzon, 1974, p. 52, voetnoot 18).

Die Nuwe Testament is baie duidelik oor die regering van die kerk. Dit blyk duidelik, mede op grond van die perspektiewe hierbo oor charisma en diakonia dat dit twee begrippe is wat ons nooit teenoor mekaar kan stel nie. Dit sou 'n valse pro=bleemstelling wees, omdat die diakonia die kensketsing is van die wyse waarop die charismata in die kerk funksioneer (Ridder=bos, 1966, p. 495). Dat Paulus se ouer briewe soos I Korinthe en Romeine die charismata meer beklemtoon, en sy Pastorale Briewe weer die institusionele, dit wil sê die dienskarakter, voorop stel (vgl Herman Ridderbos, 1967, p. 20, 35, 36), mag ons nie tot wanopvattinge verlei nie, en moet in die regte per=spektief gesien word. "Anderzijds kan men evenmin zeggen, dat in de Pastorale brieven het ambtelijk instituut het vrije charisma heeft verdrongen .... I Tm 1:18; 4:14 ..... 2 Tm 1:6, 7" (Herman Ridderbos, 1967, p. 20-21).

Die Nuwe Testamentiese gegewens gee in die geheel 'n goeie beeld

van die kerklike organisasie weer soos dit alreeds teen die einde van Paulus se lewe bestaan het. Dan moet ons egter aan=vaar dat die Pastorale Briewe van Paulus 'n organiese afslui=ting is van Paulus se lewenswerk (vgl Herman Ridderbos, 1967, p. 36). Paulus het in aansluiting by die ander Nuwe Testamen=tiese geskrifte en gegewens van die begin af erns gemaak met die organisasie van die kerk onder leiding van bepaalde ampte. Van die begin af tref hy reëlings vir die toerusting en opbou van die kerk deur byvoorbeeld op sy eerste sendingreis ouder=linge te laat kies (vgl Hand 14:23). As hy sy brief aan die Filippense rig, dan spreek hy reeds die "opsieners en diakens" (Flp 1:1) aan. Oor die outentisiteit van Filippense bestaan min twyfel (vgl Guthrie, 1970, p. 526). Uiteindelik trek al die gegewens, soos blyk uit veral I Korinthiërs 12-14, Romeine 12 en Efesiërs 4:1-16, saam in die Pastorale Briewe wat 'n sterk amptelike karakter dra en 'n ge-ordende kerklike same=lewing weerspieël. Daar is geen rede waarom ons hoef te twy=fel aan die egtheid en kanonisiteit van die Pastorale Briewe nie. Vgl hieroor Guthrie (1970, p. 591 e.v.); Guthrie (1973, p. 24-32); Herman Ridderbos (1967, p. 19-21) en J.C. Coetzee (1975, p. 96 e.v.).

Per slot van rekening is dit nie Paulus as sodanig wat hierdie organisasie voorskryf nie, maar is dit die werk van die Hei=lige Gees (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 3; 2 Pt 1:21; 2 Tm 3:16). Daarom vind ons in Handelinge 20:28 dat die Heilige Gees self die opsieners aangestel het.

Dit is volkome begryplik dat ons in die Pastorale Briewe 'n meer afgeronde vorm van kerklike organisasie sal kry. Ons is hier by 'n oorgangstadium (Herman Ridderbos, 1967, p. 35); hier vind oordrag van die bediening plaas (I Tm 1:18-20); Paulus se tyd van heengaan is naby (2 Tm 4:6) en vanaf I Ti=motheus tot 2 Timotheüs, dit wil sê vanaf die jare ± 62-64 n.C. (vgl J.C. Coetzee, 1975, p. 102), is dit asof hy onder die be=sef daarvan besig is om finale reëlings te tref vir 'n goeie kerklike organisasie na sy dood (vgl ook Herman Ridderbos, 1967, p. 35). By die <u>oordrag</u> van die bediening, soos gestel,

kry ons dan veral in I Timotheüs bepaalde opdragte oor die ver= eiste gedrag in die kerk van Christus, en daarom is dit so be= langrik vir die kerkregering om na die kerklike voorskrifte in hierdie briewe te luister. Paulus sê aan Timotheus: "As ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God ...." (I Tm 3:15). Dit is volgens Herman Ridderbos (1967, p. 100) die sleutel van die Pastorale Briewe.

In die Pastorale Briewe waar die institusionele en die diakonia op die voorgrond gestel is, beklemtoon Paulus die goeie orde en gedrag in die kerk. Hy doen dit juis op 'n plek (I Tm 3:15) wat as die hoogtepunt van die Pastorale Briewe beskou kan word (Ridderbos, 1967, p. 100). Dit is vir ons van besondere be= tekenis, veral as ons in gedagte hou dat Paulus die gedeelte wat oor die charismata handel (I Kor 12-14), afsluit met die vaste en pertinente reël "laat alles welvoeglik en ordelik toegaan" (I Kor 14:40).

Goeie orde in die kerk van Christus word hiermee sterk beklem= toon. Genadegawes en dienste is deur God gegee sodat die kerk gebou kan word (vgl I Kor 14:3-5, 17, 26). Dit mag nie aanlei= ding gee tot onordelikheid nie, want die Gewer daarvan is die God van vrede en nie van wanorde nie (I Kor 14:33). Vrede met God bestaan alleen as die verhouding en gedrag tot God reg is (vgl Pop, 1965, p. 337). "Een kerkorde is dan ook geen over= bodige weelde, want zij behoedt de kerk voor verwildering en is gericht op haar opbouw" (Pop, 1965, p. 337, by I Kor 14:33).

Die groot waarde van I Timotheus 3:15 blyk onder andere uit die kommentaar wat daarby geskrywe is deur Smelik (1961, p. 59): "Wonderlijk, dat de eerste kerkenordening in de vorm van een door besorgdheid ingegeven improvisasie aan de Kerk geschonken wordt! Het is of een vaderlijke hand zich op haar legt, die vast en rustig leidt, zodat men weet, hoe men zich in Gods huis moet gedragen".

Die hele doel van I Timotheus is dat daar 'n bepaalde gedrag in die kerk moet wees (Guthrie en Motyer, 1972, p. 1172). Hierdie

gedrag is nie in die behoeftes van die praktyk gegrond nie, maar wel (1) in die gesag van die apostel self wat dit voor=skryf (Herman Ridderbos, 1967, p. 101) soos blyk uit I Timo=theus 3:14, 15a; (2) in die aard en wese van die kerk, naamlik dat dit God se huis en God se kerk is (I Tm 3:15); (3) in die roeping en taak van die kerk, dat dit 'n pilaar en grondslag van die waarheid is (I Tm 3:15). Om bogenoemde drie redes moét die gedrag in die kerk reg wees.

Dit lê buite die bestek van hierdie studie om al die gedrags=reëls in die kerk van Christus soos ons dit in die Nuwe Testa=ment vind, te noem en te behandel. Ons kan egter volstaan met die opmerking dat die kerk dit in die lig van Woord en Gees in sy vergaderinge raakgesien het, en dit deel van sy belydenis gemaak het dat die Here ons die geestelike bestuurswyse van die regering van sy kerk in sy Woord geleer het (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30-32).

Uitgaande van hierdie belydenis (art 30-32) het die kerke van die Reformasie van vroeg af probeer om 'n kerkorde saam te stel waarin al die Skrifgegewens oor die gedrag en orde van die kerk beliggaam is. Calvyn was byvoorbeeld daarvan oortuig dat sy voorgestelde wyse van kerkregering volgens Gods Woord was (Institusie, IV,1), en volgens die <u>Ordonnances ecclésiastiques</u> van Geneve van 1541, is die kerkorde "ontleend aan het Evange=lie van Jesus Christus" (vgl H. Bouwman, I, 1928, p. 240). Selfs die <u>Forma ac Ratio</u> van veral a'Lasco in London en ander vlugtelingkerke het ten doel gehad dat die apostoliese toestand van die kerk in die kerkregering weerspieël moes word (vgl Van Schelven, 1908, p. 306-317: dit was die opdrag van Eduard VI aan a'Lasco dat hy die kerk in London moes inrig volgens die apostoliese toestand).

Vanaf hierdie vroeë tye van die Reformasie het die verskillende kerkordes die verskillende gedragsreëls soos blyk uit die Skrif begin saamvat en orden. Eindelik het die Sinode van Dordrecht van 1578 daarin geslaag om 'n sistematiese indeling van ge=dragsreëls in die kerk te gee deur dit in ses hoofstukke in te

deel (vgl Rutgers, 1889, p. 235 e.v.). Die eerste sinode wat die woord "kerckenordeninghe" gebesig het, was die sinode van Middelburg, 1581. Hierdie sinode het dan 'n kerkorde van 69 artikels saamgestel wat in vier dele ingedeel was, (1) oor die dienste; (2) oor kerklike samekomste; (3) oor leer, sakramen=te en ander seremonies; (4) oor sensuur en kerklike vermaninge (vgl Rutgers, 1889, 339 e.v.).

Dit lê buite die bedoeling van hierdie studie om nou op al dié bepalinge in te gaan. As ons ons egter bepaal by die eerste twee dele van die kerkorde, by die dienste en kerklike samekom=ste of vergaderinge (vgl Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, art 1), is dit in die besef dat ons in hierdie twee dele soos in die ander twee dele basies te doen het met Skrifgegewens (konstitutiewe bepalinge) oor die orde en gedrag in die kerk.

Op hierdie wyse het ons dan te doen met die institusionele karakter van die kerk. In besonder wil ons verder let op die reëling van Christus met betrekking tot die diakonia, met toe=spitsing op die diakonia van regering. Verder wil ons aandag gee aan die Skrifgegewens oor die presbuterion. Daarna is dit nodig dat ons kyk na die bedoeling van Christus met hierdie reëling, en laastens moet die verhoudingsaspekte onder oë ge=neem word, byvoorbeeld die verhouding tussen Christus en die diakonia, tussen ekklésia en dienste (waaronder die presbute=rion).

### 3.2.5 <u>Drie dienste as reëling van Christus</u>

Geen diens of amp kan los van Christus verstaan word nie, want Hy is die Gesalfde van God, hoogste Profeet, enigste Hoëpries=ter en ewige Koning (Heidelbergse Kategismus, Sondag 12). Polman (s.j., p. 197) sê: "Al deze namen, Apostel, Meester, Leraar, Katecheet, Herder, Opziener, Diaken, worden aan de Here Christus gegeven, omdat Hij primair de Drager van al deze diensten is en alle anderen het alleen zijn door Hem". Hierby sluit Van Itterzon (1974, p. 11) aan deur te sê: "Elk ambt,

dat in de Christelijke gemeente zal kunnen gelden, moet zijn oorsprong, opdracht, volmacht en gezag ontvangen van Hem, die het Hoofd der gemeente is, Jesus Christus".

As Christus in Mattheus 28:20 die versekering gee: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld", dan beteken dit ook dat Hy as die eintlike Ampsdraer van die kerk in diens van God se Koninkryk, die kerk as Profeet, Hoëpriester en Koning versorg en bedien en regeer. Feenstra (1966, p. 340) sê dat Christus sy profetiese amp uitoefen deur die dienaars van die Woord; dat Hy sy koninklike amp uitoefen deur die ouderlinge, en dat Hy sy priesterlike amp uitoefen deur die diakens. Van der Linde (1978b, p. 45) beklemtoon dit dat die drie ampte in die kerk gekoördineer moet wees omdat aldrie ampte die opdrag het om Christus, as die enigste Amps= draer te vergestalt. Aldrie ampte is ook gewortel in die een amp van Christus. Daarom mag die ampte nie geskei word nie, maar slegs onderskei word. Tereg wys Spoelstra (1964, p. 5-6) daarop dat die ouderling in die uitoefening van sy diens nie net koninklik besig is nie, maar ook profeties en priesterlik. Netso is die diaken in sy werk ook profeties besig om Christus te verkondig en koninklik besig om teen die gevolge van die sonde te stry. Die predikant is ook nie net leraar nie, maar ook koning en priester.

Tog het ons hiermee aangetoon dat die diakonia van Christus in drieërlei dienste gedifferensieer het, en dat Christus van mense gebruik maak wat ook in drie permanente dienste diensbaar is aan Hom as die Hoof en aan die kerk as sy liggaam.

Dieselfde drieërlei differensiasie kan gesien word in die ver= skillende soorte charismata. Küng (1967, p. 213) wys daarop dat ons drie kategorieë charismata kan onderskei, (1) die charismata van verkondiging waar die lerende funksie dus op die voorgrond tree, en onses insiens uiteindelik permanent verge= stalting vind in die diakonia van die bedienaar van die Woord; (2) die charismata van hulp en barmhartigheid wat weer verge= stalting vind in die diakonia van die diaken; (3) die charis=

mata van regering en leiding en versorging wat gekonkretiseer word in die diakonia van die ouderling.

Hoewel hierdie drie funksies aanvanklik aldrie die taak van die apostels was (vgl Feenstra, 1966, p. 340; Van der Linde, 1965, p. 100; Bavinck IV, 1930, p. 319), mag ons nie die afleiding maak dat die dienste van ouderling, predikant en diaken slegs uit die nood van die omstandighede, of bloot om praktiese redes asof dit te veel was vir die apostels, ontstaan het nie. Van der Linde (1978b, p. 44) wys tereg daarop dat die drie ampte onder leiding van die Heilige Gees ontstaan. Spoelstra (1971, p. 27) sê ook op juiste wyse in hierdie verband dat die amps=differensiasie nie volgens behoeftes uit die kerk opgekom het nie. Dit is basies deel van God se grondplan vir die opbou van die kerk, en verder vestig hy die aandag daarop dat die amp van die apostels in dié opsig gelyk staan met die ander dienste deurdat dit ook van God gegee is en deur God ingestel is.

Dat die dienste 'n permanente reëling van Christus self is, en dat dit deur Hom ingestel is, blyk duidelik uit I Korinthiërs 12:28 en Efesiërs 4:11. "Etheto" (I Kor. 12:28) en "edóken" (Ef 4:11) staan albei in die aoristus wat daarop dui dat God self so 'n reëling getref het. In Efesiërs 4:11 blyk duidelik dat die "kai autos" wys op die verhoogde Christus wat as Koning na die hemel opgevaar het, en soos Roberts (1963, p. 143) dit stel: "vir sy gemeente 'n eenmalige reëling getref het wat bepalend is vir haar bestaanswyse in die gang van die geskiede=nis".

### 3.2.6 Die ouderling in die diens van regering

Omdat dit nie binne die bedoeling van hierdie studie lê om in te gaan op die drie ampte van predikant, ouderling en diaken nie, bepaal ons ons by dié ampte wat te doen het met die werk van opsig en regering. Dit sal ons dus eintlik bring by die amp van ouderling. Oor die amp van die bedienaar van die Woord sal slegs gehandel word insoverre dit te doen het met die rege=ringsaspek saam met die ouderlinge.

Dat die diens van ouderling 'n instelling van God is, het ons reeds behandel. Oor die vraag wanneer hierdie diens ingestel is, is daar veel geskryf en veel verskil (vgl hieroor Van der Linde, 1965, p. 58 e.v.; Bavink IV, 1930, p. 323 e.v.; Bouwman, I, 1928, p. 97 e.v.; p. 522 e.v.; Van Ginkel, 1975, hoofstuk I; Sillevis Smitt, 1910, p. 158 e.v.). Omdat dit vir ons doeleindes nie van wesenlike belang is nie, gaan ons nie verder hierop in nie.

Die ouderling word in die Nuwe Testament met verskillende name aangedui, naamlik presbuteros (Hand 20:17; Tt 1:5, ens.), episkopos (Hand 20:28; Tt 1:7, ens.) en poimen (Hand 20:28; I Pt 5:2). Die woord poimanein in Hand 20:28 en I Pt 5:2 ('n werkwoord) dui eintlik op die werk en hoedanigheid van die ouderling (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 74). Op hierdie woorde, en op die feit dat episkopos en presbuteros as sinonieme gebruik word, gaan ons ook nie verder in nie, omdat dit reeds op oortuigende wyse aangetoon is (vgl bv Van der Linde, 1965, p. 62 e.v.; J.J. van der Walt, 1976, p. 73-78, en veral voet=note 222 en 223 op p. 75 vir verdere bronne).

Wat vir ons van groot belang is, is om daarop te let dat die ouderling-amp 'n plaaslike amp is. Dit blyk die duidelikste uit Titus 1:5 waar Paulus vir Titus beveel om "van stad tot stad" ouderlinge aan te stel. So blyk dit ook uit Handelinge 11:30, Handelinge 14:23 en Handelinge 20:17 (vgl hieroor ook J.J. van der Walt, 1976, p. 78-79).

Met hierdie inleidende gegewens wil ons graag stilstaan by die werk of taak van die ouderling. Bouwman (I, 1928, p. 106) sê dat die eintlike taak van die ouderlinge die regering, opsig en tug oor die kerk is. Dit blyk uit die betekenis van die volgende woorde: kubernéseis (I Kor 12:28), prohistamenos (Rm 12:8 en I Ts 5:12), hégoumenoi (Heb 13:7), episkopein (Hand 20:28), epimelésetai (I Tm 3:5), proestótes (I Tm 5:17).

Uit hierdie woorde hierbo met teksverwysings blyk iets opval=lends, dat die inhoud of funksie van die ouderling tegelyk 'n

charisma is. Ons verwys na prohistamenos in Romeine 12:8 waar dit daar as 'n charisma aangedui word, terwyl dieselfde woord in I Timotheus 3:4, 5 voorkom en dui op die vereiste waaraan 'n persoon moet voldoen voordat hy tot die diens van ouderling verkies kan word. Wat God dus gee, vra hy ook weer. So vind die charisma om te regeer dan 'n konkretisering in die amp van ouderling (vgl Ridderbos, 1966, p. 508).

Bouwman (I, 1928, p. 108) kom na die behandeling van die woor= de soos hierbo aangehaal, tot die konklusie dat die werk van die opsiener daarin bestaan om die kerk te regeer en te ver= sorg. Dit blyk ook duidelik as ons kortliks let op die bete= kenis van enkele woorde soos hierbo aangedui.

Kubernéseis beteken letterlik "stuurmanne" van 'n skip, en staan nie toevallig in die meervoud geskryf nie. Die gawe om te stuur, te lei en te regeer is nie net aan een persoon gegee nie (vgl Küng, 1967, p. 216). Ridderbos (1966, p. 509) vertaal die woord met "bestuursqualiteiten". Beyer (1968, p. 1036) sê: "No society can exist without some order and direction. It is the grace of God to give gifts which equip for government".

Prohistamenos (prohistémi) beteken om aan die hoof te staan, om te lei, om te regeer met newe betekenis, besorg wees oor, sorg vir, help (J.J. van der Walt, 1976, p. 81). Reicke (1969, p. 701) sê prohistémi beteken meestal om te lei, maar dui ook op versorging, om te sorg vir. Met betrekking tot Rm 12:8 merk Reicke op: "Yet the whole passage is speaking of the gifts of grace imparted to different office-bearers, so that prohistamenoi are a special group separated by the Spirit for the primary task of caring for others (cf. antilémpseis, kubernéseis, 1 C. 12:28)". En ten opsigte van I Timotheus: "In I Tm again, where the verb and especially the participle occurs repeatedly, the ideas of guiding and caring are both present. In this case the reference is quite definitely to official leaders in the churches ..... and this agrees with the distinctive nature of office in the N.T., since according to Lk 22:26 the one who is chief (ho hégoumenos) is to be as

he who serves".

Hégoumenoi beteken leiers, hulle wat lei of regeer. Büchsel (1968, p. 907-908) verwys na die plekke in Hebreërs waar hier=die woord gebruik word, naamlik Heb 13:7, 17, 24 en dan dui op die leiers van die kerk. Met verwysing na 13:24 "Groet al jul=le voorgangers en al die heiliges", sê hy: "The community is obviously divided into those who lead and those who are led". Met verwysing na 13:17 toon hy aan dat die hégoumenoi 'n groep is aan wie die kerk gehoorsaamheid en onderdanigheid moet be=toon omdat hulle "pastors responsible to God" is. In Hand 15:22 word Judas Barsabas en Silas ook hégoumenoi genoem, en in Lk 22:26 word aangetoon dat die hégoumenos, hós ho diakonón moet wees; dus, nie 'n heerser nie, maar dienskneg in die werk van regering.

Episkopoi en poimanein word saam in Hand 20:28 gebruik. Hier=oor het Beyer (1968, p. 616) 'n paar belangrike opmerkings ge=maak, wat vir ons van belang is. Dit kom op die volgende neer:

(1) al die presbuteroi (Hand 20:17) word sonder uitsondering episkopoi genoem;

(2) "They are elders in status (not in virtue of their age but in virtue of their position and accreditation), and they are bishops in responsibility".
Dit is opmerklik dat hierdie verantwoordelikheid beskryf word in terme van poimanein, soos in I Pt 2:25 e.v. en 5:2 e.v.;

(3) dit is opmerklik dat hoewel daar verskillende ouderlinge in een gemeente was, nie een in besonder die leiding ge=neem het nie;

(4) hoewel die Heilige Gees hulle aangestel het, sluit dit nie hulle verkiesing uit nie. Vergelyk Hand 14:23;

(5) "Finally, it is important that according to the context their task consists in a watchful and solicitous (both

ideas are contained in episkopein) direction of the con=gregation".

Uit bogenoemde woorde met hul onderskeie betekenisse blyk dui=delik dat God in mense genadegawes gee wat tot diens van die hele kerk aangewend moet word. Hierdie mense stel Hy self aan in die amp van ouderling. Hulle werk is om te regeer, te lei, te versorg. Hierdie vermoë is voorwaarde vir die amp en te=gelyk ook die inhoud van die amp. Die wyse waarop die amp uitgeoefen word, is belangrik: nie heersers oor die erfdeel nie (I Pt 5:2), maar as voorbeelde; as herders; as diens=knegte; as ouderlinge wat rekenskap sal moet gee aan die Opperherder (I Pt 5:4); as rentmeesters van God (Tt 1:7). As sodanig moet die kerk waarin hulle dien, hulle onderdanig wees (Heb 13:17), hulle aan hulle onderwerp (I Kor 16:16), hulle erken (I Ts 5:12). So het ons dan in elke plaaslike kerk 'n aantal ouderlinge in gelykheid saam met mekaar as 'n raad (presbuterion, I Tm 4:14) wat die kerk regeer.

Dit is van belang dat ons enkele Skrifgegewens nagaan oor die bestaan van die <u>kerkraad</u> of, soos dit in I Tm 4:14 genoem word, presbuterion. Van der Linde (1965, p. 95 e.v.) sê ten opsigte van die regering deur die ouderling: dit is "duidelik dat die regering nie net by een of by elke ampsdraer afsonder=lik berus nie, maar by almal saam as 'n kollege", en kom tot die konklusie (met beroep op Bouwman, II, 1934, p. 103) "dat daar in elke plaaslike kerk 'n kerkraad moet wees as instel=ling van Christus en dat die kerkregering in die eerste plek by die kerkraad berus".

Dat daar in die apostoliese tyd so-iets soos 'n kerkraad, 'n kollege van ouderlinge bestaan het, blyk byvoorbeeld duidelik uit die volgende Skrifgegewens:

(1) In I Tm 4:14 vind ons die woord <u>presbuterion</u>. Bornkamm (1969, p. 666) sê in die Griekse letterkunde word dit altyd bedoel as 'n liggaam, 'n raad; op p. 654 sê hy: "Elsewhere the term occurs only in Christian writings in

the sense of a "college of elders" a. for the chief Jewish court in Jerusalem (usually sunédrion) at Lk 22:66; Ac 22:5 (undoubtedly a Hellenistic Jewish and not just a Christian term), and b. for the council of elders in Christian congregations, so I Tm 4:14". Ridderbos (1967, p. 125) teken hierby aan dat die woord dui op "de raad der ouderlinge op een bepaalde plaats".

(2) In Hand 14:23, Flp 1:1, Tt 1:5, Hand 20:17; 15:2; 21:8, I Tm 5:17 en I Pt 5:1 word konsekwent die meervoud "ouderlinge" gebruik. Ridderbos (1967, p. 258) teken by Tt 1:5 aan waar dit staan dat Paulus van stad tot stad ouderlinge (mv.) aangestel het, "Het meervoud geldt onge= twijfeld niet van alle steden tesamen, maar van iedere stad afzonderlijk en kan zelfs op een ouderlingecorps, een presbyterium of kerkeraad wijzen".

(3) In 3 Jh :9 e.v. blyk dit juis dat 'n ouderling in gemeen= skap met ander ouderlinge in die plaaslike kerk moet werk, want daar het ons die voorbeeld van alleenheerskappy deur een ouderling, naamlik Diotrefes wat "onder hulle die eerste wil wees", en toe vermaan is. (Vgl hier verder J.J. van der Walt, 1976, p. 78; Huijser, 1959, p. 14).

(4) In Hand 21:18 lees ons van die ouderlinge wat by Jakobus se huis teenwoordig was. Bruce (1977, p. 429) sê: "there may well have been seventy of them, constituting a sort of Nazarene Sanhedrin, with James as their president". So dink Huijser (1959, p. 11) ook hier aan 'n kerklike kol= lege te Jerusalem onder leiding van Jakobus (vgl ook Van der Linde, 1965, p. 96-97).

(5) In Heb 13:24 word onderskei tussen "voorgangers" en "heiliges" waarby Büchsel (1968, p. 907-908) dink aan die kerkraad as groep in die midde van die plaaslike kerk, want "voorgangers" sien op die kerkraad, en die "heiliges" is die plaaslike kerk.

Uit hierdie gegewens het ons bevestiging van die konklusie van

Van der Linde, soos hierbo gestel. Bouwman (II, 1934, p. 104) sê tereg dat die kerk sonder 'n kerkraad sy regte gestalte nie kan openbaar nie. "Een kerkeraad is voor de rechte institusie der kerk beslist noodig".

Die ouderling as regeerder en leier staan afsonderlik en saam as kerkraad in 'n bepaalde verhouding tot Christus as Hoof en tot die kerk as liggaam van Christus. Op hierdie belangrike saak wil ons ingaan nadat ons eers gelet het op die bedoeling van die charismata en diakonia (waaronder die ouderling en kerkraad) soos Gods Woord dit aan ons openbaar.

## 3.3 Die bedoeling van Christus met die reëling vir die regering van die kerk

In die hele voorafgaande gedeelte, 3.2 met onderafdelinge, het ons ons bepaal by die reëling wat God self in Christus en die Heilige Gees getref het vir die regering van sy kerk. Ons het probeer om 'n bepaalde lyn in ons uiteensetting vas te hou, naamlik dat die regering van die kerk primêr die werk van God self is, en dat Hy in en deur Christus ook mense in sy diens roep - mense wat met die Heilige Gees toegerus word en gawes ontvang vir die diens van regering. In hierdie verband het ons ons veral beroep op Ef 4:11 waaruit geblyk het dat dit die verhoogde Christus self is wat as Koning en Hoof van die kerk 'n vaste reëling getref het vir die regering van die kerk (vgl 3.2.5).

Nou wil ons aandag gee aan die bedoeling van hierdie reëling van Christus. Die vraag na die doel van kerkregering is vir ons van wesenlike belang, omdat ons studie afstuur op die vraag of die bedoeling wat Christus self gestel het vir die regering van sy kerk, verwesenlik kan word as elke plaaslike kerk onafhanklik van ander kerke besig is met die regering van die kerk. In die laaste hoofstuk sal ons dan uiteraard hierop terugkom.

Intussen is die gegewens van Ef 4:11-16 ten opsigte van die doel van kerkregering relevant, maar voordat ons daarby stil=

staan, moet die primêre doel van kerkregering eers soos volg beskryf word:

In die kerkregering gaan dit primêr om God self; dit gaan om sy koninkryk, dit wil sê om die vrywillige en blymoedige onder=werping aan die heerskappy van God (vgl Van der Linde, 1978, p. 10). Daarom gaan dit in kerkregering eerstens om Christus, die Hoof van die kerk, want Hy heers en regeer self sy kerk.

Hieruit volg vanself dat dit in die kerkregering ook om die liggaam van Christus gaan. Die kerkregering wil nie net diens aan Christus lewer nie, maar deur die diens aan Hom, word ook diens gelewer aan die liggaam van Christus, die kerk.

Met die kerk as 'n subjek en objek van kerkregering is dit be=langrik dat ons die gegewens van veral Ef 4:11 e.v. onder oë sien, want daarin is Paulus onder andere besig met die kerk as subjek en objek van die kerkregering.

In Ef 4:11-13 sê Paulus: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as .... om <u>die heiliges toe te rus</u> vir hulle dienswerk, tot <u>opbouing van die liggaam van Christus</u> totdat ons almal kom tot die <u>eenheid van die geloof</u> ...." (ons kursiveer). Grosheide (1960, p. 67) sê vers 12 bevat die bedoeling van Christus se gawes, en dat hierdie doel die georganiseerde kerk raak.

Daar is verskil onder eksegete oor die koördinasie van bysinne in Ef 4:12 (vgl hiervoor: Roberts, 1963, p. 130 e.v.). Ons stem egter saam met die eksegese van Roberts wat hy as die juiste beskou. Dit hou in dat die bysinne ongekoördineer, maar telkens afhanklik van die voorafgaande is. "Hiervolgens het die gawes van Christus ten doel die toerusting van die hei=liges ter verrigting van 'n dienstaak wat weer as doelwit het die opbou van die liggaam van Christus" (Roberts, 1963, p. 134-135).

Met betrekking tot vers 13: "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof .....", merk Grosheide (1960, p. 67) op

dat die einddoel van die voorafgaande (dit is dat Christus gawes gegee het tot toerusting en opbou van die kerk as doel) die eenheid van die geloof is. Hy wys daarop dat katantaó, kom tot, bereik, kom tot einddoel, beteken.

Om dit saam te vat, kan ons sê dat Christus self die gawe van onder andere regering in sy kerk gegee het, en dat die doel van die regering die toerusting (katartismos) van die kerk is. Die doel van die toerusting is weer die opbou (oikodomé) van die kerk. Die einddoel van dit alles is gemik op die eenheid van die geloof, wat volgens Ef 4:5 reeds 'n feit is.

### 3.3.1 Katartismos as doelstelling by die kerkregering

Katartismos is afgelei van katartitsein wat weer 'n samestel= ling van kata en artios is. Delling (1968, p. 475-476) ken tweërlei betekenis toe aan die werkwoord katartitsó, naamlik (1) orden, herstel, reël, en (2) toerus of uitrus. Hy wys ook daarop dat artios: geskik, reg, korrek, om aan vereistes te voldoen, beteken (p. 475). Roberts (1963, p. 159) sê in hier= die verband: "katartismos is dit waardeur iets of iemand in staat gestel word om te doen wat daarvan verwag word ....... byvoorbeeld deur oefening op opleiding ...... Christus het gawes gegee ter toerusting van die heiliges. Doel van die gawes is met ander woorde voorsiening in 'n bepaalde behoefte van die heiliges waardeur hulle in staat gestel word om doel= matig hulle taak uit te voer ...."

In Ef 4:11 e.v. blyk dit dan duidelik dat Christus bepaalde gawes, naamlik dienste in die kerk gegee het met die doel dat hulle die kerk kan toerus vir hulle dienswerk. Die verskillen= de charismata en diakonia is dus gerig op een gemeenskaplike doelstelling, die toerusting van die heiliges (die kerk). Die dienste vorm 'n eenheid soos blyk uit die feit dat dit die een Hoof, Christus is wat dit gee vir die toerusting van sy een liggaam, die kerk.

Wat dus gesê word van die regeerders, die ouderlinge as raad,

geld netso vir al die ander ampte.

"Dieselfde doelstelling tree in Ef 4:16 op wanneer die gen. obj. epichorégias aan dia pasés hafés verbind word. epichorégia het die betekenis van voorraad, voorsiening. Soos in die ge= val van katartismos, word hier gedui op 'n aanvulling van die behoefte - en blykens die verband (die as organisme fungerende liggaam) is die bedoeling ook hier die voorsiening in die be= hoefte met die oog op 'n doelmatige funksionering. Die ver= bindende hafai in die liggaam is die kanale waardeur die be= voorrading plaasvind van alle dele ..." (Roberts, 1963, p. 159).

Die woord epichorégia beteken voorraad, voorsiening (Roberts, 1963, p. 159), en "hafai" wat afgelei is van haptó (vasbind) het die medies-tegniese betekenis van band of ligament (Roberts, 1963, p. 140).

Samevattend kan ons die volgende stel: Christus is as Hoof eintlik die "Hooforgaan", die eintlike Ampsdraer, wat sorg vir die toerusting van die liggaam, die kerk. Die kerk kan alleen vanuit die Hoof lewe, en het ook die roeping om in Hom op te groei (Ef 4:15-16). Om hierdie rede het Christus in die lig= gaam (kerk) sekere organe of ampte gestel wat kan sorg vir die deurgee van die lewe in Christus. In dié werk van voorsiening (epichorégia en katartismos) het die dienste (hafai) dan hul eintlike taak; hulle moet as lede van dieselfde liggaam diens= baar wees om Christus te bedien aan die liggaam van Christus; hulle is die kanale waardeur die bevoorrading van die hele plaaslike kerk plaasvind (vgl ook J.J. van der Walt, 1976, p. 62-63).

Dit sou onvolledig wees as ons nie ook wys op die Nuwe Testa= mentiese gegewens wat handel oor die volmaakte instrument of middel in die hand van die ouderlinge om hul werk tot toerus= ting van die kerk, te verrig nie. Dit gee dan meteens ook 'n wyer perspektief op die woord: katartismos. Dit bring ons by 2 Tm 3:16-17: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nut= tig tot lering ........ sodat die mens van God <u>volkome</u> kan

wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (die gekursiveerde woorde is in Grieks: artios en exértismenos).

Hier word tegelyk die vrug en doel van die bediening van die gesagvolle en onfeilbare Woord van God aan ons voorgehou: die volkome toerusting van elke "mens van God" (Ridderbos, 1967, p. 321-232). Geen toerusting kan buite die Woord van God om geskied nie, en dit geld volgens Guthrie (1973, p. 165) vir sowel die een wat die Woord bedien as vir dié wat bedien word.

Om hierdie rede het die kerkregering slegs te doen met die Woord van God; dit moet verkondig word, bedien word, toegepas word en gehoorsaam word. Jonker (1965, p. 8 e.v.) beklemtoon die plek van die Woord in die kerkregering tereg as hy onder andere sê: "Omdat Christus die enigste Hoof van die kerk is, kan en mag alleen die Woord van God in die kerk heers ....... Al funksie wat die mens in die regering van die kerk kan beklee, is regstreekse of sydelingse bediening van die Woord". Van der Linde (1965, p. 106) beroep hom op die aangehaalde teks hierbo, 2 Tm 3:16-17, as hy hom uitspreek oor die hoofdoel van kerk=regering: "Die kerkregering self is dan ook diens van die Woord daarin dat dit die Koningskap van die Christus oor die kerk deur sy Woord tot 'n werklikheid laat word. In hierdie sin kan die hoofdoel van kerkregering in die woorde van Paulus aan Timotheus, saamgevat word ....." (vgl dan 2 Tm 3:16-17).

Dit blyk verder uit Heb 13:21 en 2 Kor 13:19 dat die toerusting van die kerk ook 'n saak van gebed is. En in 2 Kor 13:11 (katartitsesthe, 'n praesens imperatief) is dit duidelik dat die kerk hulle ook moet laat toerus.

Ons samevatting oor katartismos as doel van die kerkregering is dat dit perspektief gee op die amp van die ouderling. Toerus=ting is primêr "'n binne-gemeentelike taak" (Roberts, 1963, p. 151). Christus is die eintlike Regeerder wat deur die diens van mense sy kerk toerus, en daarom is sy Woord onontbeerlik in die vervulling van die doelstelling. Sonder die gebed en ge=hoorsame onderwerping deur die kerk aan die Woord en aan die

diens van die regering, kan dit geen vrugte afwerp nie.

### 3.3.2 Oikodomé as doelstelling by die kerkregering

Soos gestel by 3.3 waar ons op grond van Ef 4:11 e.v. 'n drieërlei doelstelling van die regering van die kerk wil aflei, kom ons nou by die tweede doelstelling van die kerkregering. Die eerste en onmiddellike doelstelling was die toerusting van die kerk deur die ampte waaronder natuurlik ook die regeeramp. Hieruit voortvloeiend is die bedoeling van die toerusting gemik op die opbou van die kerk as liggaam van Christus. Dit is dan die tweede ewe belangrike doelstelling. Paulus sê: "..... om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus ...." (Ef 4:12).

Netsoos die taak van toerusting nie net die werk van die regeerouderling is nie, so is die opbou van die kerk ook nie net die werk van die ouderling nie. Dit is immers ook nie slegs die werk van die "besondere ampte" nie, maar van die hele kerk met insluiting van al die dienste (vgl Ef 4:11-16).

Oor hierdie feit dat die hele kerk subjek en objek van die oikodomé (opbou) is, handel Roberts (1963, p. 161 e.v.) indringend. Hy (Roberts 1963, p. 162) sê: "In Sy (Christus - A. le R. du P) heerskappyvoering oor alle dinge en oor die geskiedenis, laat Hy die opbou van sy gemeente deur die instrumentering van die hele gemeente .... tot stand kom. Ook die instrumente wat Hy as gawes ter toerusting aan die gemeente skenk, staan in die lyn van die opbouwerk ......" Hieruit blyk dus dat die ouderling as regeerder direk en indirek moet meewerk aan die opbou van die kerk.

Op die vraag wat ons onder "opbou" moet verstaan, gee Roberts in sy proefskrif soos volg antwoord (hy handel slegs oor die opbou van die kerk volgens die Efese-brief):

(1) Dit gaan vir hom in die eerste plek om die "bybou" van die heidene in die volk van God (vgl Roberts, 1963, p. 163-169);

(2) Dit gaan vervolgens in die opbou van die kerk om die "groei" van die liggaam, soos duidelik blyk uit Ef 4:13-16. Roberts (1963, p. 178) beweer: "In vs 14v (Ef - A. e R. du P.) gaan dit klaarblyklik daarom dat almal wat - deur hul koms tot die geloof en daarmee tot die gemeente - lede is van die lig= gaam van Christus, van die volmaakte man, in die hic et nunc van die eskatalogiese tyd begrepe is in 'n proses van wording, verandering, groei - ontgroeiing van die kinderstadium van népioi waarin die dwaling heers". Die kerk word dus opgebou wanneer die waarheid van die Evangelie hoe langer hoe meer in= dring en konsolideer in hulle wat tot geloof gekom het.

Naas hierdie gegewens in die Efesiër brief waarop Roberts kon= sentreer, is daar ook in die res van die Nuwe Testament soort= gelyke konsentrasie op die boubeeld van die ekklésia (vgl Mt 16:18 " ... op hierdie rots sal Ek my gemeente bou"; Hand 9:31; 20:32). Die bou-beeld bly egter besonder tipies van Paulus se briewe. Op hierdie hele saak kan ons nie ingaan nie (vgl hier= oor: Ridderbos, 1966, p. 479 e.v.; Roberts, 1963, p. 30 e.v.; Michel, 1968, p. 140 e.v.).

Wat vir ons egter van belang is, is dat die opbou van die hele liggaam van Christus 'n doelstelling van die kerkregering is, en dat die Here "terwille van deze opbouw" die kerk toegerus het "met allerlei gaven en kragte, die Hij in haar dienst stelt, alsmede met verschillende soorten van bedieninge, die haar op= bouw moet bevorderen" (Ridderbos, 1966, p. 483). Vervolgens moet ons weet dat Christus self die kerk opbou (Mt 16:18). Verder is die "opbou van die ekklésia" 'n heilshistoriese han= deling van God deur die geskiedenis heen. Dit blyk byvoorbeeld uit die gebruik van die woord "ekklésia" (die universele kerk) in Mt 16:18 (vgl hiervoor 2.3.1 van hierdie verhandeling). Roberts (1963, p. 31) sê: "Op die hoogtepunt van sy betoog (verwysend na I Kor 3 - A. le R. du P.) voer Paulus om hierdie heilshistoriese aspek van die ekklésia in die lig te stel, die beeldpaar van plant en bou in ....... soos in die Ou Testament, is die bou-beeld uitdrukking van die heilsame handele van God met sy volk. Die Korinthiese gemeente is gemeente van God, is

die gebou wat God besig is om op te trek".

Ons konklusie is dus dat dit by oikodomé as doelstelling van kerkregering dit nie net gaan om die plaaslike kerk nie, maar beslis ook om die universele kerk. Kerkregering het dan sonder twyfel ook te doen met die "hele gebou" (Ef 2:21) en met die "volle grootte van Christus" (Ef 4:13) (vgl hieroor verder Roberts (1963, p. 168 e.v.; p. 175-176). Die plaaslike kerke kan dus in die kerkregering nie onafhanklik van ander kerke en alleen die opbou van die hele liggaam verrig nie. Hulle is interafhanklik van mekaar en vorm 'n eenheid in Christus. (In hoofstuk 4 gaan ons volledig hierop in).

### 3.3.3 Die eenheid van geloof as doelstelling van kerkregering

Paulus toon aan dat Christus die dienste gegee het (ook die diens van regering, soos ons aangetoon het onder 3.3.1) "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God" (Ef 4:12-13).

By 3.3 het ons beweer dat die einddoel van toerusting en op=bouing gemik is op die eenheid van die geloof, wat volgens Ef 4:5 reeds 'n feit is, 'n indikatief.

As ons beweer dat "die eenheid van die geloof" 'n doelstelling van kerkregering is, moet ons eers die vraag beantwoord wat ons daaronder verstaan. Wat beteken "henotéta tés pisteós"? Roberts (1963, p. 120) wys daarop dat die begrip henotés in die Nuwe Testament slegs in Ef 4:3 en 13 voorkom, en eenheid of unie, beteken: "Wat hier beklemtoon word, is die unie waarin die gelowiges in Christus saamverbind is en waarbinne hulle in die praktyk deur die werk van die Gees intree" (p. 120, voet=noot 1). "Hier in 4:13 dui henotés eweneens die unie van ge=lowiges aan, die geloofsunie van die nuwe volk van God" (Roberts, 1963, p. 171). Ons konkludeer dus dat "die eenheid van die ge=loof" dui op die ekklésia, die volk van God, wat enersyds 'n gegewe eenheid is (Ef 4:5), en andersyds iets is waartoe nog

gekom moet word (Ef 4:13 "katantésómen").

Dat die eenheid ook nog 'n imperatief vir die kerk is, blyk byvoorbeeld uit die werkwoord katantaó. "Die begrip katantaó beteken om tot 'n bepaalde doelstelling te kom, om dié doel= stelling te bereik .... In katantaó het ons nie met 'n ontiese, nie met 'n syns- of met 'n 'wordingskategorie' te doen nie, maar met 'n 'ruimtelike'" (Roberts, 1963, p. 170).

Ons kan konkludeer dat die opbou van die kerk sal voortduur totdat die resultaat bereik is, totdat die uitverkorenes toegetree het tot die eenheid van die Godsvolk, totdat die universaliteit van die kerk ten volle gerealiseer is in almal wat God in Christus uitverkies het om te behoort tot sy volk (Roberts, 1963, p. 173). Kerkregering is dus ook gerig op hierdie doelstelling. Hiertoe moet dit diensbaar wees.

Hierdie eenheid moet vanuit die gegewe eenheid in Christus, ook onder leiding van die ouderling in sy regeeramp bewerk word en bewaar word. Vanuit hierdie perspektief op die kerk as eenheid in universele sin as volk van God, waarin Jode en hei= dene een in Christus is, moet ons ook die gebeure in Hand 15 beskou. Op hierdie stelling sal ons verder ingaan in die vol= gende hoofstuk.

Voordat ons dieper ingaan op die ekklésia as 'n eenheid en op die problematiek van Hand 15, moet ons eers aandag skenk aan sekere verhoudingsaspekte, naamlik die verhouding tussen Christus en die dienste van dié tussen kerk (ekklésia) en kerkraad (presbuterion).

## 3.4 Verhoudingsaspekte

### 3.4.1 Die verhouding: Christus - amp

In die lig van wat gesê is onder 3.3.1 hierbo, handel ons slegs kortliks oor die verhouding tussen Christus en die amp van ouderling. In 3.3.1 het ons stilgestaan by die betekenisse van

katartismos en epichorégia, en aangedui dat die ampte (waaron= der die regeeramp) soos organe (hafai) in die liggaam is wat moet sorg vir die bediening van Christus as Hoof aan die lig= gaam. Die ampte gee toerusting (katartismos) en sorg vir die voorsiening (epichorégia) van die behoefte aan elke lid van die liggaam. So is die dienste instrumente van die Hoof wat Hy in diens geneem het vir die toerusting en opbou van die kerk. "Christus, met nadruk in Ef 4:11, gee die ampte. Dit kom nie uit die kerk self op nie" (J.J. van der Walt, 1976, p. 61). Van der Linde (1965, p. 42-43) beklemtoon dieselfde feit deur te stel: "Die amp kom uit Christus op. Daarom is die amps= draers tegelyk dienaars van God in Christus en dienaars ten be= hoewe van die kerk ..... die organe waardeur Christus sy gesag in die kerk uitoefen. Die kerk skep hierdie amptelike organe nie self nie, maar ontvang dit".

### 3.4.2 Die verhouding: ekklésia - presbuterion

Weer kan ons terugverwys na 3.3.1 hierbo as ons wil handel oor die verhouding tussen ekklésia en presbuterion. Oor die pres= buterion het ons ook reeds gehandel by 3.2.6 en aangetoon dat die ouderlinge saam 'n raad of kollege vorm as regeerliggaam.

In die lig van die gegewens in Ef 4:11 e.v. soos gestel onder 3.3.1 blyk dit dat die ampte die organe (hafai) in die liggaam van Christus is. "Die plek van die kerklike ampte is in, as deel van, die gemeente. As organe bedien die ampte in die lig= gaam van die kerk die gawes waarmee Christus die ampsdraers toerus. Met hierdie gawes moet die ampsdraers weer die gemeente toerus" (J.J. van der Walt, 1976, p. 61). Roberts (1963, p. 160) sê self dat die hafai (ampte) uiteraard by die gemeente ingesluit is, maar sê aan die ander kant verkeerdelik op p. 138 en p. 143 dat die ampte in 'n posisie "teenoor" die gemeente gestel is in die uitvoering van hulle funksie.

Die kerkraad kan nooit beskou word as 'n soort tussenganger tus= sen Christus en die kerk nie, en vorm nooit 'n selfstandige liggaam binne die liggaam van Christus nie, want dan sou Chris=

tus meer as een liggaam moes hê. Aan die kerkraad is juis in die een liggaam van Christus 'n besondere funksie verleen, om diens te lewer ter toerusting van die liggaam vir die dienswerk van die liggaam (vgl ook J.J. van der Walt, 1976, p. 62-63).

Ekklésia en presbuterion mag dus nie dualisties verstaan word nie, maar in organiese verband met mekaar gesien word vanweë die feit dat almal lede van die liggaam van Christus is. Aan die ander kant mag ons nie vergeet nie dat Christus self aan sommige lede bepaalde funksies of dienste gegee het met die oog op die ander lede van dieselfde liggaam (vgl Ef 4:11 e.v.; I Kor 12:28 e.v.). Teenoor die Gewer van hierdie dienste sowel as teenoor diegene wat met God se gawes bedien en toegerus moet word, dra die ontvangers van die gawes (byvoorbeeld die presbu= terion) 'n bepaalde verantwoordelikheid. Hierdie verantwoorde= likheid kan saamgevat word in die woord diens; meer spesifiek, diens van die Woord. Netso dra diegene wat bedien word 'n ver= antwoordelikheid, naamlik gehoorsaamheid; nie soseer gehoorsaam= heid aan die dienste as sodanig nie, maar gehoorsaamheid en on= derwerping aan die Woord wat bedien word. Op hierdie wyse word die "heiliges" (Ef 4:12) dan toegerus vir húlle dienswerk.

Ons eerste konklusie is dus dat gesien die feit dat die ouder= linge in hul diens van regering 'n presbuterion vorm (vgl 3.2.6), hulle 'n raad <u>in</u> die ekklésia is. In hierdie een liggaam van Christus het al die lede funksies om te vervul wat wel ook ver= skil na gelang die gawes van God (vgl Rm 12:6, Ef 4:16, I Kor 12:12-30). Om hierdie rede noem ons dan die verskil tussen presbuterion en ekklésia 'n <u>funksionele verskil</u>. Dit moet er= ken en eerbiedig word as besluit van God self, en verstaan word as die manier waarop die Hoof van die kerk, Christus sy kerk wil regeer.

Hiermee is alles egter nog nie gesê nie. Die funksionele ver= skil tussen die ekklésia en presbuterion het aanleiding gegee tot die vraag: wie dra die eintlike verantwoordelikheid? Of: wie het die meeste mag en gesag, die kerk of die kerkraad? Dit lyk of standpunte hieroor basies tussen twee pole beweeg met

nuanse-verskille tussen-in. Sommige meen dat die presbuterion eensydig net organe van die Hoof, Christus is, en andere meen dat die presbuterion eensydig organe van die plaaslike kerk is. (Vgl vir meer besonderhede hieroor: Van der Linde, 1965, p. 87-94; Bavinck IV, 1930 p. 375 e.v.; J.J. van der Walt, 1976, p. 63-73). Die eersgenoemde eensydigheid vorm die basis van die hiërargiese kerkregering, en die laasgenoemde eensydigheid "lei tot independentistiese ontkragting van die ampsgesag in die kerk" (J.J. van der Walt, 1976, p. 73). Binne die presbi= teriale kerkregering is daar egter ook nuanse-verskille oor die genoemde vrae: sommige, soos Herman Ridderbos (vgl Van der Linde, 1965, p. 88), meen dat die mag by die gemeente berus, terwyl die kerkraad die mag het om die gesag uit te oefen. Andere, soos Roberts (1963, p. 143) beskou diegene in die ampte as draers van die outoriteit van Christus in 'n posisie teenoor die gemeente.

Dit is 'n valse probleemstelling as gevra word: wie het die meeste gesag en mag, die kerkraad of die plaaslike kerk? Nóg die kerkraad, nóg die kerk het 'n posisie van gesag. Hulle het selfs nie eers gedelegeerde gesag nie, want Christus alleen het gesag. Hy alleen is die Hoof (Mt 28:18; Kol 1:18; vgl ook 2.3.2.1). Die verskil tussen die presbuterion en ekklésia lê daarin dat die presbuterion saam en afsonderlik as ouderlinge 'n groter en besondere verantwoordelikheid het. Van der Linde (1965, p. 87-88) sê tereg: "Die mag word ...... nie aan die persone wat die gesag uitoefen, verbind nie, maar aan die diens waarin hulle gestel is; dit is, aan die Woord wat deur hulle bedien word".

Dit is nie so dat Christus sy gesag oordra aan óf die kerk wat dit dan weer aan die kerkraad kan opdra vir uitvoering nie, óf regstreeks aan die kerkraad nie (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 61-62). Omdat Christus alleen heerskappy het, bly die outoriteit van die amp maar net bediening van die gesag van Christus, die Hoof van die liggaam (J.J. van der Walt, 1976, p. 64).

As Christus dus bepaalde dienste (diakoniai) in die ekklésia

stel, dan word daarmee aan sommige (byvoorbeeld die presbuterion) besondere werk opgedra. Omdat dit die werk van die Here is, het dit gesag, en insoverre moet dit gehoorsaam word. Van Itterzon (1974, p. 57) sê tereg: "Men zou kunnen zeggen, dat in alle om=standigheden het Woord, waar het recht bediend en met majesteite=lijk gezag bestraffend, verzoenend, vertroostend en sterkend wordt gepredikt, recht op gehoorzaamheid mag verwachten".

Hierdie feit dat aan 'n diakonia of episkopé (I Tm 3:1: "opsie=nersamp") nie 'n "gesagsposisie" nie, maar 'n bepaalde "werk" (ergon) in die ekklésia gekoppel is, blyk byvoorbeeld uit die volgende gegewens:

(1) As Paulus in I Tm 3:1 sê: "as iemand na 'n opsienersamp (episkopés) verlang, begeer hy 'n voortreflike werk (ergou)", dan is dit in die eerste plek van belang om op te merk: "Het was nog geen waardigheid, maar werk, nog geen rang, maar arbeid ..... Het woord "werk" (ergon) wordt gebruikt in onderscheiding van "dienst" (diakonia). Met "werk" wordt een bijzonder onderdeel van onze taak in het geheel van het gemeenteleven aangeduid. De diako=nia is meer de verantwoording tegenover God, waarmede wij arbeiden" (Smelik, 1961, p. 52). Behm (1968, p. 649) sê: "All ergon in the Christian community is finally God's work through men". Dus, die opsieners of presbuterion is nie gesagsdraers nie, maar instrumente van God om sy werk te doen in die ekklésia.

(2) Uit I Kor 16:15-16, 18, blyk dat "onderworpenheid" en "erkenning" nie net aan mense in die "besondere ampte" be=toon moet word nie, maar aan elkeen wat met die werk van die Here besig is in die ekklésia. Paulus sê dat die kerk van Korinthe hulle moet onderwerp aan mense soos Stéfanas (16:16) en aan elkeen wat saamwerk (sunergounti) en arbei. Stéganas was geen "ambtsdrager" nie (Grosheide, 1957, p. 442). Weereens is dit duidelik dat die ekklésia hulle moet onderwerp aan elkeen wat werksaam is in die diakonia van die Here, en nie net aan diegene wat in die besondere

ampte staan nie.

(3) Dat daar erkenning, gehoorsaamheid en agting betoon moet word aan "voorgangers" (vgl hier 3.2.6) "ter wille van hulle werk", en nie vanweë die feit dat hulle die posisie van "voorgangers" beklee nie, blyk duidelik uit I Ts 5:12-13.

Ons tweede konklusie is dat dit nooit 'n vraag behoort te wees wie die meeste gesag het in die liggaam van Christus nie. Die kerkraad en die plaaslike kerk buig te alle tye voor die gesag van die Hoof (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 71). Tweedens is ons van oortuiging dat die ekklésia nie inbegrepe is in die presbuterion nie, maar dat die presbuterion inbegrepe is in, en 'n eenheid vorm met die ekklésia (vgl I Kor 12:28: "<u>in</u> die gemeente"). Hierdie eenheid het in homself 'n verskeidenheid van dienste wat deur alle lede van die een liggaam erken en gerespekteer moet word as Goddelike gawes vir die toerusting en opbou van die kerk. Wanneer die kerkraad uitvoering gee aan sy God opgelegde opdragte, hetsy plaaslik of saam met ander kerke in geloofsgemeenskap, tree hulle nie op as "verteenwoordigers" van die kerk nie, maar "ten behoewe van die kerk" en in diens van Christus. Die bewys hiervoor lê daarin dat die plaaslike kerk nie in homself gesag het wat hy aan sy kerkraad sou kon oordra om hom daarin te "verteenwoordig" nie. Vervolgens lê die bewys hiervoor daarin dat die kerk nooit sy werk kan oordra aan die kerkraad nie omdat elke lidmaat sy eie besondere genadegawe en diens ontvang het. Netso het die kerkraad sy afsonderlike en gesamentlike diens wat spesifiek gerig is op die hele ekklésia as die manier waarvolgens Christus sy kerk regeer en versorg (vgl hele 3.3, veral Ef 4:11 e.v. en I Kor 12).

Op die verhouding tussen kerkraad en kerk ten opsigte van die tug en verkiesing van broeders in die ampte deur die ekklésia gaan ons nie in nie, behalwe om te sê dat die eenheid en onderlinge band van die gelowiges ook in hierdie gevalle konsekwent in die Skrif gehandhaaf word. Weer eens het elke funksie wat God vir sy kerk ingestel het, in hierdie gevalle sy eiesoortige

verantwoordelikheid. (Vgl hiervoor verder Van der Linde, 1965, p. 87 e.v.; J.J. van der Walt, 1976, p. 69-70; Plomp, 1969, p. p. 81 e.v.; Bavinck, IV, 1930, p. 326 e.v.; 404 e.v.; Bouwman, II, 1934, p. 102 e.v., 613 e.v.).

## 3.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk het ons ons in hoofsaak bepaal by die open=baring in die Nuwe Testament oor die regering van die ekklésia. Dit het geblyk dat die Nuwe Testament 'n rykdom van gegewens bied as openbaring van God self oor die regering van sy kerk. In die regering van die kerk staan die heerskappy van God in Christus voorop. Christus is Koning, Hoof en Here (kurios). Dit vorm die grondslag van kerkregering.

Vervolgens het dit duidelik geword dat Christus 'n permanente reëling getref het vir die regering van sy kerk. Hy gee sy Gees, en daarmee ook die charismata en diakonia. Soos Christus self drieërlei ampte het, so het Hy dit ook in sy kerk bepaal dat daar eindelik drie permanente dienste sal wees waarvan een in besonder toegespits is op die diens van regering op herder=like wyse. Hierdie regeeramp word deur die ouderlinge gesa=mentlik as raad (presbuterion) uitgeoefen.

In die derde plek het ons aandag gegee aan die bedoeling van Christus met die regering van sy kerk. In die eerste instansie vind die regering op plaaslike vlak in die plaaslike kerk plaas omdat die ouderlinge 'n plaaslike amp is. Toerusting van die kerk as doelstelling van die kerkregering, so het ons aange=toon, is 'n "binne-gemeentelike" taak. Vervolgens het dit duidelik geword dat die regering van die kerk nie net plaaslik gerig is nie, want die opbou van die kerk as doelstelling is gerig op die universele kerk van Christus. Dieselfde feit blyk uit die derde doelstelling van die regering, naamlik dat dit uiteindelik gemik is op die eenheid van die geloof. Die kerk is 'n eenheid, 'n eenheid in Christus, 'n gegewe eenheid en 'n eenheid wat bewerk moet word. Die kerk is nie net plaas=lik een nie, maar ook universeel. Jode en heidene word een in

Christus. In Hand 15 sien ons dat die kerkregering gerig is op die bewaring en bewerking van die eenheid in universele sin. (Hieroor meer in die volgende hoofstuk).

In die vierde afdeling van hierdie hoofstuk het ons ons kortliks toegespits op die verband tussen kerkraad en plaaslike kerk. Ons handhaaf die standpunt dat dit nooit dualisties verstaan mag word nie asof die presbuterion in 'n gesagsposisie teenoor die ekklésia staan nie. Alle dienste en gawes is <u>in</u> die ekklésia gestel, so-ook die presbuterion. Die kerkraad is nie die kerk in miniatuur nie, ook nie verteenwoordigers van die kerk nie, maar is as diensknegte van die Here in hul werk gerig op die plaaslike kerk, en tree te alle tye ten behoewe van die kerk op. Insoverre hulle die werk van die Here doen as instrumente wat van Hom opdragte ontvang, dra hulle werk gesag. In die kerk is daar dus slegs een eenheid, naamlik die liggaam van Christus wat een is in Christus waarbinne daar funksionele verskille bestaan.

## 4. 'n SNIT DEUR DIE NUWE TESTAMENTIESE GEGEWENS OOR DIE EEN=HEID EN INTERAFHANKLIKHEID TUSSEN PLAASLIKE KERKE MET BE=SONDERE VERWYSING NA HANDELINGE 15

### 4.1 Inleiding en probleemstelling

In hierdie hoofstuk bepaal ons ons by die Nuwe Testamentiese openbaring oor die eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke.

Die eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke word gewoonlik aangedui as kerkverband (vgl Bouwman, II, 1934, p. 12 e.v.; Van der Linde, 1965, p. 116 e.v.).

Oor die aard van kerkverband is daar egter verskil van mening waarop ons nie in diepte kan ingaan nie. Sohm sien die band tussen die kerke byvoorbeeld bloot as 'n geestelike eenheid (vgl Van der Linde, 1965, p. 116-117). Die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is weer dat die orga=niese eenheid tussen die kerke nie noodwendig moet lei tot 'n organisatoriese band tussen die kerke nie. Hulle beskou dit as opsioneel (vgl Handelinge van die TKK, s.j. p. 112-214). Daar=teenoor meen Van der Linde (1965, p. 131, p. 140) dat dit tot die wese van die kerk behoort dat die plaaslike kerke 'n sig=bare, institutêre eenheid en interafhanklikheid met behoud van plaaslike selfstandigheid moet openbaar. Die standpunt van die deputate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sluit baie nou hierby aan (vgl Handelinge TKK, s.j., p. 57 en p. 100). Die Nederduitse Gereformeerde Kerk stel hul standpunt oor die aard van die kerkverband soos volg: "dit is goed Gereformeerd om nie alleen die gemeente as kerk te beskou nie, maar ook die gemeentes in kerkverband" (Handelinge TKK, s.j., p. 73-74). Volgens die laaste standpunt word die kerkverband dan 'n vaste liggaam, want dit word ook as "kerk" beskou. Om hierdie rede vind ons dat die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1974, artikels 33, 36 en 37) die "sinode" as sinoniem be=skou met "kerk".

In die lig van hierdie verskillende opvattinge oor die aard van kerkverband, is dit nodig dat ons opnuut weer kyk na die Nuwe Testamentiese gegewens daaroor. Omdat daar, soos aangetoon, verwarring heers, wil ons dan ook eerder praat van die eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke.

Voordat ons nader en dieper daarop ingaan, is dit nodig dat ons by wyse van opsomming enkele opmerkings maak oor die gebruik van die woord kerk (ekklésia). In hoofstuk 2 het ons volledig hieraan aandag gegee. Ons wil ook enkele feite herhaal oor die verband tussen die universele en plaaslike kerk. In hoofstuk 2 het ons ook in besonderhede daarop ingegaan. Ons meen dat dit belangrik is om na hierdie sake terug te verwys omdat die eenheid tussen kerke of kerkverband slegs reg verstaan kan word vanuit 'n suiwere kerkbegrip en die regte gebruik van die woord, ekklésia.

Oor die gebruik van die woord, ekklésia in die Nuwe Testament het dit duidelik geword (vgl 2.3.3) dat dit soms op die plaas= like kerk en soms op die universele kerk dui. Daar word nooit 'n derde betekenis aan die begrip, ekklésia geheg nie. Dit dui nooit op 'n versameling van plaaslike kerke (gemeentes) nie.

Oor die verband tussen die universele kerk en die plaaslike kerk het ons duidelik gestel dat dit nie dualisties verstaan moet word nie (vgl 2.3.3.4). Ons het vasgestel dat die plaaslike kerk die universele kerk op 'n bepaalde plek <u>is</u>. Verder het ons dit beklemtoon dat die universele kerk nie 'n instituut is naas die plaaslike kerk nie. Die plaaslike kerk is '<u>n</u> liggaam van Christus, maar nie <u>die</u> liggaam van Christus nie, '<u>n</u> komplete liggaam, maar nie <u>die</u> komplete liggaam van Christus nie.

In hoofstuk 3 wat handel oor die Nuwe Testamentiese openbaring oor die regering van die kerk, is daar ook enkele sake wat hier ter inleiding kortliks herhaal moet word.

Ons het aangetoon dat die ouderlinge alleen en saam as raad (presbuterion) aan die plaaslike kerk verbonde is (vgl 3.2.6).

Die swaartepunt van die kerkregering lê by die plaaslike kerk, want daar het ons tog die kerk op 'n bepaalde plek.

In hoofstuk 3 (vgl 3.3) het dit geblyk dat die doelstelling van Christus as Hoof van die kerk met die kerkregering daarop gerig is dat die liggaam van Christus (dit wil sê, die univer= sele kerk) opgebou moet word. Dit is slegs een Hoof en een liggaam. In hierdie liggaam het Christus bepaalde genadegawes en dienste gegee ter wille van 'n bepaalde doelstelling soos aangedui in 3.3.1-3.3.3.

Van belang is dit om te wys op I Kor 12:28 e.v. Hier word dit duidelik gestel dat Christus die genadegawes en dienste _in die universele kerk_ gestel het. In I Kor 12:28 lees ons "_etheto.. ...en téi ekklésiai ..._" Grosheide (1957, p. 336) teken in sy kommentaar hierby aan "Ekklésia staat hier voor de ecclesia universalis, waarop ook het lidwoord wijst ...... Door en téi ekklésiai voorop te stellen, gaat Paulus uit van de eenheid. Wanneer de apostel over de verscheidenheid in de algemene kerk spreekt, raakt dat ook de gemeente te Korinthe".

Hieruit mag ons _nie_ aflei dat die dienste (of ampte) _aan die universele kerk as instituut verbind_ is nie. Hieruit moet af= gelei word dat die ampte en genadegawes egter hulle diens en gawes moet _aanwend in die universele kerk_. Dit beteken dat hulle diens nie net tot die plaaslike kerk as '_n_ komplete lig= gaam van Christus beperk kan word nie. Hulle is deur die Een Hoof van een liggaam in _die_ liggaam gegee, en daarom moet hul= le ook ten behoewe van die een kerk (universele liggaam) diens lewer. Dit doen hulle deur plaaslik in die universele kerk op 'n bepaalde plek te werk, maar ook deur op ordelike wyse met ander plaaslike kerke saam te werk ten behoewe van meer plaas= like kerke.

Die vorige hoofstukke bring ons dus by die aard van die ver= band tussen die kerke. In die volgende paar punte wil ons dieper ingaan op die Nuwe Testamentiese openbaring oor die een universele kerk en oor die eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke.

## 4.2 Een universele kerk en eenheid tussen plaaslike kerke

### 4.2.1 Die kerk as 'n eenheid in universele sin

Die Nuwe Testament bied 'n verskeidenheid perspektiewe op die kerk as 'n eenheid. Hoewel ons nie volledig daarop kan ingaan nie weens die aard van hierdie verhandeling, is dit tog be= langrik dat ons samevattend daaroor handel. Die meerdere ver= gaderinge rus immers in die feit dat die kerk 'n eenheid is.

Primêr is die kerk 'n onsigbare en geestelike eenheid, 'n een= heid in waarheid, 'n geloofseenheid en eenheid in Christus (vgl Greijdanus, s.j., p. 10; Van der Linde, 1965, p. 116 en p. 130; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27; 2.3.2.2).

Du Toit (1978, p. 104 e.v.) wil die eenheid van die kerk in die wye perspektief van die koninkryk sien. Hy sê: "die een= heid van die kerk kom in die Skrif met 'n oorweldigende evi= densie en vanselfsprekendheid na vore onder 'n groot verskei= denheid van perspektiewe". Hierdie perspektiewe blyk die volgende te wees:

(1) Teosentriese motief. Die een God wat een in wese en werke is (Dt 6:4, Jes 45:21), verbind Hom kragtens die uitverkiesing en verbond aan een volk of een kerk (vgl Pelser, 1976, p. 141-156).

Berkouwer (I, 1970, p. 33) sluit hierby aan en wys daarop dat die Nuwe Testament nie die uitdrukking "een kerk" (mia ekklésia) ken nie, "niet vanwege een gebrek aan belangstelling voor haar eenheid, maar vanwege het feit, dat deze eenheid essentieel tot het kerk-zijn behoort .... De eenheid hangt ten nauwste samen met Gods uitgesproken bedoeling, Zich een volk voor Zijn Naam te vergaderen en heeft haar achtergrond in het éne roepen Gods uit de duisternis naar het wonderbare licht, het roepen van het éne volk naar de genadige verkiezing Gods, Hem ten eigendom".

Omdat God een is in wese en in handele, is die kerk een. Hier=

uit vloei ook die universele karakter van die kerk voort (vgl Acta, Sinode van Gereformeerde Kerk in S.A., 1967, p. 360 e.v.).

(2) Christologiese motief. Ons verwys hier na 2.2.2 waar ons gehandel het oor die ekklésia as christologiese begrip. Daaruit blyk dat die Een en enigste Hoof, Christus net een liggaam het, en dit is die kerk. Vanuit die Hoof-liggaam beeld kom Calvyn (Institusie, IV, 1, 2) tot die stelling dat almal wat verbind is aan die Hoof die katolieke of universele kerk is, en dat daar nie twee of drie kerke kan wees sonder dat Christus se liggaam verskeur word nie - wat onmoontlik is. Die kerk is ook nie net een met die Hoof nie, maar ook met mekaar as lede van dieselfde liggaam.

(3) Pneumatologiese motief. Die een Gees van God is uitge=stort in die een liggaam van Christus (vgl I Kor 3:16). Theron (1978, p. 47) stel die pneumatiese karakter van die kerk van waaruit ons ook die kerk as woonplek van die Gees kan sien, soos volg: "Die kerninhoud van die verbond, naamlik "Ek sal vir julle God wees en julle sal vir My 'n volk wees", wat ..... gerealiseer is in die Hoof, Jesus Christus, ........ word ook ekklesiologies verwesenlik deur die inwoning van die Heilige Gees in die gemeente".

Samevattend, ten opsigte van bogenoemde 3 punte, stem ons in met wat Theron (1978, p. 49) sê: "Teologies, Christologies en pneumatologies is die verskeurdheid van die kerk 'n ondraaglike anomalie. 'Viele Kirchen .... bedeutet: viele Herrn, viele Geister, viele Götter ......' Die één God impliseer één volk; één Hoof, één liggaam; die één Gees, één tempel".

(4) Koninkryksmotief. Dat die kerk 'n universele eenheid is, blyk ook uit die feit dat die een God, God van sy Koninkryk is (vgl vir verband tussen koninkryk en kerk, 3.1.2). Du Toit (1978, p. 108) sê: "Miskien het ons hier te doen met die diep=ste grond vir die eenheid van die kerk: seuns en erfgename kan slegs broers wees!"

Du Toit (1978, p. 101-114) wys nog verder op die soteriologiese motief waaruit veral op grond van 2 Kor 5:19 blyk dat God die wêreld met Homself versoen het in Christus. Ook hier tree dus die universele karakter na vore. Ons sou ook nog kon wys op die eskatalogiese eenheid van die ekklésia (vgl hier Theron, 1978, proefskrif).

Uit dit alles blyk meer as duidelik dat die kerk 'n universele eenheid is. Hierdie eenheid lê egter nie net op die vlak van die onsigbare nie, want die een kerk het te alle tye 'n onsig= bare sowel as 'n sigbare kant (P.J. Coetzee, 1975, p. 13). Dit is ook nie so dat die onderskeiding, sigbare en onsigbare, saamval met dié van plaaslike en universele kerk nie (Snyman, 1977, p. 43). Daarom is die universele kerk ook 'n sigbare werklikheid in hierdie wêreld. Theron (1978, p. 118 e.v.) beklemtoon dit dat die kerk as skepping van die Gees 'n <u>sigbare teken</u> is, en dat die kerk as <u>liggaam</u> van Christus tog ook sig= baarheid impliseer en sê tereg: "As <u>geloofs</u>artikel is die kerk as volk <u>van God</u>, liggaam van <u>Christus</u>, <u>nuwe</u> skepping alleen vir die <u>geloofs</u>oog sigbaar, maar dit beteken dan ook dat die kerk as <u>volk</u>, <u>liggaam</u>, <u>skepping</u> vir die geloofs<u>oog</u> (en daarom vir <u>elke</u> oog) <u>sigbaar</u> is".

Die vraag is hoe word die volk van God of die liggaam van Christus, dit wil sê die universele kerk, 'n sigbare werklik= heid in hierdie wêreld. In die Ou Testament het die "hele volk soos een man ..... bymekaargekom" (Neh 8:2). In die Nuwe Tes= tament kom die hele volk nie meer op een plek, soos een man bymekaar nie, maar op baie plekke. Op elke plek waar die kerk vergader, is hulle 'n sigbare geloofsgemeenskap. Die plaaslike kerke staan kragtens die feit dat die liggaam van Christus en volk van God 'n eenheid is, nie onafhanklik van mekaar nie. Omdat hulle dus almal deel het aan die een liggaam van Christus, en omdat die een liggaam van Christus ook 'n sigbare kant het, volg dit vanself dat daar ook 'n sigbare band tussen die plaas= like kerke moet bestaan.

In die volgende punt wil ons in besonder daaraan aandag gee.

## 4.2.2 Die eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke

Dat plaaslike kerke met mekaar in geloofsgemeenskap of verband tree, is nie iets wat ontstaan het vanweë die menslike sondigheid nie, soos beweer word deur Kleyn (1888, p. 17); dit ontstaan ook nie primêr op grond van vrywillige ooreenkoms of om nuttigheidsoorwegings nie, soos Greijdanus en andere meen nie (vgl Van der Linde, 1965, p. 129 e.v.).

Die Nuwe Testament openbaar duidelik dat die kerke van die begin af 'n onderlinge, sigbare geloofsband en gemeenskapsband gehad het. Snyman (1977, p. 80) wys tereg daarop dat God dit so bepaal het en dat dit voortvloei uit die wese van die kerk. Dit sal blyk uit wat hieronder volg. In hierdie verband praat Van Wyk (1972, p. 32) van die korporatiewe eenheid tussen die kerke wat hy bestempel as die werklike eenheid. Ons sou miskien hierdie eenheid tussen die kerke kon saamvat as 'n dogmatologiese (of konfessionele) en diakoniologiese eenheid, sonder om te beweer dat hiermee alles gesê is.

(1) Dogmatologiese of konfessionele eenheid. Die eenheid tussen die kerke lê ten diepste in die gemeenskaplike belydenis dat Jesus die Christus is (Mt 16:16; I Jh 2:22) en dat Hy die Kurios is (Rm 10:9; I Kor 12:3; Flp 2:11). Daar is net een Evangelie (Gl 1:6), een leer (I Tm 6:3) en al die kerke staan op dieselfde pilare as die kerk van Jerusalem (Hand 2:42). In al die kerke geld dieselfde gedrag (I Tm 3:15), dieselfde bepalings (I Kor 7:17; 4:17; 11:16; 14:33), dieselfde "dogmata" (Hand 16:4). (Vgl ook Snyman, 1977, p. 81).

(2) Diakoniologiese eenheid. Die diakonia of dienste bring ons uiteraard by die sigbare kant van die ekklésia. Ons het reeds op grond van I Kor 12:28 e.v. en Ef 4:11 e.v. aangetoon dat die diakonia (soos die charismata) deur God in die ekklésia gegee is.

Dit sou nou 'n valse probleemstelling wees as gevra word in

watter kerk, die universele of plaaslike kerk, Christus die diakonia gegee het. Die plaaslike kerk is tog die universele kerk op 'n bepaalde plek. Wat egter belangrik is, is dat Paulus nie die woord ekklésia in I Kor 12:28 in sy plaaslike betekenis gebruik nie, maar in sy universele betekenis (vgl hoofstuk 4, 1).

God het dus nie vir elke plaaslike kerk 'n aparte reëling ge=tref nie, maar een reëling vir die kerk as sodanig. Dieselfde reëling geld vir al die plaaslike kerke.

In 4.1 hierbo het ons gestel dat die diakonia diens moet lewer in die universele kerk omdat hulle daarin gegee is. Dit gebeur wanneer hulle plaaslik besig is, want die plaaslike kerk is die universele kerk op daardie plek. Hulle diens is egter nie tot die plaaslike kerk beperk nie. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die diens van die apostels, profete en evangeliste. Hulle het nie net in een plaaslike kerk gewerk nie, maar in verskillendes.

Dieselfde God het in dieselfde liggaam waarin die apostels ge=gee is ook die ander dienste gegee, soos die diens van die ouderling. Die opmerklike is dat al die verskillende dienste en genadegawes in Ef 4:11 e.v. en in I Kor 12:28 e.v., in een asem genoem word.

Netsoos die apostels en ander buitengewone of fundamentele ampte moet die sogenaamde besondere ampte, waaronder die ouder=linge, dus ook diens lewer ten behoewe van verskillende plaas=like kerke. Dit beteken nie dat ons die apostelamp en die ouderlingamp met mekaar wil gelyk stel nie. Dit is nie iden=tiese dienste nie. Die verskil tussen die apostels en ouder=linge is eerstens 'n funksionele verskil. Verder verskil dit daarin dat die apostels nie aan een plaaslike kerk verbonde <u>of</u> gebonde was nie. Die ouderlinge daarenteen was beslis 'n plaaslike amp. Hulle was verbonde aan een plaaslike kerk kragtens hul verkiesing en opdragte (vgl 3.2.6).

Die gemeenskaplike tussen die verskillende dienste mag egter

nie ontken word nie. Dit bestaan veral daarin dat almal gawes van een God en een Hoof en Koning is wat aan een kerk en in een kerk gegee is. Dit is ook belangrik dat die apostels en ander "fundamentele ampte" (Ef 2:20) een gemeenskaplike doel=stelling het, naamlik opbou van die kerk (Ef 4:11 e.v.) en die bewerking van die eenheid tussen gelowiges (vgl 3.3.1-3.3.2). Die apostels het nooit bedoel om in die bereiking van hierdie doelstellings die selfstandigheid van die plaaslike kerke op te hef nie. Netsoos hulle dit egter saamgebind het, moet dit nog steeds saamgebind wees as ons die doelstelling in die kerk=regering wil najaag. Dit impliseer nie dat die verskillende dienste universeel van aard moet wees nie, maar dat die ver=skillende kerke een en interafhanklik van mekaar moet wees.

Ons konklusie is dat die eenheid en interafhanklikheid tussen kerke ingesluit is in die reëling van Christus vir die rege=ring van die kerk. Dit blyk duidelik uit veral I Kor 12:28 e.v. en Ef 4:11 e.v. Ons verskil dus van Greijdanus (s.j., p. 12-13). Hy beklemtoon aan die een kant tereg die plaaslike verbondenheid van ouderlinge, bedienaars van die Woord en dia=kens, maar fouteer myns insiens aan die ander kant daarin dat hy van verbondenheid aan 'n kerk eintlik gebondenheid maak omdat hy meen "dat die direkte uitwendige band tussen die kerke na hulle (apostels - A. le R. du P.) dood nie meer kon bestaan nie, omdat die ampte in die kerk net plaaslik was" (Van der Linde, 1965, p. 132). Dit is nie so dat die eenheid en inter=afhanklikheid tussen kerke primêr berus op "onderlinge afspraak" (Greijdanus, s.j., p. 14) nie, want eenheid en interafhanklik=heid is deur God gegee en word deur Hom vereis (I Kor 12, Ef 4).

Hierdie onderlinge band tussen kerke blyk 'n verpligting te wees as ons dit besien vanuit die begrip koinónia (bv Hand 2:42). Ons bely immers "dat die gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik, as lede aan die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het. Ten tweede, dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend" (Heidel=

bergse Kategismus, Sondag 21).

Die Nuwe Testament bied genoeg gegewens waaruit ons duidelik kan sien dat daar so 'n onderlinge eenheid tussen die kerke be=staan het. Dit was 'n geloofsgemeenskap en onderlinge betrok=kenheid en bystand (vgl Jonker, s.j., p. 45; Snyman, 1977, p. 81). Tussen die kerke het 'n organiese en sigbare organisa=toriese band bestaan, soos blyk uit die volgende: vanuit die kerk van Antiochië word middele gestuur tot versorging van die broeders in Judea, en dit word op ordelike wyse gedoen deurdat Barnabas en Saulus opgedra word om daarmee na Jerusalem se ouderlinge toe te gaan (Hand 11:28-30).

So het Paulus ook later self die gawes van Macedonië en Achaje na Jerusalem gebring (Rm 15:25-28; vgl ook 2 Kor 8:14 en 19). By 2 Kor 8:19, dit wil sê by die kollekte van die verskillende heidenkerke aan Jerusalem, teken Grosheide (1959, p. 242-243) aan dat Paulus dit georganiseer het in die verskillende kerke, en dat dit 'n diakonia is wat deur Paulus verrig is.

Ons konkludeer dat daar tussen die verskillende kerke 'n duide=like dogmatologiese en diakoniologiese eenheid bestaan het en tog nie 'n "vereniging" nie. Dit hoort tot die wese van die kerk. Die eenheid tussen die kerke is beslis gegee in die reëling van Christus vir die regering en versorging van die kerk.

Die finale bevestiging hiervan vind ons in Hand 15. Hieraan wil ons in die volgende punt in besonder aandag gee.

## 4.3 Hand 15 en kerkregering

### 4.3.1 Inleiding

Hand 15 staan in die kontrovers tussen verskillende standpunte (soos bv gestel by 4.1) sentraal. Wanneer die verhouding tus=sen plaaslike kerke bespreek word, of wanneer gevra word na die positiewe goddelike reg van meerdere vergaderinge, staan Hand

15 gewoonlik in die brandpunt (vgl J.J. van der Walt, 1971, p. 22 e.v.; Van der Linde, 1965, p. 124 e.v.; Flemming, 1973, p. 66-74).

Sonder om in te gaan op al die standpunte en diskussies rondom Hand 15, wil ons in hierdie hoofstuk let op die plek en beteke= nis van Hand 15 vir die kerkregering.

In Hand 15 kan ons sien dat die kerkregering wat rus in die eenheid tussen kerke ook gerig is op die bewaring en bewerking van die eenheid van die kerk in universele sin. Dit behoort hieronder verder duidelik te word.

4.3.2 Die openbaringshistoriese plek van Hand 15 en Gl 2

Die tradisionele standpunt is dat Hand 15 en Gl 2 dieselfde ge= beure in Jerusalem van twee verskillende kante beskryf (vgl hiervoor: Guthrie, 1972, p. 1090 e.v.; Guthrie, 1970, p. 458 e.v.). Hiervolgens sien die besoek van Paulus aan Jerusalem volgens Gl 2: 1-10 en Hand 15 op een en dieselfde geleentheid. Snyman (1977, p. 82), J.J. van der Walt (1971, p. 26).

Greijdanus (s.j., p. 30 e.v.), Bronkhorst (1947, p. 127), Sillevis Smitt (1910, p. 85 e.v.) gaan almal uit van die tradi= sionele standpunt. Hiervolgens sou Paulus dan volgens "'n openbaring" (Gl 2:1) opgegaan het na Jerusalem waartydens die vergadering met diegene vanuit Antiochië plaasgevind het.

Die tradisionele standpunt ten opsigte van die brief aan die Galasiërs (soos hierbo) gaan uit van die sogenaamde Noord-Gala= sië-teorie (vgl Guthrie, 1972, p. 1090). Daar is egter ook die sogenaamde Suid-Galasië-teorie (vgl Guthrie, 1972, p. 1090-1091): "Voorkeur verdien ...... die beskouing dat die geadresseerdes die gemeentes van die Suidelike deel van die provinsie Galasië was, wat Paulus op die eerste sendingreis gestig het ....... Die besoek van Paulus en Barnabas aan Jerusalem, genoem in Galasiërs 2, kan beswaarlik met die Apostelkonvent geïdentifi= seer word aangesien ...... Galasiërs 2:1-10 goedskiks met Hande=

linge 11:26-30 geïdentifiseer kan word en Galasiërs 2:11-16 met Handelinge 15:1-2 - waarop dan juis die Apostelkonvent gevolg het" (J.C. Coetzee, 1975, p. 23).

Dit lyk dus korrek om hieruit af te lei dat Gl 2:1 en Hand 15:2 e.v. van twee verskillende besoeke van Paulus aan Jerusa= lem melding maak.

Die brief aan die Galasiërs en Handelinge 15 verhaal egter dieselfde probleem of krisis in die jong kerk van Christus. Die gevaar was dat die jong kerk in twee geskeur kon word, naam= lik in 'n Joodse wettiese groep onder leiding van die Judaïste en 'n groep uit die heidene vry van die besnydenis en Joodse wetgewing (vgl J.C. Coetzee, 1975, p. 28-29).

Wat die kronologie betref lyk dit of Paulus en Barnabas met hul besoek aan Jerusalem volgens Handeling 11:30, dit wil sê voor Paulus se eerste sendingreis na Suid-Galasië, met die kerk van Jerusalem die saak van die heidene wat tot geloof gekom het, naamlik of hulle besny moet word, uitgemaak het. (So is dit beskryf in Gl 2:1-10). Daarna is Paulus terug na Antiochië, en kort hierna het Petrus daar in Antiochië kom besoek aflê waar hy aanvanklik tafelgemeenskap met die heidene gehad het, en later, na die koms van sekere Judaïstiese Jode uit Jerusalem, hom onttrek het van gemeenskap met die heidene. By hierdie ge= leentheid het Paulus hom en sy metgeselle bestraf (vgl Gl 2:11-16). Hierna het Paulus en Barnabas op hul eerste sendingreis deur Suid-Galasië vertrek, en op hul terugkoms kerke gestig. Hulle werk in dié kerke is egter vertroebel deurdat sekere Judaïste die eis aan die kerke kom stel het van Joodse besnyde= nis en wetsonderhouding. Toe Paulus dit te hore kom, het hy 'n brief (Galasiërs) aan hulle gerig om die saak reg te stel. Hierdie brief is dan opgevolg met hulle sending na Jerusalem (Hand 15) om die saak finaal te besleg (vgl vir hierdie krono= logie: Guthrie, 1972, p. 1090-1091).

Sowel Handelinge 15 as Galasiërs 2 verhaal die groot krisis wat die kerk bedreig het. "The integrity and unity of the Christian

movement were at stake" (Guthrie, 1972, p. 1094, kommentaar by Gl 2:1-2). Die brandende vraag was op daardie stadium in die geskiedenis van die jong kerk of die twee groepe van die Christendom byeengehou kan word (Snyman, 1968, p. 61). "In this fifteenth and central chapter of Acts, the reader is con= fronted with what F.C. Baur and his followers termed the cen= tral crisis of the early church: the conflict between Jewish Christianity and the gentile mission apart from the law" (Beck, 1974, p. 1).

Openbaringshistories gesien neem die gebeure soos beskrywe in Handelinge 15 en Galasiërs 2 'n besondere plek in. Dit moet besien word vanuit die sendingbevel van Christus in Mattheus 28:19 e.v., en ook vanuit Mattheus 16:18 waar Christus gesê het dat Hy sy kerk sal bou op die belydenis dat Hy die Christus is (Snyman en Floor, 1969, p. 36). In Handelinge betree die openbaringsgeskiedenis 'n besliste nuwe fase: Godsvolk sluit vanaf die uitstorting van die Heilige Gees op besondere wyse ook die gelowiges uit die heidennasies in, en so moet die kerk volgens die belofte van Christus (Mt 16:18) voortaan 'n univer= sele karakter dra (vgl J.C. Coetzee, 1965, p. 124 e.v.). Hierdie een kerk van Christus brei dan in Handelinge uit, en uiteindelik was die strydvraag wat die wese van die kerk as 'n eenheid geraak het, die vraag na die manier waarop die gelowi= ges uit die heidennasies deel kry aan die verlossing en aan die Godsvolk (vgl J.C. Coetzee, 1965, p. 140). Die bedoeling van Christus was dat die kerk opgebou moet word, en onder opbou moet ons ook die "bybou" (Roberts, 1963, p. 163-169) van die heiden-gelowiges verstaan.

Ons konklusie is dat Handelinge 15 en Galasiërs 2 in die open= baringsgeskiedenis van die Nuwe Testament sentraal staan. Die gebeure wat daarin beskrywe word, is van besondere belang en werp besondere lig op die manier waarop die krisis in die jong kerk te bowe gekom is (J.C. Coetzee, 1975, p. 29). In die op= lossing van die krisis, so blyk dit uit Handelinge 15 en Galasiërs 2, het Christus nie net sy Heilige Gees gegee nie. Hy het ook mense in besondere dienste in 'n vergadering gebruik

(Hand 15). Op hierdie wyse was die kerk self direk betrokke, en het hy homself regeer onder leiding van Woord en Gees. Op hierdie saak kom ons terug, maar vooraf wil ons kortliks let op die plek van Handelinge 15 in die boek Handelinge.

### 4.3.3 Die plek van Hand 15 in die boek Handelinge

In die boek Handelinge gaan dit om die vestiging en uitbreiding van die kerk van Christus. Lukas beskryf die voortgang van die Evangelie van Jerusalem tot by Rome. Die meeste teoloë neem Handelinge 1:8 as uitgangspunt vir 'n basis van indeling van die geskrif (vgl hieroor Beck, 1974, p. 25 e.v.; Snyman, 1968, p. 59). Dwarsdeur Handelinge word Christus verkondig as die lig van die nasies (Hand 9:15, 13:46, 28:28); eers aan die Jode, maar dan ook aan die heidennasies.

#### (1) Voor Hand 15

Nadat Beck (1974) in sy proefskrif die struktuur, teologie en doel van die boek Handelinge ontleed het, kom hy (vgl p. 192 e.v.) tot die konklusie dat aldrie genoemde perspektiewe daarop dui dat Handelinge 15 sentraal staan en die belangrikste oorgang vorm tussen wat vooraf gaan en wat volg op hoofstuk 15. "To bridge the gap between Jewish Christianity and the gentile church, Luke sees the Jerusalem Conference as crucial. The leaders of Jewish Christianity, Peter and James, along with the apostles, elders, and congregation of the Jerusalem community, decide that the church is to be distinguished from Judaism, is to be universal ......" (Beck, 1974, p. 197).

Die gegewens in Handelinge voor hoofstuk 15 laat blyk in die eerste plek hoe die kerk geografies uitgebrei het vanaf Jerusa= lem in Judea, Galilea en Samaria (vgl Hand 1:8 en Hand 9:31). Vanaf hoofstuk 10-12 kry ons die oorgang van die Evangelie na die heidene met die sentrum in Antiochië. Hierna gaan Paulus en Barnabas op hul eerste sendingreis waar die Evangelie aan Jode en heidene verkondig word. So het ons dan in Handelinge 13-14 die definitiewe verkondiging van die Evangelie aan die

heidene sodat ons by Handelinge 15 voor die feit te staan kom dat die Evangelie geografies ver uitgebrei het.

In die tweede plek vind ons voor Handelinge 15 die aanduiding dat die Jode 'n toenemende vyandskap gehad het teen die verkon=diging van die Evangelie. Die Sanhedrin het gewaarsku (4:1-22), geslaan (5:40), gestenig (7:54-8:1); Jakobus word gedood (12:2) en Petrus in die gevangenis gegooi (12:3-4). Paulus en Barna=bas is vervolg (13:45-50), en haat teen hulle het toegeneem (14:5 e.v., 19) sodat Paulus gestenig is.

Hieruit blyk dat die verhouding tussen wet en Evangelie op die stadium van Handelinge 15 'n vraagstuk, en oorsaak van groot spanning was (vgl Beck, 1974, p. 92). "Wanneer aan die einde van Paulus se eerste sendingreis die vestiging van die kerk onder sowel Israel as die heidennasies sy vroegste beslag ge=kry het, kom die vraag na die verhouding van die gelowiges uit die heidennasies tot die Godsvolk in die brandpunt van belang=stelling te staan" (J.C. Coetzee, 1965, p. 139).

Dit blyk dat die Fariseër-Christene op daardie stadium gedink het dat Israel eksklusief die Godsvolk (en dus die kerk) is, en dat die gelowiges uit die heidene onder die wette van Israel soos veral die besnydenis staan (J.C. Coetzee, 1965, p. 140).

(2) <u>Na Hand 15</u>

"Once the decision of the Jerusalem Conference has been made, it gives decided impetus to the gentile mission of Paul" (Beck, 1974, p. 93). Paulus het onmiddellik die verordeninge wat daar vasgestel was, ook aan ander kerke gegee om te onder=hou (Hand 16:4). Ook in Handelinge 21:25 word daar verwys na hierdie vergadering en sy besluite. Vir meer besonderhede oor die tyd na Handelinge 15 verwys ons onder andere na Beck (1974, p. 93 e.v.).

Samevattend kan ons stel dat Handelinge 15 in die boek Hande=linge 'n belangrike sleutel is om die verhaal van Lukas te

verstaan (Beck, 1974, p. 94). Bruce (1977, p. 198) sê: "The Council of Jerusalem is an event to which Luke plainly attaches the highest importance".

### 4.3.4 Oorsig oor Hand 15

In die lig van die openbaringshistoriese plek van Hand 15 soos gestel in 4.3.2 en 4.3.3 hierbo, kan ons nou kortliks die aan= dag vestig op sekere belangrike openbaringe in Hand 15 ten op= sigte van kerkregering in besonder.

Hand 15 kan maklik in 5 dele ingedeel word: Die eerste en die laaste dele skets die gebeure in Antiochië, terwyl die middelste drie dele die gebeure in Jerusalem weergee (vgl Bruce, 1977, p. 302 e.v.; Beck, 1974, p. 44 e.v.).

(1) Eerste deel: Hand 15:1-5. Die afvaardiging van Antiochië na Jerusalem

Hand 15:1-2 korrespondeer met Gl 2:11-16 (vgl Bruce, 1977, p. 303; J.C. Coetzee, 1975, p. 23). Die "tines" van Hand 15:1 is dieselfde mense as die "tinas" van Gl 2:12, Judaiste van Jerusalem. Hulle is geen wettige afgevaardigdes van die kerk in Jerusalem nie, (Grosheide, 1963, p. 8) maar verkondig in Antiochië dat die besnydenis noodsaaklik is om toe te tree tot die verloste volk van God (15:1). Die plaaslike kerk van An= tiochië het duidelik verskil met die leer van "sommiges" van Jerusalem (15:1-2) en dit het ook die "gemeenskap" tussen die twee kerke geraak soos blyk uit Gl 2:11 e.v. Bruce (1977, p. 304) sê byvoorbeeld "Refusal to have table fellowship with Gentiles would soon be followed by refusal to admit them to church membership or indeed to recognize them as Christians at all". Die apostels het al voorheen met mekaar oor die "leer= aspek" gepraat, soos blyk uit Gl 2:1-10, en tot 'n vergelyk gekom (Guthrie, 1972, p. 1095). Dit was egter nie net 'n "teologiese" probleem nie, maar 'n saak wat die eenheid tussen die kerke geraak het.

Hoewel dit 'n saak is wat plaaslik ontstaan het in Antiochië,

probeer hulle nie self in outonome onafhanklikheid die saak af=handel nie. Omdat hulle een is met die kerk in Jerusalem, en Christus as Hoof van die kerk daar ook apostels en ouderlinge gegee het met gawes en insigte, het die <u>kerk</u> van Antiochië (Bruce, 1977, p. 304-305; J.J. van der Walt, 1971, p. 25; Beck, 1974, p. 45, voetnoot 5) 'n afvaardiging na Jerusalem gestuur. Die werkwoord "etaxan" (van tassó) in vers 2 beteken eintlik "assign", "appoint", "order", "determine" (Delling, 1972, p. 28). Omdat die probleem die kerk raak, is dit die kerk wat die opdrag gee aan die afvaardiging om op te gaan na die <u>raad</u> van apostels en ouderlinge in Jerusalem (Grosheide, II, 1948, p. 20).

In Handelinge 15:3-4 is sprake van die twee plaaslike kerke van Antiochië en Jerusalem. Hierdie kerke word nie in die duister gehou oor die vraagstuk nie, maar is betrokke. Daarom lei die kerk van Antiochië hulle uit (vers 3) en ontvang die kerk van Jerusalem hulle (vers 4) en neem hulle deel aan voorlopige be=sprekings (vers 5). In die Jerusalem kerk is daar ook Fariseër-Christene wat hulle saak gestel het (vers 5).

(2) <u>Tweede deel: Hand 15:6-11. Die vergadering begin, Petrus se toespraak</u>

In verse 4 en 6 word melding gemaak van "die apostels en die ouderlinge" van Jerusalem in onderskeiding van die kerk van Jerusalem. Hieruit blyk dit dat die kerk nie "onmondig" gehou is nie, maar dit word ook duidelik dat daar spesifieke mense, naamlik die apostels en die ouderlinge was wat die vraagstuk in diepte sou ondersoek. Tussen hulle en die kerk is daar dus funksionele verskil. In die lig van verse 12 en 22 lyk dit of die kerk van Jerusalem wel teenwoordig was by die beraadslaginge, maar kragtens die werk van die apostels en ouderlinge om te re=geer en te lei (soos die res van die Nuwe Testament leer; vgl 3.2.6), het hulle uiteraard die leiding geneem (vgl ook Bruce, 1977, p. 306; Grosheide, 1963, p. 12-13; J.J. van der Walt, 1971, p. 26).

Hier vind dus nou 'n vergadering plaas onder leiding van die

apostels en ouderlinge waarby die afvaardiging van Antiochië teenwoordig is. Daar word nie met apostoliese gesag "buite die kerke om" beslis nie, maar daar word beraadslaag op grond van dit wat reeds deur God geopenbaar is (vgl verse 7 en 14-17). Dat Paulus hom ook laat afvaardig het, wys daarop dat dit sy goedkeuring wegdra. Hierdie optrede van Paulus is seker ook gesagvol (vgl J.J. van der Walt, 1971, p. 26).

Petrus begin sy kort rede (verse 7-11) na veel beraad, soos blyk uit die verwysing na "'n groot woordewisseling" (vers 7). Petrus is dan een van die sprekers wat hom onmiddellik by die kern van die probleem bepaal, en wat meer is, hy soek die open= baring van God daaroor. Hy verwys na die gebeure soos beskrywe in Handelinge 10 toe die Here hom na die huis van Cornelius gelei het, en toe die heidene vir die eerste keer die Evangelie van hom gehoor het. Hy toon dus aan dat dit God se geopenbaar= de wil is dat die heidene sonder die wet ook deel van die Gods= volk sal wees (vgl hiervoor: J.C. Coetzee, 1965, p. 140-141; Bruce, 1977, p. 306; J.J. van der Walt, 1971, p. 28). "Die hoofsaak van sy rede is dat God aan die gelowiges uit die heidennasies alles geskenk het "net soos aan ons" (vs. 8)" (J.C. Coetzee, 1965, p. 140).

(3) <u>Derde deel: Hand 15:12-21. Jakobus se toespraak</u>

Die beginsel dat 'n mens alleen deur die genade van Christus verlos word (vers 11), het die menigte laat swyg (vers 12). Dat dit God se wil is dat ook die heidennasies sonder die wet en alleen in Christus salig is, soos Petrus aangetoon het, word ook deur Paulus en Barnabas bevestig: God het sy wil aan hulle deur tekens en wonders bekendgemaak en hul werk onder die heidene geseën (J.J. van der Walt, 1971, p. 28; Bruce, 1977, p. 309).

Waar Petrus hom bepaal het by die Nuwe Testamentiese openbaring van God, en so-ook Petrus en Barnabas, gee Jakobus in sy rede (verse 13-21) die Ou Testamentiese openbaring (J.J. van der Walt, 1971, p. 28). So hou hierdie vergadering hom besig met

God se Woord (geopenbaarde wil).

Uit die toespraak van Jakobus blyk dat dit God se wil is dat sy kerk een universele volk van God sal wees wat uit die nasies versamel sal word. Israel en ander nasies sal in hul gelowiges almal die een volk van God wees (vgl J.C. Coetzee, 1965, p. 141). Jakobus sê dieselfde as Simeon (Petrus); vgl vers 14. In verse 19-21 vind ons eintlik Jakobus se voorstel. Die "maar" in vers 20 word gemotiveer deur die eenheid van die kerk, naamlik die broederliefde sonder prysgawe van die beginsel (J.J. van der Walt, 1971, p. 28). Bruce (1977, p. 311) teken as kommentaar by vers 20 aan: "But it is surely quite natural that, when once the matter of principle had been settled, an effort should have been made to provide a practical modus vivendi for two groups of people drawn from such different ways of life".

(4) Vierde deel: Hand 15:22-29. Die besluit van die ver=gadering

Die voorstel van Jakobus het byval by die apostels, ouderlinge en die kerk van Jerusalem gevind. Uit vers 22 kan ons nie af=lei dat die kerk van Jerusalem as 'n selfstandige groep naas die ouderlinge en apostels aan die finale besluit meegewerk het nie. Die enigste afleiding wat gemaak kan word, is dat die besluit van die vergadering onder leiding van die apostels en ouderlinge eintlik die gevoel van almal wat teenwoordig was, weerspieël het. Saam het almal gebuig voor die wil van God. Hierdie feit word onderstreep deur vers 23 waaruit blyk dat die outeurs van die brief eintlik net "die broeders apostels en ouderlinge" was. Dit word gestaaf deur die feit dat "broeders" sonder lidwoord geskryf staan, waarby Bruce (1977, p. 314) die volgende aantekening maak: "The punctuation of ARV, 'The apostles and the elders, brethren,' where 'brethern' refers to both 'apostles' and 'elders' ......, is according to C.C. Torrey 'faultless Aramaic idiom'". Die apostels en ouderlinge is die outeurs van die brief; hulle aanvaar verantwoordelikheid vir die besluit. Die afvaardiging van Antiochië het immers na

húlle toe gekom in verband met die vraagstuk (vers 1). Die afvaardiging van Antiochië was eens met die besluit, en het ook meegewerk daartoe (vers 24 en 25). Hieruit blyk duidelik die eenheid en interafhanklikheid tussen die twee kerke.

Die eenheid tussen die kerke wat met hierdie besluit bewaar is, blyk verder ook uit die adres van die brief (vers 23). As ons dit saamlees met Handelinge 16:4, blyk dit dat die besluit nie net die kerke van Antiochië en Jerusalem in die oog het nie, maar al die kerke. Almal is gebind aan hierdie besluit omdat dit ooreenstem met God se wil, en omdat die Heilige Gees die eintlike Outeur is (vers 28).

Op hierdie vergadering waarby die saak van een plaaslike kerk, Antiochië, in besonder bespreek is, was al die plaaslike kerke nie self teenwoordig nie. Hieruit mag seker nie afgelei word dat hulle opinie glad nie daar gefigureer het nie, want in die eerste plek was die apostels wat 'n universele amp gehad het, wel aanwesig. In die tweede plek was Paulus en Barnabas as stigters van die meeste kerke onder die heidene natuurlik be= wus van die standpunte van die afwesige kerke (vgl sy brief aan die Galsiërs oor dieselfde probleem).

In vers 24 word 'n sterk uitspraak teen die onrusstokers gemaak. Hulle dwaalleer in Antiochië, soos ook die leer van die Fariseër-Christene (vers 5) was die faktor wat die kerk kon skeur. Hulle gedagtes was 'n weerspieëling van 'n groep "in die kerk" (vgl vers 5). Verder het hulle nooit op ordelike wyse die besoek te Antiochië gaan aflê nie (vers 24). Deur die repudiëring van hulle optrede, en deur die besluit van die ver= gadering is die eenheid bewaar.

Vers 28 is van besondere belang: "die Heilige Gees en ons het besluit ....." Dit moet saamgelees word met Handelinge 16:4 "ta dogmata ta kekrimena" (die verordeninge wat vasgestel is).

In die eerste plek gaan dit hier oor die gesag van die besluit wat geneem is. Die Heilige Gees word nie hier genoem in ver=

band met sy onfeilbare inspirerende werk in die apostels nie. Die apostels ag hulleself hier juis deel van die vergadering waarin die leiding van die Gees daarin bestaan het dat die vergadering die openbaring van Gods Woord reg kon verstaan. Onder leiding van die Heilige Gees kon Petrus en Jakobus die openbaring van God in die Ou en Nuwe Testament reg insien. Met ander woorde: Die Heilige Gees en die Woord van God was hier soos altyd onlosmaaklik aan mekaar verbind sodat die Gees deur die Woord op die vergadering gespreek het. Daarom kon hulle die besluit neem (vgl J.J. van der Walt, 1971, p. 29).

Die taak van die vergadering was om in die lig van Gods Woord die nodige leringe (dogmata, Hand 16:4) vas te stel. Hulle het geen gesag in hulleself of as vergadering nie, maar die taak om te "krinein", dit is om te oordeel soos 'n regter, om te sif. Dit wil sê, hulle taak was om die openbaring van God onder lei= ding van die Gees te ondersoek, en om standpunte van die ver= gadering te weeg en te sif totdat hulle oortuig is wat God se wil oor die besondere saak is (vgl Greijdanus, s.j., p. 38).

Elke vergadering van kerke kan sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit" vir sover die besluit rus in die Woord van God.

In die Woord lê die gesag van enige kerklike besluit. Bruce (1977, p. 315) sê die woorde van vers 28 "emphasize the church's role as the vehicle of the Spirit". Calvyn (vgl vertaling van Fraser, 1966, p. 55) teken by vers 28 aan: "The Papists are truly absurd in wishing to prove from these words that some sort of special authority remains with the church ..... nothing is determined by Councils except the things declared by the Spirit".

Ons konklusie is dat Handelinge 15:28 en Handelinge 16:4 open= baar dat die taak van enige kerklike vergadering daarin bestaan dat dit die Woord wat alleen gesagvol is, moet bedien. Alleen as die besluit ooreenstem en gegrond is in Gods Woord, het dit gesag.

(5) Vyfde deel: Hand 15:30-35. Die ontvangs van die brief deur Antiochië

Hierdie deel staan in sterk kontras met die eerste deel want toe was daar 'n dreigende skeuring en groot verskille (vers 1-2). Nou is die eenheid herstel en is daar blydskap. Die besluit van die vergadering het die pad oopgemaak om juis die onderlinge eenheid tussen die kerke voluit te belewe. Beck (1974, p. 50) stel dit so: "Its decision enables relationships between Jewish and gentile Christians ..... to continue".

4.3.5 Die betekenis van Hand 15 vir die kerkregering

In die lig van 4.3.2-4.3.4 kan ons nou by wyse van samevatting aandag gee aan die betekenis van die openbaring in Handelinge 15, soos ons ons ten doel gestel het in 4.3.1.

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om die Nuwe Testamentiese gegewens na te gaan oor die aard van die band tussen plaaslike kerke. Die vraag is of dit Skrifgefundeerd is om te spreek van 'n sigbare, institutêre eenheid en interafhanklikheid tussen kerke (vgl 4.1). Nadat ons in 4.2 (in geheel) gehandel het oor een universele kerk en die eenheid tussen plaaslike kerke, het ons tot die konklusie gekom dat daar tussen die verskillen=de kerke 'n duidelike dogmatologiese en diakoniologiese eenheid bestaan het.

In hierdie problematiek staan Handelinge 15 egter altyd sen=traal (vgl 4.3.1), en die openbaring wat in Handelinge 15 tot ons spreek, kan ons nou soos volg saamvat:

(1) Handelinge 15 staan openbaringshistories in die Nuwe Tes=tament en in die boek Handelinge besonder sentraal (vgl 4.3.2-4.3.3). Ons het aangetoon dat die kerk kragtens sy wese een is, en in hierdie sin is Handelinge 15 van besondere betekenis omdat ons hier gesien het dat 'n dreigende skeuring van die kerk juis bewaar is deurdat kerke onder leiding van apostels en ouderlinge die regte besluit geneem het. Dit is duidelik gestel dat die

vergadering in Jerusalem enersyds rus in die feit dat die kerk een is, en andersyds juis plaasgevind het met die oog op die eenheid van die kerke. Op 'n baie sentrale plek in die Skrif, naamlik Hand 15, blyk dit dan dat die kerk homself regeer met die Woord onder leiding van die Gees. Dit blyk verder dat die kerkregering gerig is op die eenheid van die kerk en insgelyks op die opbou daarvan. Dit blyk ook dat een plaaslike kerk nie hierin onafhanklik van ander plaaslike kerke besig mag en kan wees nie. So het ons in Handelinge 15 'n bevestiging van die eenheid en interafhanklikheid tussen die kerke.

(2) God self het sy kerk toegerus met dienste en gawes van regering (vgl 3.2.3), en in Handelinge 15 bemerk ons dan dat dié besondere dienste in funksie is in diens van God en sy kerk. Dit blyk egter verder dat een plaaslike kerk nie in homself al die nodige dienste en gawes het om onafhanklik en selfstandig alle probleme van die plaaslike kerk op te los nie. God het sy dienste en gawes in die universele kerk gegee (vgl 4.1), en in 'n probleem wat plaaslik nie afgehandel kan word nie, of in 'n probleem wat die universele kerk raad, moét die hulp en in= sig van ander kerke gesoek word. So het Antiochië gedoen.

In die lig hiervan verskil ons dus van Greijdanus (s.j., p. 14, 18) wat 'n meerdere vergadering of eenheid tussen kerke nie sien as wesenseie aan die kerk en as goddelike verpligting nie, maar afhanklik stel aan die onderlinge afspraak tussen gemeentes en as iets wat rus op wedersydse ooreenkoms.

Dit is ook nie so dat hierdie vergadering eenmalig was (vgl Theron, 1978, p. 120), en eintlik onnodig was, soos Greijdanus (s.j., p. 32, 35) beweer nie. Die openbaringshistoriese plek (soos gestel in 4.3.2-4.3.3) dui reeds op die noodsaaklikheid daarvan, en verder het ons hier nie 'n eenmalige vergadering nie, maar die eerste meerdere vergadering. Die kerk self is hier besig om kragtens die reëling van Christus vir die rege= ring van die kerk (vgl 3.2) homself te regeer. Beck (1974, p. 106) wys tereg daarop dat ons in Handelinge 15 tegelyk ook by die oorgang van die kerkregering gekom het. Daarom neem die

ouderling so 'n prominente plek in - selfs so dat as Paulus weer terugkom na Jerusalem (Hand 21:17-18), die ouderlinge die enigste regeerders van die kerk in Jerusalem is, en geen mel= ding gemaak word van die apostels nie.

(3) Dit is duidelik dat Paulus en Barnabas en andere deur die kerk van Antiochië afgevaardig is (vgl 4.3.4, eerste deel), en dat Paulus nie volgens 'n openbaring opgegaan het nie (vgl 4.3.4, eerste deel). In die lig hiervan waarvolgens ons Hand 15 en Gl 2:1-10 nie identifiseer nie, verval die argumente van Greijdanus (s.j., p. 32) wat die kwessie van afvaardiging on= seker en onnodig ag.

(4) Die kerke van Antiochië en Jerusalem word afsonderlik naas die apostels en ouderlinge genoem. Hoewel hulle nie on= mondig ge-ag is nie, en hoewel die kerk van Jerusalem tydens die vergadering aanwesig was, het almal op die vergadering tog die funksionele verskille tussen die aanwesiges erken (vgl 4.3.4, eerste en tweede deel). Die vergadering het dus eintlik plaasgevind tussen die afgevaardigdes van Antiochië, en ander ouderlinge en apostels; dit was 'n regeeraksie, en ons het reeds vasgestel dat dit in besonder die taak van apostels en ouderlinge was (vgl 3.2.6).

Hiermee verskil ons byvoorbeeld van Bronkhorst (1947, p. 128) wat meen dat die kerk van Jerusalem ná die besluit van die apostels en ouderlinge, hulle instemming betuig het (vgl ook 4.3.4, vierde deel).

(5) Die beslissende punt tydens die vergadering was nie wie almal saam besluit het nie, maar die punt was dat dit duidelik die regte besluit was. Hoewel dit onduidelik is of die af= vaardiging vanuit Antiochië saam besluit het (vgl bv Van der Linde, 1965, p. 133, voetnoot 101; 4.3.4, vierde deel), is dit wel duidelik dat hulle saam deel van die vergadering was, en ook saam beraadslaag het, en ook tevrede was met die besluit (vgl 4.3.4, vierde deel).

In die lig hiervan is dit oordrewe om soos Jacobs (vgl M. Bouw=

man, 1937, p. 136-140) te beweer dat dit eintlik net 'n gemeentevergadering van Jerusalem was, wat slegs advies aan Antiochië gegee het. Tereg noem M. Bouwman (1937, p. 140) hom 'n Neo-Independent. Jacobs beweer dat die wese van 'n sinode hier ontbreek omdat daar slegs een kerk was wat besluit het (vgl M. Bouwman, 1937, p. 139).

(6) As die basiese hermeneutiese beginsel dat Skrif met Skrif vergelyk moet word, gehandhaaf word, dan verval baie sogenaamde onsekerhede (Greijdanus, s.j., p. 32 e.v.) met betrekking tot Handelinge 15.

Om Handelinge 15 reg te verstaan, is dit belangrik om die kerkbegrip van die Nuwe Testament (vgl hoofstuk 2) in gedagte te hou. "Hand 15 is hierin homogeen met die res van die Nuwe Testament" (J.J. van der Walt, 1971, p. 22). Dit is ewe belangrik om die Nuwe Testamentiese openbaringe oor die diakonia en charismata soos dit veral na vore kom in I Kor 12:28 e.v., Ef 4:11 e.v., Rm 12:6 e.v. en in die Pastorale Briewe (vgl 3.2.3-3.2.6) in verband te beskou met Handelinge 15.

As dit gedoen word, word dit duidelik dat 'n diakoniologiese eenheid in die universele kerk en daarmee tussen plaaslike kerke voortvloei uit die wese van die kerk. Hoewel dit nêrens 'n bevel is dat kerke meerdere vergaderinge moet hou, netsoos dit ook nêrens beveel word dat kerkraadsvergaderinge gehou moet word nie, kan ons uit die Nuwe Testamentiese openbaring (soos hierbo aangetoon) tog duidelik die beginsel van kerkraads- en meerdere vergaderinge aflei (vgl ook Van der Linde, 1965, p. 134-135).

Voetius (M. Bouwman, 1937, p. 117) handhaaf en verdedig die positiewe goddelike reg van sowel die kerkraadsvergadering as die meerdere vergaderinge op grond van veral Handelinge 15.

Calvyn (Bouwman, 1937, p. 120) teken by Hand 15:6 die volgende aan: "Laat ons besef dat hier 'n vorm en orde deur God voorgeskryf is vir die hou van sinodes".

Handelinge 15 is dus geen konvent of konferensie nie. Van Lonkhuysen en Jacobs is voorbeelde van diegene wat hierdie ver= gadering op independentistiese wyse die status van 'n konferen= sie wil gee (vgl Van der Linde, 1965, p. 136; M. Bouwman, 1937, p. 138). Die vergadering in Jerusalem het anders as 'n konferensie, bindende besluite geneem. In Handelinge 16:4 word dit selfs "dogmata" genoem.

(7) Met betrekking tot die gesag van meerdere vergaderinge kan ons uit Handelinge 15 aflei dat die vergadering deur God gebruik is en mense deur Hom toegerus is met gawes en dienste sodat hulle in staat kon wees en die bevoegdheid gehad het om te besluit. Hoewel geen mens of vergadering opsigself gesag het nie, omdat Christus alleen gesag het, was die besluit ge= sagvol omdat dit ooreenstem met die wil van God die Heilige Gees. (Vir die gesag van kerkraadsvergaderinge, vgl 3.4.2).

## 4.4 <u>Samevatting</u>

Dit sou kollegialisties wees om plaaslike kerke gesamentlik te omskep in 'n soort sinodale struktuur met eiesoortige gesag oor plaaslike kerke met die gedagte dat op hierdie wyse die hele kerk geregeer moet word. Wanneer aan die ander kant die plaas= like kerke losgemaak word van die universele kerk met die ge= dagte dat elke kerk net met homself besig moet wees, verval mens in independentisme. In die lig hiervan het ons ons ten doel gestel om met Nuwe Testamentiese openbaring die regte ver= houding tussen kerke vas te stel (vgl 4.1).

In 4.2.1 het ons aangedui dat die Nuwe Testament met oorweldi= gende getuienis die universele kerk as 'n eenheid aan ons open= baar. Dit het ook geblyk dat hierdie eenheid ook 'n sigbare eenheid is wat nie net <u>binne</u> 'n plaaslike kerk sigbaar word nie, maar ook <u>tussen</u> plaaslike kerke.

In 4.2.2 is die konklusie van 4.2.1 getoets in die lig van kon= krete Nuwe Testamentiese gegewens. Ons konklusie was dat daar tussen die plaaslike kerke, 'n sigbare dogmatologiese en diako=

niologiese eenheid bestaan, voortvloeiend uit die wese van die kerk. Christus het in sy reëling vir die versorging en rege= ring van sy kerk die hele kerk, in universele en plaaslike sin in die oog.

Vanaf 4.3 het ons in besonder aandag gegee aan Handelinge 15 omdat Handelinge 15 in die kontrovers tussen die verskillende standpunte oor die aard van die verhouding tussen kerke, ge= woonlik sentraal staan (vgl 4.3.1). Handelinge 15 word ook gewoonlik as die locus classicus van meerdere vergaderinge beskou (vgl M. Bouwman, 1937, p. 135 e.v.).

In 4.3.2-4.3.3 het ons aangetoon hoe sentraal Handelinge 15 in die Nuwe Testamentiese openbaring en in die boek Handelinge staan. Die vraagstuk wat in Handelinge 15 aan die orde is, moet openbaringshistories gesien word. Hieruit blyk die nood= saaklikheid van die vergadering soos in Handelinge 15. Ons het aangetoon dat die wesenseienskap van die kerk, naamlik sy een= heid bedreig was. Die universele eenheid was bedreig deurdat daar 'n leerverskil tussen Joodse Christene en gelowiges uit die heidennasies ontstaan het, en die kernvraag was hoe die heidengelowiges deel kry aan die verlossing in Christus, en daarmee aan die een Godsvolk.

Op hierdie wyse van Handelinge 15 was die kerkregering diens= baar aan die bewaring van die kerk as 'n universele eenheid.

In 4.3.4-4.3.5 het ons die gegewens van Handelinge 15 in beson= der onder oë geneem, en ook gelet op die betekenis van Hande= linge 15 vir die kerkregering (vgl veral 4.3.5).

In hierdie hoofstuk kom ons dan tot die gevolgtrekking dat daar wel 'n sigbare, diakoniologiese band tussen kerke bestaan. Hierdie band mag nie aanleiding daartoe gee om te kom tot 'n derde kerkbegrip nie, so asof kerke saam in vergadering ook "kerk" genoem kan word nie (vgl Van der Linde, 1965, p. 135). Dit sou kollegialisme wees. Die sigbare organisatoriese band tussen kerke berus ook nie slegs op onderlinge afspraak of oor=

eenkoms tussen kerke nie, maar primêr in die wil van God wat juis sy kerk so gegee het dat daar ook 'n sigbare geloofsge= meenskap en interafhanklikheid en kommunikasie sal wees. Wie dit ontken, verval in independentisme.

Die gesag van die meerdere vergaderinge, soos duidelik blyk uit Handelinge 15, is netsoos die gesag van die kerkraad, altyd bedienende gesag. Dit is altyd die Woord van God wat gesag= hebbend is, wat deur elke kerklike vergadering bedien moet word. Hiertoe het sowel kerkrade as meerdere vergaderinge die reg en bevoegdheid, en elk ter opbouing van die een kerk van Christus (vgl veral 4.3.5(7)).

Ten slotte meld ons dat hierdie hoofstuk gedien het as oorgang na die laaste hoofstuk waar ons wil aandag gee aan meer kon= krete probleme rondom die wese, gesag, samestelling en aard van meerdere vergaderinge. Uiteraard sal sekere relevante artikels (artikels 29-36) van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aan die orde kom. Ons bedoeling is nie om in detail in te gaan op al die polemiese standpunte van ouer en nuwe gereformeerde canonici nie, maar wel om sekere kernvrae en probleme vanuit die voorafgaande prinsipiële uiteensetting te probeer opklaar.

## 5. DIE MEERDERE VERGADERINGE

### 5.1 Die naam en begrip meerdere vergaderinge

Voordat ons nou in hierdie hoofstuk aandag gee aan die wese, gesag en karakter van die meerdere vergaderinge moet ons eers vasstel waar die naam "meerdere vergaderinge" vandaan kom en wat ons daarmee bedoel.

In die inleiding tot hierdie verhandeling het ons op negatiewe wyse gestel dat ekklésia en meerdere vergaderinge nie dualisties verstaan moet word nie. In 2.3.3.3 het ons duidelik aangetoon dat ekklésia en meerdere vergaderinge ook nie met mekaar geïden= tifiseer mag word nie. 'n Meerdere vergadering is nie sinoniem met "kerk" nie.

Die vraag is nou, wat moet ons positief daaronder verstaan? In die verloop van die verhandeling het ons al dikwels die woord meerdere vergadering gebruik, en in dié hoofstuk is ons pertinent daarmee besig.

Die woord ekklésia is 'n Nuwe Testamentiese woord met 'n bepaal= de heilshistoriese en christologiese betekenis. Dit het ons reeds aangetoon in hoofstuk 2.

Die uitdrukking "meerdere vergaderinge" vind ons egter nie in die Nuwe Testament nie. Ons vind dit wel in die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (vgl byvoorbeeld art 30). In die inleiding tot genoemde kerkorde word uitdruklik gestel dat dit eintlik die Dordtse kerkorde van 1618-19 is. Enkele wysigings is egter in die verloop van die geskiedenis aange= bring kragtens artikel 86. As ons die Handelinge van die kerklike vergaderinge in die tyd van die Reformasie nagaan, blyk dit dat die uitdrukking "meerdere vergaderinge" reeds voor die sinode van Dordtrecht 1618-19 in gebruik was.

Die sinode van Dordtrecht 1578 spreek byvoorbeeld in artikel 18 van "grooter" en "minder versamelinghen". In artikel 19 is

daar dan egter sprake van die "meerder" en "minder versame=linghe" (vgl H. Bouwman, II, 1934, p. 18; Van Dellen & Monsma, 1969, p. 120-122; Rutgers, 1889, p. 240).

Van toe af is die naam "meerdere vergadering" gebruiklik as aanduiding van die vergadering of samekoms van meer kerke. Die uitdrukking "hoëre" of "hoogste" vergadering is nooit gebruik nie. Onderskeid is gemaak tussen "mindere" en "meerdere" kerklike vergaderinge, en nie tussen "laer" en "hoër" vergaderinge nie. Laasgenoemde terminologie sou vreemd wees aan die reformatoriese opvatting van kerkrege=ring en eintlik 'n weerspieëling van 'n hiërargie in die kerkregering (vgl Van Dellen & Monsma, 1969, p. 121).

Hieruit blyk dat die uitdrukking "meerdere vergadering" da=teer uit die tyd van die Reformasie van die sestiende eeu. Dit is 'n aanduiding van 'n kerklike vergadering waarby meer as een plaaslike kerk deur middel van hul afgevaardig=des aanwesig is en kerklike sake op kerklike wyse behandel (vgl artikels 29, 30, 31, 41, kerkorde van die Gereformeer=de Kerk in Suid-Afrika).

Dit is in hierdie sin wat ons tot dusver en ook verder die uitdrukking "meerdere vergaderinge" gebruik. Hiervolgens sou ons nie kon praat van "kerk (ekklésia) <u>en</u> meerdere ver=gaderinge" nie, maar van "kerke <u>in</u> meerdere vergadering(e)".

## 5.2 <u>Die noodwendigheid, noodsaaklikheid en grondbeginsels van die meerdere vergaderinge</u>

Die bedoeling van hierdie studie (vgl 1.2.3) was om in die lig van Nuwe Testamentiese openbaring oor die ekklésia, die regering van die ekklésia en die eenheid en interafhanklik=heid tussen die plaaslike kerke tot 'n Skriftuurlike beskou=

ing van die meerdere vergaderinge te kom.

As ons nou die resultate van ons ondersoek nagaan, blyk dit eerstens dat die samekomste van kerke in meerdere vergade= ringe 'n noodwendigheid en noodsaaklikheid is. Dit is ook duidelik dat die meerdere vergaderinge rus op sekere basiese beginsels. In die punte wat hieronder volg, behoort die bewerings gestaaf te word.

### 5.2.1 Die noodwendigheid en noodsaaklikheid van meerdere vergaderinge

In hoofstuk 2 (vgl veral 2.3.3.3) het ons vasgestel dat die woord ekklésia in die Nuwe Testament in tweërlei betekenis gebruik word, naamlik in universele en plaaslike sin. Die plaaslike kerk <u>is</u> die universele kerk op 'n bepaalde plek. Die ekklésia is egter een. Die eenheid behoort tot die wese van die kerk. Hieruit volg noodwendig dat plaaslike kerke nie onafhanklik van mekaar staan nie. Die wese van die kerk, dat dit naamlik 'n eenheid is, hou in dat kerke die eenheid ook moet beoefen deur saam te kom.

Hoewel ons nog in hierdie hoofstuk sal aandag gee aan die wese van die meerdere vergaderinge, kan ons reeds beweer dat meerdere vergaderinge in wese juis 'n samekoms van meer kerke is in vergaderinge (vgl art 41, kerkorde van die Gereformeer= de Kerk in Suid-Afrika).

Hieruit blyk dat 'n meerdere vergadering noodwendig is. Dit vloei voort uit die wese van die kerk.

Dat dit 'n noodwendigheid en noodsaaklikheid is kan ook gesien word as ons let op die reëling van Christus vir die regering van die kerk.

In 3.3.1-3.3.3 en 4.1 het ons in diepte daarop ingegaan. Dit het geblyk dat Christus sy genadegawes en dienste in sy liggaam (die kerk) gegee het. Dié gawes en dienste moet ten behoewe van die een liggaam van Christus aangewend word. Dit gebeur wanneer die ampte in die verskillende kerke op bepaalde plekke hulle diens verrig, maar dit moet ook gebeur dat die gawes en diens van een ouderling of een kerkraad ten behoewe en ter wille van ander kerke aangewend word. Die kerke is immers een in Christus, en almal is besig om die een liggaam van Christus op te bou.

Dit is noodsaaklik dat kerke mekaar help en bystaan in die re=gering van die kerk, want in een plaaslike kerk is alle gawes nie aanwesig nie.

Dat kerke in meerdere vergadering moet saamkom berus uiteinde=lik ook nie net op die afleidings wat ons hierbo gemaak het nie, want in die Nuwe Testament word dit duidelik dat daar tussen die plaaslike kerke inderdaad 'n dogmatologiese en diakoniolo=giese eenheid bestaan het (vgl 4.2.2). In Handelinge 15 het ons dan bowenal 'n bewys van wat ons hierbo gestel het. Han=delinge 15 openbaar konkreet dat 'n kerk deur middel van sy af=gevaardigdes (van Antiochië) met 'n ander kerk (Jerusalem) ver=gader het en bindende besluite geneem het (vgl 4.3.4-4.3.5). Handelinge 15 is normatief. Die positiewe goddelike reg van die meerdere vergaderinge rus in Handelinge 15. Dit bewys die interafhanklikheid van plaaslike kerke, die noodwendigheid, noodsaaklikheid en roeping om in meerdere vergaderinge byeen te kom.

### 5.2.2 Enkele grondbeginsels van die meerdere vergaderinge

(1) Ten diepste is dit die taak en roeping van die meerdere vergadering om diens te lewer aan die Hoof, Koning en Here van die kerk, naamlik Christus. Hy heers. Sy heerskappy deur sy Woord moet deur die meerdere vergadering in en aan die kerke bedien word.

Die beginsel waaraan die meerdere vergadering te alle tye moet voldoen, is dat dit diens moet lewer aan die heerskappy van God in en deur Christus. Dit beteken dat die kerke op daar= die wyse diens lewer aan die koninkryk van God.

(2) Terwyl die ouderlinge as afgevaardigdes van kerke, aange= wys deur hul onderskeie kerkrade, in meerdere vergaderinge ver= gader, moet altyd aan die beginsel vasgehou word dat hulle ver= bonde bly aan hul onderskeie kerke. Hulle bly te alle tye or= gane van die liggaam van Christus, die kerk.

(3) Waar ouderlinge in die diens van regering staan, bly die beginsel geld dat Christus die eintlike regeerder van sy kerk is. 'n Meerdere vergadering staan nie bo of naas die kerke nie, en allermins los van Christus. Die ouderlinge (vgl (2) hierbo) moet slegs die gesag van Christus bedien op die ver= gadering ten behoewe van Christus en die kerke. Christus het nie aan hulle sy gesag oorgedra nie, en aan die amp van die ouderling is ook nie 'n posisie van gesag verbind nie.

(4) Die kerke wat deur middel van afgevaardigdes byeenkom in meerdere vergadering, verloor nie daarmee hul selfstandig= heid nie. Hulle vorm ook nie saam 'n "oorkoepelende" struk= tuur nie, heers nie oor een of meer kerke nie, maar bedien en help mekaar tot opbouing van die liggaam van Christus.

### 5.2.3 Samevatting

Die studie het ons dus nou gebring by die punt dat ons die nood= saaklikheid, noodwendigheid en beginsels van die meerdere ver= gaderinge kon insien.

In die volgende punt moet ons nou ondersoek instel hoe hierdie meerdere vergaderinge volgens die Nuwe Testamentiese "voorbeeld" begin funksioneer het.

Na ons mening het dit vir die eerste keer werklik so begin funksioneer in die tyd van die Reformasie. Die Reformasie het teen 'n bepaalde agtergrond plaasgevind, en gedurende die ses= tiende eeu het daar 'n bepaalde ontwikkeling plaasgevind ten opsigte van die regering van die kerk. Ons kan nie volledig daaraan aandag gee nie, maar volstaan met 'n kort oorsig oor die ontwikkeling wat sedert die Reformasie plaasgevind het met betrekking tot die aard van die verband tussen die plaaslike kerke.

## 5.3 Die totstandkoming van die meerdere vergaderinge 1568-1619

### 5.3.1 Die agtergrond waarteen die kerkinrigting plaasgevind het

Ons beskou hierdie agtergrond waarteen die kerkinrigting in Ne= derland plaasgevind het van belang omdat Voetius (vgl M. Bouwman, 1937, p. 74) die kerkverband, of eenheid tussen plaaslike kerke vergelyk met die eenwording van die sewe provinsies tot die een Republiek van die Verenigde Nederlande. Aan die ander kant sê Hotoman (vgl Murray, 1976, p. 9-10), regsgeleerde, diplomaat, protestant en vriend van Calvyn weer dat die State-generaal met 'n sinode van 'n kerk ooreenkom. Hieruit blyk duidelik dat die situasie in Nederland gedurende die 16e eeu sodanig was dat die burgers van die land op kerklike en polities-kulturele ter= rein een en dieselfde stryd gehad het. Die gemeenskaplike lê daarin dat gestry is vir die regte van die plaaslike gemeenskap= pe en plaaslike kerke (vgl Spoelstra, 1977, p. 4 e.v.; Murray, 1976, p. 8 e.v.).

Die plaaslike gemeenskappe was gedurende die sestiende eeu self=

regerende eenhede binne 'n "staat" en begerig om hulself te re=geer. "Hierdie wil tot plaaslike selfregering en vryheid was die belangrikste motief vir die 80-jarige oorlog (1568-1648)" (Spoelstra, 1977, p. 4).

Philips II van Spanje wou met sy Staatsabsolutisme Nederland as een koninkryk met een kerk regeer en integreer by Spanje. Hier=die voorneme het die Nederlanders in die verskillende state be=veg en dit het hulle daartoe gebring om op konfederatiewe grond=slag te verenig. Op hierdie wyse het die Verenigde Nederlande in die sestiende eeu verrys as federale republiek, met behoud van plaaslike vryhede van korporasies, groepe en state (Spoelstra, 1977, p. 5).

Teen hierdie agtergrond het die verskillende kerke in 1568 te Wesel vergader, dieselfde jaar waarin die vryheidstryd teen die Staatsabsolutisme van Philips II begin het.

### 5.3.2 Die kerkinrigting en "meerdere vergaderinge" in Nederland 1568-1619

Vanaf 1544 vind ons 'n verskeidenheid plaaslike kerke van Neder=landers buite Nederland, die sogenaamde Nederduitse vlugteling=kerke. Hulle het onder andere uitgewyk na London, Sandwich en ander plekke in Engeland, na Emden in Oos-Friesland, na Wesel aan die Benederyn, na Frankfort en die Paltz (vgl Van Schelven, 1908). Die samekoms van kerke en beoefening van kerkverband was 'n groot begeerte van hierdie vlugtelingkerke (vgl bv Van Schelven, 1908, p. 102, 183, 184, 273 en hoofstuk VIII).

Die kerke onder die kruis in Nederland het ook vanaf 1563 in kerklike "meerdere" vergaderinge begin saamkom (H. Bouwman, I, 1928, p. 308).

In 1568 het verskillende kerke te Wesel byeengekom om te besin oor hoe die plaaslike kerke mekaar kon help en bystaan, en om algemene reëlinge vir die kerkinrigting op te stel. Hulle het begeer om in 'n werklike sinode byeen te kom (vgl H. Bouwman, I, 1928, p. 309).

Van belang is dit om daarop te let dat die kerke te Wesel in die inleiding tot die Weselse artikels gestel het dat hulle nie al=leen een in leer moet wees nie, maar ook een in kerkregering en dat daar konsensus daaroor verkry moet word (vgl Rutgers, 1889, p. 9).

Die kerke was egter bang vir hiërargie, en toe die Nederlandse kerke deur middel van afgevaardigdes in 1571 te Emden byeengekom het met die oog op 'n verstandhouding met betrekking tot die kerkregering, het hulle in die eerste artikel besluit "Gheen Kerkcke sal over een ander Kerkcke, gheen Dienaer des Woorts, gheen Ouderlinck, noch Diaken sal d'een over d'ander heerschap=pie voeren, maar een yegheli jck sal hen voor alle suspicien, ende aenlockinge om te heerschappen wachten" (vgl Rutgers, 1889, p. 56).

Spoelstra (1977, p. 11) sê: "Slegs op hierdie versekering was verdere kerkinrigting en koöperasie (eenheid) in sinode moontlik. Ek meen dat hierdie reformatoriese beginsel duidelik vryheid en verantwoordelikheid vir en in elke natuurlike gemeenskap as basis onderstreep".

Uit die vergaderinge van Wesel en Emden blyk dat daar geen sprake was van 'n meerdere vergadering as 'n oorkoepelende vergadering nie. Daar is byvoorbeeld gepraat van die "versamelinghe aller Nederlantsche Kerkcken" (Art 9, Emden), wat daarop dui dat die meerdere vergadering (in nasionale sin) beskou is as 'n byeen=koms van al die kerke in Nederland.

Waar die grondslag van die reformatoriese kerkregering gelê is deur Genéve en Frankryk en Vlugtelingkerke, het die noodsaaklike afronding en ontplooiing daarvan begin by Wesel en Emden (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 135 e.v.).

Die ontwikkeling het voortgeduur tot by die sinode van Dordrecht 1618/19 waar die Dordtse kerkorde die afsluiting was van dit wat reeds op kerklike vergaderinge sedert 1571 plaasgevind het en tot stand gebring is. In hierdie kerkorde is dan ook artikels oor

die meerdere vergaderinge opgeneem.

Samevattend kan ons dus stel dat dit duidelik was dat die verskillende plaaslike kerke hulle in die tyd van die Reformasie een in Christus gevoel het. Selfs voordat daar 'n eenheid tussen die kerke op organisatoriese vlak ontstaan het, was hulle een in belydenis en geloof (vgl ook Spoelstra, 1977, p. 8). Sedert 1568 het die band tussen die kerke, selfs wyer as die Nederlandse kerke sigbaar vergestalting begin vind in kerklike vergaderinge, maar vanaf Wesel (inleiding tot artikels) en Emden (art 3) blyk dit dat daar slegs eenheid kan wees as hulle op dieselfde belydenis staan. Die plaaslike kerk se selfstandigheid was deurgaans die uitgangspunt, maar vanweë hulle eenheid in leer en eenheid in Christus het elke plaaslike kerk vrywillig toegestem om in meerdere vergaderinge saam te kom. Dit wat gesamentlik gedoen is, is ordelik vervat in bepaalde artikels van hulle verskillende kerkordes, soos dit ontwikkel het tot 1618/19.

Voetius (vgl Spoelstra, 1977, p. 10) vergelyk die sinodale verband met die huwelik: dit is deur God ingestel en daarom verpligtend, maar dit kom tot stand deur wedersydse ooreenkoms. Voetius (vgl M. Bouwman, 1937, p. 150-151) stel dit ook duidelik dat wanneer die kerkverband tot stand kom, daar geen nuwe vorm van kerk ingevoer word nie. Voetius (vgl M. Bouwman, 1937, p. 71 e.v.) gebruik verskillende name om hierdie verband tussen die kerke te omskryf, byvoorbeeld combinatio, confoederatio, communio, concorporatio, societas en ander.

Uit hierdie gegewens blyk dat die kerke van die Reformasie hulleself op die wyse van die Nuwe Testamentiese kerke probeer organiseer het. Dit blyk ook dat die reformasie juis in 'n tyd plaasgevind het waarin hoë premie geplaas is op die selfstandigheid van die plaaslike kerk, maar waarin die eenheid in Christus hulle gebring het tot sigbare organisasie tussen kerke op 'n ordelike wyse en met behoud van die gegewens in die Nuwe Testament.

5.4 <u>Die meerdere vergadering - 'n probleem</u>

Aan hierdie reformatoriese wyse van kerkinrigting het daar egter

in 1816 'n groot verandering gekom toe die Dordtse kerkorde vervang is deur die Algemene Reglement van 1816 onder koning Willem. Van Loon (1942, p. 42 e.v.) wys daarop dat die gees van die Franse Rewolusie, die invloed van die natuurreg en kol= legialisme daartoe gelei het dat die kerkregering as 'n louter tegniese kwessie gesien is wat buite die belydenis van die kerk hoort. Die kerk is gedegradeer tot 'n staatsdepartement (Van Loon, 1942, p. 221 e.v.) en as 'n genootskap beskou. Volgens hierdie reglement van 1816 is die Sinode beskou as die hoogste kerklike bestuur waaronder weer provinsiale, klassikale en ringsbesture bestaan het, wat gedelegeerde magte van die hoogste bestuur ontvang het (vgl vir Algemene Reglement van 1816: Van Loon, 1942, p. 223-235).

Dit is dan ook nie eienaardig dat die tydperk van die Doleansie 'n tydperk van konflikte was nie. Sommiges neem hul uitgangs= punt in die selfstandigheid van die plaaslike kerke en ander kon nog nie daaraan ontkom nie om die sinode as 'n oorkoepelen= de struktuur te sien wat magte en gesag oor al die kerke het. "So veg Rutgers en De Savornin Lohman met "De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijken Kerken" vir die kerkraad, terwyl H.G. Kleyn die bipolêre struktuur verdedig met 'Algemeen Kerk en plaatse= lijke gemeente'" (Spoelstra, 1967, p. 30). Dit is duidelik dat die Kollegialisme van die negentiende eeu die denke oor die aard van die verhouding tussen die plaaslike kerke vertroebel het.

Tussen die gereformeerde canonici was daar in die verloop van die stryd 'n sterk neiging om die posisie van die plaaslike kerk en kerkraad teenoor die meerdere vergadering te stel. So het hulle onbewus verval in 'n dualistiese beskouing oor die kerk= raad en meerdere vergadering omdat hulle betoog het dat die meerdere vergadering (asof dit selfstandig naas die kerkraad staan) afgeleide gesag het terwyl die kerkraad oorspronklike gesag het (vgl Spoelstra, 1964, p. 35). Dit was byvoorbeeld die gedagterigting van Rutgers, H. Bouwman en Biesterveld.

Teen hierdie devaluasie van die meerdere vergadering het M. Bouwman gereageer met sy werk oor Voetius (vgl M. Bouwman, 1937) en betoog dat die meerdere vergadering as 'n vergadering van

ampsdraers selfstandig naas die kerkraad staan (vgl M. Bouwman, 1937, p. 97 e.v.) en dat dit kumulatiewe mag het (a.w., p. 103). Die sinode word vir hom, as vergadering van ampsdraers, 'n nuwe corpus (a.w., p. 174). Netsoos Kleyn verval hy ook in dualisme waarin die algemene kerk in teenstelling met die plaaslike kerk gesien word (a.w., p. 70). Eindelik konkludeer hy (M. Bouwman, 1937, p. 74) met beroep op Voetius, dat die plaaslike kerke af= delinge is van die nasionale, provinsiale en klassikale kerk wat hy "instituut" noem. So word kerkverband dan kerk in insti= tutêre sin by M. Bouwman, en die gesamentlike ampsdraers van hierdie instituut 'n corpus.

Spoelstra (1967, p. 31) sê: "Hierdie kerkregtelike denke het veral na die kerkskeuring van 1944 toenemende invloed in die na-oorlogse kerkregtelike ontwikkeling van die Gereformeerde Kerke van Nederland verkry. Dit word weerspieël in art 31(2) van die nuwe Kerkorde wat die sinode van Assen in 1958 aanvaar het: 'Er zijn vier gewone vergaderingen: de kerkraad, de clas= sis, de particuliere synode en de generale synode. Van de kerkraad worden de drie andere vergaderinge onderskeiden als meerdere vergaderingen'". Artikel 28 van die huidige kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland stel dan ook dat hier= die vergaderinge "elk naar eigen aard, een kerklijke gezag" het, so asof die meerdere vergadering selfstandig naas die kerk= raad staan.

Samevattend gestel blyk dit dat die ontwikkeling in Nederland tot vandag nie verhelderend gewerk het tot die verstaan van meerdere vergaderinge nie. Die verwarring het ook nie net in Nederland gebly nie, maar hom uitgestrek oor die hele linie van gereformeerde kerkregtelike denke. Dit behoort verder duidelik te word in hierdie hoofstuk dat daar ook in Suid-Afrika verskil van mening oor die aard van die kerkverband en daarmee ook ver= skillende opinies oor die meerdere vergadering bestaan.

## 5.5 Die wese en samestelling van die meerdere vergadering

Een van die duidelikste definisies van 'n meerdere vergadering

vind ons by Voetius (vgl o'B Geldenhuys, 1951, p. 250): "con= ventus legitime convocati, constantes ex delegatis plurium ecclesiarum ad negotia et causas ecclesiasticas tractandas atque absolvendas" ('n wettig byeengeroepte samekoms, bestaande uit afgevaardigdes van meer kerke om kerklike sake en aange= leenthede te behandel en af te handel).

Artikel 41 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika reël die samestelling van 'n klassis soos volg: "Die klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n be= dienaar van die Woord en 'n ouderling .... afvaardig".

Dit blyk duidelik dat daar geen verskil is tussen die beginsel van art 41 Kerkorde en die definisie van Voetius nie.

Daar bestaan egter verskillende interpretasies van die artikel en definisie soos hierbo genoem. Hieronder sal blyk dat sommige die aksent plaas op "kerke", ander aksentueer die feit dat dit "afgevaardigdes" is wat byeenkom, en nog ander verstaan dit so dat dit eintlik 'n vergadering van "kerkrade" is.

### 5.5.1 Die standpunt dat dit 'n vergadering van kerke is

Spoelstra (1967, p. 26) sê: "Die ouer canonici soos A. Kuyper, H. Bouwman, F.L. Rutgers en andere plaas die nadruk op die kerke". Van der Vyver (s.j., p. 84) beklemtoon dit in besonder dat die klassis 'n vergadering van KERKE is. Bouwman (II, 1934, p. 28) sê: "De kerken komen in de meerdere vergaderingen samen", en dui die belangrikheid van die kredensiebriewe aan. Daarvol= gens stuur die kerke hulle verteenwoordigers met 'n mandaat. Hy wys ook daarop dat die afvaardiging nie kragtens hulle amp gaan nie, maar wel in hul amp. Hy (Bouwman, II, 1934, p. 128) sê egter dat die vergadering van kerke in 'n klassis soos die sino= de in sekere sin kerk genoem kan word. In die lig van ons voor= gaande grondbeginsels verskil ons van hom.

### 5.5.2 Die standpunt dat dit 'n vergadering van kerkrade is

Van der Linde (1965, p. 141 e.v.) kritiseer ook die standpunt

van H. Bouwman hierbo genoem, dat 'n meerdere vergadering ook kerk genoem kan word, en sê tereg dat dit verwarrend werk omdat die meerdere vergadering so in 'n kollegialistiese bestuurs=kollege ontaard. Van der Linde onderskei die kerkraad en kerk respektiewelik in diegene wat regeer (die regeerders) en dié wat geregeer word, en beskou dan die meerdere vergadering as 'n vergadering van regeerders, dit wil sê as 'n vergadering van kerkrade. Hy stel dat art 41 K.O die naburige kerke dadelik kwalifiseer as naburige kerkrade deurdat die bepaling bykom dat 'n "Dienaar en ouderling" afgevaardig word (vgl Van der Linde, 1965, p. 142). Hy kom tot die konklusie (a.w., p. 143): "Die meerdere vergadering word dus op tweërlei wyse gekenmerk, naam=lik deurdat dit saamgestel word uit afgevaardigdes van kerkrade en dat die afgevaardigdes ampsdraers, lede van die kerkraad is". Aansluitend hierby stel hy (a.w., p. 144): "Naas die afvaardi=ging deur die kerkrade is die amp ook van fundamentele betekenis vir die samestelling van die meerdere vergaderings".

As ons egter die besondere grondbeginsel in gedagte hou dat die amp nooit los is van die kerk in plaaslike sin nie, en insgelyks daarvan uitgaan dat die plek van die kerkraad altyd _in_ die plaas=like kerk is, dan kom dit voor dat die kwalifikasie dat 'n "Dienaar en ouderling" afgevaardig moet word, in die eerste plek terugverwys na die kerk wat afvaardig en nie na die plek waar=heen afgevaardig word nie. Dit wil sê: die afgevaardigdes bly _verbonde_ aan die "sendende" kerk, en staan nooit op hulle eie in 'n nuwe regeerliggaam nie. Hulle kan egter gestuur word om saam met ander kerke (se afgevaardigdes) te vergader omdat hulle nie _gebonde_ is om hulle diens en gawes net plaaslik aan te wend nie, maar ook geroep word om ten behoewe van die univer=sele kerk van Christus (waar dit ookal op ander plekke bestaan) te dien. Van der Linde (1965, p. 143) stel tereg dat die meer=dere vergadering nie los of verhewe bo die kerkraad as 'n nuwe regeerliggaam staan nie.

Spoelstra (1964, p. 33 e.v.; 1966, p. 260) stem op hierdie punt saam met die bogenoemde standpunt van Van der Linde dat die meer=dere vergadering 'n vergadering van kerkrade is. Hy noem dit 'n

kerkraadsvergadering (gesien van die kant van elke daarbybehoren=de kerk) en ag dit 'n verlengstuk te wees van die kerkraad in enger sin (Spoelstra, 1964, p. 33-34). Later stel hy dit egter enigsins anders deur te beklemtoon dat die sinode 'n vergadering is, 'n gebeure en samekoms waar bevoegde verteenwoordigers hulle gesagvolle besluit kom neem (Spoelstra, 1977, p. 59).

### 5.5.3 Die standpunt dat dit 'n vergadering van ampsdraers is

M. Bouwman (1937, p. 86 e.v.) verplaas die aksent van "kerke" na "delegatis" wat hy dan ook op p. 86 kursiveer. Hy interpreteer Voetius so dat hy van oortuiging is dat die meerdere vergadering gekenmerk word deur afvaardiging en tweedens deur die feit dat die lede van die meerdere vergadering 'n amp beklee: "Het ambtelijk karakter harer leden is naast de delegatie een wezen=lijk kenmerk van de meerdere vergaderingen" (a.w., p. 90).

Hy maak die belangrike opmerking dat die meerdere vergadering 'n vergadering van ampsdraers is wat ampshalwe gaan en nie kragtens delegasie nie (M. Bouwman, 1937, p. 91). Op hierdie wyse lei hy dan oorspronklike gesag af vir die meerdere vergadering; dit word 'n vergadering naas die kerkraad (a.w., p. 98), 'n self=standige corpus waarvan iemand lid kan word (a.w., p. 98). Die kerkraad word gedegradeer omdat volgens hom die meerdere verga=dering die eintlike kerkraad van die kerk(e) is (vgl a.w., p. 99-100).

Met hierdie beskouing van M. Bouwman, word bepaalde beginsels verkrag. Hy hef byvoorbeeld die onderskeiding tussen plaaslike en universele kerk prakties op, en laat die plaaslike kerk op kollegialistiese wyse deel word van 'n geheel, ondergeskik aan die meerdere vergadering. Andersyds opereer hy op dualistiese wyse met kerk en meerdere vergadering(=kerk). Hy maak die ampte los van die kerk waaraan hulle verbind is, en deur samevoeging van "ampsdraers" word dan selfstandige mag en gesag aan die meer=dere vergadering verleen (vir meer volledige kritiek, vgl Spoel=stra, 1967, p. 27 e.v.; 1964, p. 33 e.v.).

### 5.5.4 Die wese van die meerdere vergadering

In artikel 41 K O en die definisie van Voetius van 'n meerdere vergadering (vgl eerste paragraaf van 5.5 vir aanhalings) het ons tog 'n duidelike omskrywing van die wese van die meerdere vergadering, op voorwaarde dat alle "komponente" met ewe veel aksent gelees word.

Dit is duidelik 'n vergadering van meer kerke, want hier moet in die eerste plek aan die beginsel vasgehou word dat daar tus= sen plaaslike <u>kerke</u> 'n eenheid bestaan wat ook op sigbare diakoniologiese vlak soos in die regering van die kerk verge= stalting moet vind. <u>In</u> die plaaslike kerke is daar egter ouder= linge en bedienaar(s) van die Woord aan wie die diens en funksie van regering opgedra is soos organe in die liggaam. Hulle word nooit kragtens hulle amp 'n aparte liggaam teenoor die kerk nie, is ook nie vanself verteenwoordigers van die kerk nie, en bly te alle tye aan en in die kerk verbonde. Hulle is in die kerk inbegrepe, en nie die kerk in hulle nie. Daarom is hulle steeds verbonde aan hulle plaaslike kerk wanneer hulle gestuur word om saam met ander afgevaardigdes in 'n meerdere vergadering saam te kom. Omdat die kerkraad dus nie iets is wat opsigself be= staan nie, maar alleen binne die kerk waarin hulle dien, kan hulle dus nie bloot as kerkrade met mekaar saamkom nie, maar wel as kerke.

Dat dit 'n vergadering van kerke is blyk ook nog uit die feit dat hulle kragtens artikel 33 K O (Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika) met geloofsbriewe en opdragte van die plaaslike kerk (die funksie uitgeoefen deur die kerkraad) gestuur word as af= gevaardigdes. Op hierdie wyse verteenwoordig hulle die plaaslike kerk en tree hulle ten behoewe van die verskillende plaaslike kerke wat verteenwoordig word, op. <u>In</u> hulle is dit prakties dan die kerke wat mekaar dien en help in sake wat op dié vergadering kragtens artikel 30 K O behandel en afgehandel moet word. "Juist door de credentiebrieven wordt openbaar, dat de afgevaar= digden verteenwoordigers eener kerk zijn, en namens haar kunnen handelen" (H. Bouwman, II, 1934, p. 140).

Hiermee het ons dus aangetoon dat afvaardiging ook een van die wesenskenmerke is van die meerdere vergadering. Dit is nie maar

'n vergadering van persone of ampsdraers kragtens hulle amp nie, maar beslis 'n vergadering van afgevaardigdes met lasbriewe (vgl H. Bouwman, II, 1934, p. 17; Rutgers, 1971, p. 17). Al die lede van die kerkraad sou na 'n meerdere vergadering kon gaan (vgl M. Bouwman, 1937, p. 95 e.v.), maar selfs dan kan hulle nie sonder kredensiebrief gaan nie, en sou onses insiens art 33 K O so verstaan moet word dat die plaaslike kerk wat hulle verteen= woordig, self die mandaat daartoe gee onder leiding van die kerkraad. Die lasbriewe is geen formaliteit nie, maar noodsaak= lik omdat daardeur die karakter van die meerdere vergadering be= paal word (H. Bouwman, II, 1934, p. 59).

Dit is, om saam te vat, 'n vergadering van <u>kerke</u>, bestaande uit <u>afgevaardigdes</u>. Met ewe veel aksent moet egter daarop gelet word dat die afgevaardigdes gekwalifiseer word as 'n bedienaar van die Woord en ouderling. Die noodsaaklikheid van die afvaar= diging van 'n lerende en regerende ouderling na 'n meerdere ver= gadering lê nie daarin om daaruit af te lei dat die meerdere vergaderinge daarmee 'n eie selfstandige corpus bo die kerkraad word nie (so bv M. Bouwman, vgl 5.5.3 hierbo). Die noodsaaklik= heid daarvan lê reeds opgesluit in die feit dat daar in elke kerk besondere manne gegee is wat die genadegawes het en in die amp van ouderling verkies is en aan wie die taak van regering, diens, leiding en hulp opgedra is. Waar kerke saamkom in meer= dere vergaderinge is dit dus vanselfsprekend dat hierdie selfde manne (ouderlinge) afgevaardig moet word, want ook daar is hulle besig met regering, leiding en diens ten behoewe van al die kerke wat daar saamgekom het. Om hierdie rede verskil ons van Bouwman (II, 1934, p. 21 en 135) en Spoelstra (1966, p. 261) wat meen dat daar in uitsonderlike gevalle ook 'n gemeentelid of diaken afgevaardig kan word. Die konsekwensie daarvan sou wees dat 'n gemeentelid of diaken ook in uiterste gevalle kan dien as ouderlinge binne die plaaslike kerk. Daar word ook nie rekening gehou met die reëling wat Christus self getref het vir die regering van sy kerk nie.

In die laaste plek wys ons nog daarop dat die ou kerkordes van die Gereformeerde kerke vanaf 1571 tot 1618/19 almal die meer=

dere vergadering 'n "conventus", "versamelingh van kercken" (vgl art 7, Emden) of "Kerckelicke t'samen-comsten" genoem het (art 26, Den Haag, 1586). Ons het reeds daarop gewys dat Voetius dit "conventus legitime" genoem het; hy het in 'n ander definisie die klassisvergadering "conventus classicus" genoem (vgl M. Bouwman, 1937, p. 86).

Ons wil beweer dat hierdie name ook iets weergee van die wese van die meerdere vergadering, want die enigste afleiding wat ons kan maak is dat die ou kerkordes dit duidelik beskou het as "samekomste" en nie as permanente liggame of oorkoepelende kerklike strukture nie. Hierdie vergaderinge was egter nie iets terloops of net "'n geleentheid" soos Spoelstra (1977, p. 59) dit stel nie. Die meerdere vergaderinge het gereeld byeengekom om te besin, op mekaar toe te sien, mekaar te lei en om kerklike sake te behandel en af te handel.

Ons konkludeer dat art 41 K O en die definisie van Voetius oor die wese en samestelling van die meerdere vergadering, duidelik en reg is. Dit is ook my oortuiging dat die ou gereformeerde kerkordes in hul siening van die meerdere vergadering ooreenstem met die grondbeginsels wat ons uit die Skrif afgelei het.

## 5.6 Die gesag van die meerdere vergadering

### 5.6.1 Inleiding

Waar daar oor die wese en samestelling van die meerdere vergade=ring, soos ons aangetoon het, 'n verskeidenheid standpunte en verskille bestaan, is dit nog meer die geval as ons by die ge=sag van die meerdere vergaderinge kom. Ons bedoeling is nie om op al die standpunte daaroor in te gaan nie, maar om aan te toon dat daar grootliks verwarring en verskille bestaan. Daarom handel ons slegs oorsigtelik daaroor, en wil ons graag meer konsentreer op 'n standpunt wat onses insiens in die Skrif ge=fundeer is. Ons wys ook daarop dat as ons van "sinode" praat, ons dit verstaan as meerdere vergadering, en nie as "nuwe regeer=liggaam" wat los van kerk en kerkraad as 'n struktuur bestaan

nie. Met hierdie verstandhouding mag ons dan afwisselend van "sinode" of "meerdere vergadering" praat. Die opskrif Die gesag van die meerdere vergadering veronderstel nie dat ons reeds aan= vaar dat die meerdere vergadering in homself gesag het nie, maar dien bloot as opskrif van die onderwerp.

### 5.6.2 Enkele standpunte krities beoordeel

#### 5.6.2.1 Die standpunt dat dit afgeleide gesag het

Uit wat hieronder volg sal dit duidelik word dat sekere canonici op verskillende maniere te werk gegaan het om gesag vir die meerdere vergadering af te lei: sommige lei dit van die kerk of kerkraad af, ander van die ampsdraers en/of afgevaardigdes. Ons wil agtereenvolgens hierby stilstaan, maar met Spoelstra (1967, p. 30) saamstem dat sodra die vraag gevra word waarvan die gesag van 'n sinode afgelei moet word, reeds veronderstel word dat die meerdere vergadering daarmee 'n selfstandige lig= gaam buite die kerkraad geword het.

Dit is ook duidelik dat die historiese ontwikkeling in kerkreg= telike denke in die negentiende eeu, toe die Kollegialisme 'n grondverskuiwing in die hele kerkbegrip meegebring het, die grootste oorsaak was van die verwarring wat oor die vraag na die gesag van meerdere vergadering ontstaan het. Volgens die Kollegialisme (vgl 5.4) was die meerdere vergadering 'n struk= tuur, 'n bestuursliggaam van al die kerke en ge-assosieer met die Algemene Kerk waarin "gemeentes" saamgetrek word. Kerke word dus regeer deur die Sinode as gesagsliggaam. In die Doleansie is hierteen in verset gekom. Dit was veral Rutgers (vgl sy werke: Het Kerkverband ......, 1882; De Rechtsbevoegd= heid ....., 1887 deur Lohman en Rutgers; De geldigheid ......., 1971), A. Kuyper (in sy Tractaat van de Reformatie ....., 1883) en H. Bouwman (in Gereformeerd Kerkrecht, 2 dele, 1928 en 1934 respektiewelik) wat in reaksie gekom het teen die Kollegialisme, en die reg van die plaaslike kerk verdedig het.

Teenoor die mag van die Sinodale Besture, stel hulle (vgl De Savornin Lohman en Rutgers, 1887, p. 89-95) die selfstandigheid

van die plaaslike kerk. Hulle laat blyk dat die mag in die plaaslike kerk is, en dat die sinode sy mag ontleen aan die kerklike vergaderinge wat afvaardig. Die gesag van die meerdere vergaderinge is dus nie oorspronklik nie, maar afgelei uit die kerkrade.

A. Kuyper (1883, p. 13 e.v.) beklemtoon dit dat daar "geen ambt zonder institutie van den Koning en oplegging van zijn koninklik gezag" (a.w., p. 18) is nie, en wys daarop dat hierdie ampte (ouderlinge en bedienaars van die Woord) aan die plaaslike kerk gebind is.

Bouwman (II, 1934, p. 19, 22-27, 49 e.v.) stel met oortuiging dat die meerdere vergadering geen hoër gesag of bestuursmag oor die kerke het nie. Dit het slegs afgeleide mag (a.w., p. 18). Die mag van die meerdere vergadering is mag wat van die kerke deur die afgevaardigdes oorgedra is (a.w., p. 23). Daarom is hy van oortuiging dat die mag van die meerdere vergadering klei= ner, beperkter is as dié van die kerkraad (Bouwman, II, 1934, p. 22, 47).

Hierdie gedagtes van bogenoemde canonici het inslag gevind, so= dat baie algemeen aanvaar word dat die gesag van die meerdere vergadering afgeleide gesag is. Ons verwys byvoorbeeld na Bos (1950, p. 144) wat sê: "Elke mindere vergadering is krachtens het aan de meerdere vergadering verleénde gezag verplicht ..."

Van der Linde (1965, p. 150-151) kritiseer met reg hierdie stand= punt van afgeleide gesag, en wys daarop dat dit lei tot misken= ning van die meerdere vergadering as 'n vergadering waarin regeer word. Dit kom eintlik daarop neer dat die kerkrade daarna weer die besluite sal moet toets (Van der Linde, 1965, p. 151), en dit stem ooreen met die sogenaamde ratifikasiereg (vgl hieroor bv Spoelstra, 1966, p. 195-197).

Die ouer gereformeerde canonici wat dus met hierdie standpunt be= gin het uit reaksie, het hiermee nie die antwoord gegee op die vraag na die gesag van meerdere vergaderinge nie. In die tyd van

die Doleansie het Kleyn (1888) onder andere die teenoorgestelde betoog. Hy is van oortuiging dat die meerdere vergadering 'n verenigde mag verkry deurdat die verskillende kerke 'n groter mag beteken wanneer hulle saamkom (vgl Kleyn, 1888, p. 22). Kleyn het ook bepaalde navolgers gehad. In resente jare skryf Tukker (1965, p. 27) nog in sy proefskrif: "Evenmin ontstaan de classes door vrijwillige vereniging van een aantal Kerken, maar door samevoeging op instignatie van het geheel van de Kerken". Hy bestempel die standpunt van De Savornin Lohman en Rutgers as onhistories en ag die standpunt van Kleyn korrek (a.w., p. 27). Soos Kleyn beroep hy hom daarop dat die kerklike vergaderinge ook bestaan het uit predikante wat nie afgevaardig was nie, en dus kon die gesag van meerdere vergadering nie van die kerkrade afgelei word deur hulle afgevaardigdes nie (vgl Kleyn, 1888, p. 66; Tukker, 1971, p. 27).

Soos ons hierbo in die eerste paragraaf gestel het, is daar ook nog ander metodes gevind om die gesag vir die meerdere vergade= ring af te lei.

Weer eens vind ons 'n oorreaksie as M. Bouwman ter verdediging van die gesag van die sinode teenoor die kerke tegelyk daarmee kom tot die devaluasie van die kerkraad (vgl ook hieroor: Spoelstra, 1967, p.31). Waar Rutgers en andere die gesag van die meerdere vergadering op beperkte wyse wou aflei van die kerkrade wat afvaardig, kom M. Bouwman met die opvatting dat die gesag afgelei word van die "amp" wat in die ampsdraers op die meerdere vergadering aanwesig is (vgl M. Bouwman, 1937, p. 85 e.v.). Verder lei M. Bouwman dit af van die afvaardiging wat as afgevaardigdes hulle magte op die sinode saamvoeg sodat dit 'n groter mag as dié van kerkrade word (a.w., p. 159 e.v.). Daarom noem hy die gesag van die sinode, 'n ontleende, afgeleide, nie-oorspronklike, kumulatiewe en sekondêre mag (a.w., p. 160-175). Hiermee sluit hy dan openlik aan by Kleyn, en aanvaar die Sinode as oorkoepelende kerk (vgl a.w., p. 68). Hy opereer met 'n bi-polêre gesagsbegrip wanneer hy (vgl M. Bouwman, 1937, p. 174) sê dat die meerdere vergadering nou eenmaal geen kerk= raad is nie. Die meerdere vergadering is 'n selfstandige corpus

met ampsdraers as lede naas die kerkraad volgens M. Bouwman (vgl 5.5).

Hierdie opvatting van M. Bouwman het beslis sy neerslag gehad soos blyk uit die kerkstryd in Nederland gedurende 1944 (vgl Spoelstra, 1967, p. 31). Die huidige kerkorde van die Gerefor=meerde Kerken in Nederland (vgl art 28 en 44) ken op voetspoor van M. Bouwman aan elke kerklike vergadering sy eie gesag toe omdat elkeen saamgestel is uit ampsdraers wat in hul amp gesag saambring en besit (vgl Nauta, 1971, p. 121 e.v. en p. 176 e.v.).

In die Kerkbode skryf ds. S.M. van Vuuren (21 Junie 1978, p. 792 e.v.) onlangs, dat wanneer 'n gemeente in die kerkverband tree, delegeer die kerkraad 'n mate van daardie gesag aan die meerdere vergadering wat dan beteken dat die meerdere vergade=ring 'n volledige gesag besit.

5.6.2.2 Die standpunt dat die meerdere vergadering selfstandige gesag besit

Nadat Van der Linde (1965, p. 146-151) die standpunte van gere=formeerde canonici krities onder oë geneem het, gewys het op die verwarring van hul gesagsbegrip en ook aangetoon waarom hy van M. Bouwman verskil, het hy daarmee die gedagte dat die gesag van meerdere afgeleide gesag is, verwerp (a.w., p. 151). Hy sê egter op p. 151: "Die meerdere vergaderings het 'n selfstandige, outoritatiewe mag. Dit het jurisdiksie oor die plaaslike kerk=rade .... Die mag van die meerdere vergaderings is kumulatief... Dit sluit nie die mag van die kerkraad uit nie, maar neem 'n plek in naas die van die kerkraad". Spoelstra (1967, p. 32) kritiseer hierdie standpunt en sê: "Sodoende het daar dan tog 'n nuwe re=geerliggaam, los van en in 'n sekere opsig onafhanklik van en selfs op "eie terrein" verhewe bo die kerkraad tot stand gekom".

Die vraag is egter of Spoelstra dit reg vertolk, want op 'n ander plek wys Van der Linde (1965, p. 143) beslis die gedagte af dat die meerdere vergadering los of verhewe bo die kerkraad as nuwe regeerliggaam bestaan. Van der Linde (a.w., p. 151) neem sy

uitgangspunt in Handelinge 15 waarin die positiewe goddelike reg van die meerdere vergadering geopenbaar is. Sy bedoeling spreek miskien duideliker as ons 'n soortgelyke standpunt van Flemming (1973, p. 72-73) daarmee saamlees: "Die gesag berus in die wil van God, die jus divinum positivum van die meerdere vergadering. Dit is nie 'n afgeleide gesag nie, maar 'n oor= spronklike gesag deur God gegee .... Die gesag van die meerdere vergadering berus primêr op die positiewe goddelike reg van die vergadering om die Woord van God te verklaar en te bely sodat dit by wyse van 'n besluit aan die kerke opgelê kan word met die oog op hul eenheid in Christus Jesus".

Dit is dus so dat die meerdere vergadering kan funksioneer (dit wil sê: kerke moet saamkom in vergadering), maar die vraag is hoe verstaan ons die samekoms, is dit 'n vergadering naas of los van die kerke of is dit 'n vergadering <u>van</u> kerke?

Myns insiens is een van die kernvrae oor die kwessie van die ge= sag van meerdere vergaderinge die volgende: Het sogenaamde ampsdraers kragtens hulle amp van Christus gesag ontvang sodat hulle dan gesag het - gesag wat byvoorbeeld saamgevoeg, saamge= bring of gedelegeer kan word? Of: <u>Bedien</u> die ouderling, of diegene wat in die opsienersamp staan die gesag van Christus in die plaaslike kerk of saam in die kerkraad ten behoewe van die kerk en ook saam in die meerdere vergadering ten behoewe van meer kerke? Dit kom my voor dat laasgenoemde standpunt die korrekte is. In die volgende punt sal ons verder hierop ingaan.

### 5.6.3 <u>Die gesag van die meerdere vergadering</u>

Dat daar groot verwarring is oor die gesag van die meerdere ver= gaderinge blyk duidelik uit wat hierbo uiteengesit is. Net soos dit 'n valse probleemstelling was om kerk en kerkraad teenoor mekaar te stel met die daarop volgende vraag wie dan die meeste gesag sou hê (vgl 3.4.2), so is dit myns insiens nou ook weer 'n valse probleemstelling wat geskep word wanneer die kerkraad en meerdere vergadering teenoor mekaar gestel word, en dan gepoog word om by wyse van afgeleide gesag, saamgevoegde gesag enso=

voorts 'n antwoord te vind op die vraag na die gesag van die sinode. As ons die grondbeginsel vashou dat daar maar net een liggaam is, naamlik die kerk self, dat die kerkraad slegs in die kerk bestaan en dat kerke in meerdere vergaderinge kan saam=kom, verval vele geskepte probleme.

Die belangrikste fout wat egter gemaak word, is om te opereer met die gedagte dat die amp, hetsy alleen of saam in vergadering, iets is waaraan gesag gekoppel is, asof dit opsigself 'n posisie met mag is. Dit verlei myns insiens die Gereformeerde kerken in Nederland (vgl art 28 K O) om te onderskei tussen goddelike en kerklike gesag (Nauta, 1971, p. 19, 121 e.v.). Al word met kerklike gesag nie gelyke gesag met die goddelike gesag bedoel nie, werk dit nietemin 'n dualisme in die gesagsbeskouing mee. So het die Westminster-Sinode van 1647 ook gemeen dat die be=sluite van die vergadering met eerbied en onderworpenheid ge=hoorsaam moet word omdat dit gedank moet word aan die mag van die vergadering (vgl Greijdanus, s.j., p. 17).

Dat die amp opsigself geen gesag het nie, het ons reeds indrin=gend en Skriftuurlik beredeneer (vgl 3.2.6 en 3.4.2). Same=vattend gestel, herhaal ons dat daar slegs een gesag in die kerk is, naamlik die gesag van Christus as Koning, Hoof en Here. Hy gee nie van sy gesag in die hande van mense of aan mense in die ampte nie, maar oefen dit self uit deur sy Woord en Gees. Ouderlinge wat geroep word om te regeer, kan dit nooit in eie naam doen nie, maar met die Woord alleen onder leiding van die Gees, en so in die naam van Christus wat alle mag en gesag het. Alleen insoverre hulle dan die werk van die Here doen, dra hul=le besluite gesag. Die werk van enige kerklike vergadering is om die Woord te bedien, en die taak van die kerk is om die Woord wat bedien is, te gehoorsaam. Calvyn (Institusie, IV, 9, 2) verklaar die gesag van die konsilies juis op grond daarvan: "Waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle mid=de" (Mt 18:20).

Calvyn (Institusie, IV, Hoofstuk 9, veral 9, 8) handel oor die gesag van die konsilies, en dan erken hy die gesag van hul be=sluite mits dit rus op die Woord van God. Eers dan is dit gesag=

vol. "Die ampsgesag is te alle tye diakonia, bediening van die gesag van die Hoof in die bediening van sy Woord" (J.J. van der Walt, 1976, p. 66).

Die gesag van die meerdere vergadering is dus bedienende gesag, en die mag van die meerdere vergadering is die handhawing van die Woord deur die tug (vgl J.J. van der Walt, 1976, p. 158 e.v.). Hierby aansluitend skryf Jonker (1965, p. 12) dat die sleutelmag nie soseer 'n potestas is nie, maar 'n diakonia. Dit geld natuurlik alle kerklike vergaderinge wat by die tug be= trokke raak.

Dit blyk dus dat die gesag van die meerdere vergadering daarin bestaan dat dit as instrument in die hand van Christus sy gesag moet bedien. Dit is 'n roeping en opdrag. Juis omdat dit 'n opdrag en roeping is, en die meerdere vergadering as samekoms van kerke rus in die positiewe goddelike reg het hy dan ook die reg om bindende besluite te neem wat die kerke opgelê kan word, soos dit in Handelinge 15 die geval was. In hierdie verband het ons ook reeds daarop gewys dat die manier of wyse waarvol= gens die meerdere vergadering tot 'n besluit kom, opgesluit lê in die woord, "krinein" (vgl 4.3.4(4), Hand 16:4), dit is, om soos 'n regter te oordeel, om standpunte in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees te ondersoek (Hand 15:28).

Die besluite van meerdere vergadering word só vasgestel, en nie deur blote meerderheid van stemme nie. Die gesag lê nie primêr in die kwantiteit stemme nie, maar in die kwaliteit. J.J. van der Walt (1976, p. 143) wys daarop dat die besluite mutuo consensu, dit is "met wedersydse instemming", en nie met consen= sus omnium geneem word nie, sodat daar selfs nie deur stemming enige heerskappy van mense sal wees nie.

Die Christus-regering in die kerk, en in kerklike vergaderinge moet daarom deur die kerkorde van die kerke beskerm word. Jonker (1965, p. 26) verklaar met reg dat die voorsorgmaatreël teen mense-heerskappy in die kerk getref is wanneer die Woord van

God die grens is van alle kerkregering. Daarom moet die kerk=orde ruimte maak vir die kontrolering van elke kerklike hande=ling of beslissing deur die Woord van God (Jonker, 1965, p. 27).

In hierdie verband moet ons die belangrikheid en noodsaaklikheid van artikels 31, 36 en 84 K O van Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika insien. Dit is dan juis ook hierdie artikels wat in die sogenaamde Vrymaking van 1944, ten tye van die stryd in die Ge=reformeerde kerken in Nederland, in gedrang gekom het. Veral rondom artikel 31 K O was daar ernstige verskil in interpretasie (vgl bv J. Ridderbos, 1944, p. 20 e.v.); Jonker, 1965, p. 29-30 en veral ook voetnoot 111, vir verdere bronne daaroor). Op die hele stryd kan ons nou nie ingaan nie.

Art 31 K O lê die Woord van God neer as die grens vir alle kerk=like besluite. Dit stel die gesag van die Woord sentraal, en is 'n belydenis dat die Woord alleen gesag het (vgl ook J.J. van der Walt, 1976, p. 164; Jonker, 1965, p. 28-29). Die toepas=sing van art 31 K O onderskei die kerk van die valse kerk "wat aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God ...." (art 29, Nederlandse Geloofsbelydenis). Art 31 K O bied dus die ruimte of deurgang vir die Woord van God sodat die Woord van God die eerste en laaste sê sal hê in kerk en meerdere vergadering. Op hierdie wyse regeer die Koning dan self sy kerk.

In hierdie verband moet ons immers ook art 33 K O sien, want vol=gens die <u>inhoud</u> van die geloofsbrief het die afgevaardigdes na meerdere vergaderinge die opdrag om namens die kerke slegs be=sluite te neem in ooreenstemming met die Woord van God en die belydenis. In art 33 K O het ons dus vanaf die begin van die meerdere vergadering die ruimte geskep vir die regering van die Woord van God, terwyl art 31 K O, met die oog op menslike sondig=heid, die ruimte oophou sodat die besluite getoets kan word aan die Woord.

So moet art 36 K O ook verstaan word: "Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad, wat die partikuliere sinode oor die klassis .... het". Dit moet saam met artikels 30 en 84 K O

gelees word (J.J. van der Walt, 1976, p. 150). Artikel 36 K O mag nie so verstaan word asof die nasionale of algemene sinode dan tog in kollegialistiese sin die "hoogste" gesag het nie (Meulink en De Wolff, 1967, p. 83). "In die organiese eenheid van die kerkorde open artikel 36 weer hoegenaamd nie die weg tot kollegialisme nie" (J.J. van der Walt, 1976, p. 151). Dit be= teken nie dat elke kerklike meerdere vergadering as liggaam 'n eiesoortige gesag het (so, Nauta, (1971, p. 121 e.v.), soos die Kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, art 28 ook stel nie: "Deze vergaderingen hebben, elke naar eigen aard, een kerkelijke gezag, haar door Christus verleend"). Art 36 in die Latynse teks lees "auctoritas" wat ons met "seggenskap" vertaal. Van Dellen en Monsma (1969, p. 116-117) wys daarop dat dit juis nie vertaal moet word met "jurisdiksie" nie, maar eerder met "dieselfde regte" ("same rights"). In die lig hier= van en in die lig van die feit dat ons art 36 saam met artikels 30 en veral 84 K O moet lees, is ons van oortuiging dat art 36 in die eerste plek wil verhoed dat "kerkverband" 'n opsionele saak word. Dit beklemtoon naamlik die goddelike reg van meer= dere vergaderinge wat die reg het om gesagvolle besluite te neem waaraan mindere vergaderinge gehoorsaamheid moet bewys.

Art 84 K O lui: "Geen kerk mag oor ander kerke ....... enige heerskappy voer nie". In die lig hiervan is dit duidelik dat dit nie kollegialisties verstaan mag word nie. Omgekeerd bewys art 36 K O dat art 84 K O weer nie independentisties verstaan mag word, asof die gesag oorspronklik by die plaaslike kerk of kerkraad lê wat besluite kan ratifiseer nie (vgl ook J.J. van der Walt, 1976, p. 150; Van Dellen en Monsma, 1969, p. 336). Ons het ook reeds daarop gewys dat art 84 K O in die "kerkorde" van Emden 1571 die heel eerste artikel was omdat in die meerdere vergadering geen menslike heerskappy gevoer mag word nie, maar die regering van Christus as Hoof van die kerk sentraal moet staan soos dit juis in elke plaaslike kerk bely was. Hierdie artikel vloei voort uit reaksie teen die Roomse Katolieke Kerk waar die pous die hoof van die kerk en die hoof van die konsi= lies is.

Die gesag van die meerdere vergadering mag dus nooit in die mens

of amp of ampsdraer of kerkraad of in die meerdere vergadering self gesoek word nie. Die gesag van Christus self en soos Hy dit self uitoefen en handhaaf in en deur sy Woord onder leiding van die Heilige Gees, is die enigste gesag en mag in die kerk en kerklike vergaderinge. In hierdie verband is artikels 30, 31, 33, 36 en 84 van kardinale belang en noodsaaklik omdat ons daar die ruimte en belydenis het dat Christus sy kerk deur sy Woord regeer, en dat die kerk en kerklike vergaderinge gegrond in die wil van God geroep word om diens te lewer aan die Hoof en liggaam deur gesagvolle besluite te neem.

## 5.7 Die karakter en kenmerke van die meerdere vergadering

Daar is nog baie fasette rondom die meerdere vergadering wat aandag kan geniet, veral as ons byvoorbeeld sou konsentreer op al die artikels in die Kerkorde wat direk of indirek handel oor die meerdere vergadering. Omdat dit buite die bedoeling van hierdie studie val, kan ons nie daaraan aandag gee nie. Ons be= paal ons egter vervolgens by die karakter en kenmerke van die meerdere vergaderinge.

Daar is na ons mening sekere besondere kenmerke van die meerdere vergadering wat die karakter daarvan die duidelikste weerspieël:

(1) Art 30 K O: "Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort";

(2) Art 35 K O: "Op meerdere vergaderings presideer 'n bedie= naar van die Woord ........Sy amp hou op as die vergadering be= eindig is".

(3) Art 44 K O: "......om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou ....."

(4) Die afwesigheid van die diakonale amp in meerdere vergade= ringe.

Behalwe die artikels van die Kerkorde hierbo genoem, is daar ook nog ander wat die karakter van die meerdere vergadering wesenlik weerspieël. Daaraan, artikels 31, 33, 36 en 84, het ons egter reeds aandag gegee (vgl 5.6.3).

### 5.7.1 Art 30 Kerkorde

Saam met artikel 30 Kerkorde wil ons die definisie van Voetius (vgl 5.5) oor die meerdere vergadering ook hier aanhaal: "Conventus legitime convocati, constantes ex delegatis plurium ecclesiarum *ad negotia et causas ecclesiasticas tractandas atque absolvendas*" (ons kursiveer die hier ter saaklike woorde).

In hierdie artikel word bepaalde grondbeginsels toegepas. In die eerste plek word dit beheers deur die beginsel dat die kerk in hierdie wêreld is, maar nie van hierdie wêreld nie. In hoof=stuk 2 het ons gewys op die besondere plek van die kerk in die wêreld, sy wese as liggaam van Christus en sy besondere verhou=ding met Christus as die Hoof. Artikel 30 handhaaf die feit dat die kerk 'n eiesoortige taak en funksie het, onderskeie van die wêreld. In die tweede plek pas dit dié beginsel toe dat kerke in verband, in onderlinge eenheid en interafhanklikheid met mekaar staan, wat ook sigbaar vergestalting moet vind in die kerkregering. In die derde plek pas dit dié beginsel toe dat daar plaaslik 'n raad van die kerk sal wees (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30), en dat die swaartepunt van die kerk=regering by die plaaslike kerk lê.

Om hierdie redes word daar gepraat van "kerklike sake", en dat sake wat in 'n mindere vergadering nie afgehandel kan word nie, dan die agenda word van die volgende meerdere vergadering.

Kerkregtelikes is dit eens dat die agenda van die meerdere ver=gaderinge eintlik al kleiner behoort te word, en dat die laaste sin van die artikel (dat sake wat "tuishoort" op die meerdere vergadering) beperkend vertolk moet word. Die rede daarvoor is dat die meerdere vergaderinge nie vergaderinge "naas" die kerk=rade is nie, en dus geen aparte regeerliggame is nie (vgl

Bouwman, II, 1934, p. 33 e.v.; Spoelstra, 1966, p. 188 e.v.).

Dit gaan myns insiens nie in artikel 30 oor die vraag wie die meeste mag of gesag het, die kerkraad of meerdere vergadering of mindere of meerdere vergaderinge nie, omdat ons reeds in 5.6.3 gestel het dat dit 'n valse probleemstelling sou wees. Omdat dit wel gedoen is deur gereformeerde canonici in die tyd van die Doleansie en rondom 1944 (vgl M. Bouwman, 1937, p. 246-247; Meulink en De Wolff, 1967, p. 78; Van der Linde, 1965, p. 155, veral voetnote 189 en 190; J. Kamphuis, 1966, p. 131 e.v., p. 153; H. Bouwman, II, 1934, p. 22 e.v.), was artikel 30 netsoos artikel 31 telkens in gedrang, en is daar verskil oor die interpretasie daarvan. M. Bouwman (1937, p. 246-247) kritiseer byvoorbeeld die standpunte van Rutgers, Lohman en Jansen omdat Jansen sê dat die mag van die meerdere vergadering beperkter is as dié van die kerkraad, en betoog dat die meerdere vergadering 'n opsigselfstaande vergadering naas die kerkrade is. M. Bouwman (1937, p. 235 e.v.) meen ook dat die meerdere vergadering daarom die besluite van die mindere vergadering kan vernietig omdat appélreg ook die reg van "cassatie" (vernietiging) veronderstel. Daarteenoor beweer Rutgers, Jansen en Van Lonkhuyzen dat dit kollegialisties is (M. Bouwman, 1937, p. 242-245). Hierdie soort sake was ernstig onder bespreking, soos hierbo genoem. (Vgl daaroor byvoorbeeld die tugreg van meerdere vergadering, Van der Linde, 1965, p. 154 e.v.).

Artikel 30 beklemtoon egter die beginsel dat die kerke mekaar onderling moet help en bystaan sodat wat plaaslik nie afgehan= del <u>kan</u> word nie, op die meerdere vergadering behandel en afge= handel moet word. So was dit in Handelinge 15 die geval met die kerk van Antiochië, wat, nadat hulle die kwessie van die besnydenis nie kon afhandel nie, hulle na Jerusalem gewend het (vgl ook H. Bouwman, II, 1934, p. 33-34). Daar is beslis so- iets soos 'n helpende mag van meerdere vergaderinge (Van der Linde, 1965, p. 153; M. Bouwman, 1937, p. 193). Daar is ook gemeenskaplike sake wat al die plaaslike kerke raak, en wat op die meerdere vergadering tuishoort (vgl hiervoor, H. Bouwman, II, 1934, p. 35 e.v.; M. Bouwman, 1937, p. 197 e.v.).

Die grondliggende beginsel agter artikel 30 is myns insiens egter die feit dat God sy genadegawes en dienste in die univer= sele kerk gegee het (vgl 4.1), en dat dit impliseer dat die kerke onderling van mekaar se gawes en dienste afhanklik is en daarvan op ordelike wyse gebruik moet maak sonder dat die een oor die ander heers, maar so dat hulle mekaar dien en bedien met die gawes van God.

Op hierdie wyse sal die besondere karakter van die meerdere ver= gadering tot openbaring kan kom.

### 5.7.2 Artikel 35 Kerkorde

In artikel 35 kom die besondere karakter van die meerdere ver= gadering veral op twee maniere na vore.

In die eerste plek, wanneer ons dit ook saamlees met artikel 37 Kerkorde ("kerkrade .... vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord ....") word die beginsel beklemtoon en ordelik gereël dat die Woord in elke kerklike vergadering voorop staan. Die vergadering word deur die Woord beheers, want daar= in rus die gesag van die besluite. Dit gaan duidelik nie om die persoon van die predikant nie, maar om sy funksie op die vergadering. Sy diens is egter te alle tye diens van die Woord. Saam met artikel 31 en 33 Kerkorde gesien, kan ons sê dat die heerskappy van God deur sy Woord voor (art 33), tydens (art 35 en 37) en na die vergadering (art 31) deur genoemde artikels voorop gestel word (vgl ook Bouwman, II, 1934, p. 86 e.v.; Spoelstra, 1966, p. 222).

In die tweede plek kom die karaktertrek van die meerdere verga= dering hierin na vore wanneer die artikel stel dat die amp (funksie) van die bedienaar van die Woord ophou as die vergade= ring beëindig is. "Dit kan naar Gereformeerde beschouwing niet anders zijn, want de vergadering eener classis of synode is geen permanent college, maar duur slechts een of meer dagen, en is geëindigd wanneer de zaken, waarvoor zij is samengekomen, behandeld zijn" (H. Bouwman, II, 1934, p. 90). Hieruit is dit

duidelik die besondere kenmerk van die meerdere vergadering dat dit geen vaste struktuur of "nuwe" regeerliggaam naas die kerke is nie. Dit is 'n orgaan, 'n samekoms van kerke wat rus in die wil van God ten behoewe van die kerke.

### 5.7.3 Artikel 44 Kerkorde

Soos by die ander artikels hierbo is ons bedoeling nie om op die volledige inhoud van die artikel in te gaan nie, maar alleen om die karakter van die meerdere vergadering reg te verstaan. Om dit te kan doen, moet ons dan wys op bepaalde beginsels van kerkregering wat in die artikel na vore tree.

In die eerste plek verwys ons terug na hoofstuk 4 waar ons ge= handel het oor die eenheid en interafhanklikheid tussen plaas= like kerke. Ons het tot die konklusie gekom dat die sigbare diakoniologiese eenheidsband tussen die kerke primêr rus in die wil van God wat impliseer dat daar 'n sigbare geloofsgemeenskap, interafhanklikheid en kommunikasie sal wees (vgl 4.4).

"Dit kerkverband eischt, dat de verschillende kerken den ge= loofsband onderhouden en op elkander toezien, dat alles toegaat naar de ordinantiën van Koning Jezus. De verschillende kerken moeten elkander helpen. Een plaatselijke kerk heeft ...... de genabuurde kerken noodig" (H. Bouwman, II, 1934, p. 174).

Omdat daar geen selfstandige liggaam buite of bo die plaaslike kerke is nie, en "kerkverband" geen derde kerkbegrip is nie, soos ons al vroeër aangetoon het, mag die visitatore nie as "inspekteurs", as verteenwoordigers van 'n vaste kerklike ver= gadering, hul visitasie gaan doen nie.

Artikel 44 sny dus in die lig van bogenoemde 'n independentis= tiese en kollegialistiese benadering van kerkregering uit.

Myns insiens lê die sleutel om artikel 44 reg te interpreteer en toe te pas daarin, dat vasgehou word aan die beginsel dat daar 'n eenheid tussen kerke bestaan. Met ander woorde, visitatore

word as 't ware een met die plaaslike kerk waar visitasie ge= doen word, en behandel saam met die plaaslike kerkraad die kernvraag of daardie kerk nog die kenmerke van die ware kerk dra. Weer eens wys ons daarop dat die genadegawes van God en die dienste wat in die universele kerk gegee is, plaaslik reali= seer, maar ook ten behoewe van verskillende kerke aangewend moet word. Vandaar die kwalifikasie in artikel 44 dat die "geskikste bedienaars van die Woord" as visitatore genoem moet word. Artikel 44 beklemtoon dit ook dat die werk eintlik plaas= lik afgehandel moet word, want die visitatore moet ter plaatse vasstel wat die omstandighede is, plaaslik met raad en daad alles help reël tot opbou van die kerk.

Die karakteristieke kenmerk van die meerdere vergadering by artikel 44 is dan dat hy hom op hierdie wyse een voel met elke kerk in die ressort, en dat hy hom by wyse van kort verslag van sy deputate, vergewis van die vraag of dié kerk nog in die volle sin kerk van Christus is.

### 5.7.4 Die afwesigheid van die diakonale amp in meerdere vergaderinge

Op hierdie besondere kenmerk van die meerdere vergadering dat die diakens nie op die meerdere vergadering teenwoordig is nie, kan ons nie volledig ingaan nie. B. Spoelstra (1964) het in diepte daarop ingegaan, en daarmee bewys gelewer dat dit 'n pro= bleem opsigself is. Hy kom egter tot die konklusie "dat 'n verband tussen diakonieë ter wille van die eie aard van die amp in kerkverband net so nodig is as 'n kollege van diakens in die plaaslike kerk" (Spoelstra, 1964, p. 82). Daaruit voortvloeien= de meen hy daar moet 'n samekoms van klassikale diakonieë wees (a.w., p. 86).

Hieruit blyk dus duidelik dat Spoelstra van oortuiging is dat daar ook diakonale meerdere vergaderinge moet wees. Daarom is dit begryplik dat ons hieraan kortliks aandag sal moet gee, want ons onderwerp handel immers oor ekklésia en meerdere vergaderinge.

Verder moet ons daarop wys dat ons die toepassing van artikel 38

Kerkorde (tweede lid) - wat lui: "As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gere= ken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouder= linge minder as drie is" - nie hier behandel nie. Dit gaan hier immers oor die buitengewone omstandighede, terwyl ons ons bepaal by die normale afwesigheid van die diaken op meerdere vergade= ringe.

Die twee pertinente vrae waarmee Spoelstra hom in die genoemde werk besig hou is die volgende:

(1) Is dit reg dat diakens soos die ouderlinge en bedienaars van die Woord na die "normale" meerdere vergaderinge afgevaar= dig mag word (vgl Spoelstra, 1964, p. 1-2; p. 46 e.v.)?

(2) Of is dit kerkregtelik te verantwoord dat daar 'n eie dia= konale meerdere vergadering tot stand kom deurdat die beginsel van artikel 25 en 40 Kerkorde (dit is plaaslike differensiasie tussen kerkraad en diakonie) "deurgetrek word vir die verhou= ding van klassikale diakonië teenoor die kerkraad in klassikale vergaderinge ...." (Spoelstra, 1964, p. 83)?

Spoelstra meen dat laasgenoemde weg die aangewese weg is (vgl hierbo, konklusie). Die standpunt van Spoelstra rus onses in= siens op enkele basiese uitgangspunte:

(1) Op 'n bepaalde beskouing van die wese van die meerdere vergadering.

(2) Op 'n bepaalde beskouing van die verhouding tussen die Kerkraad en diakonie.

(3) Op 'n bepaalde beskouing van die kerkregering deur die ouderlinge as raad.

Vir sy beskouing oor die wese van die meerdere vergadering, ver= wys ons na 5.5.2 hierbo. Spoelstra meen dat dit 'n vergadering van meer <u>kerkrade</u> is, 'n kerkraadsvergadering saam met ander kerkrade (a.w., p. 33).

Met betrekking tot sy standpunt oor die verhouding tussen kerkraad (ouderlinge) en diakonie, stel hy (p. 30): "Die onderskeiding van die diakonie en kerkraad mag nie tot waterdigte skeiding lei nie". Hy wys daarop dat artikel 25 Kerkorde ook die eenheid handhaaf. Nietemin benadruk hy dit ook dat "die diakonie ook 'n selfstandige orgaan van die gemeente is" (p. 30) en dat "in sover die diakonie 'n 'regering' uitoefen deur die stoflike versorging van die kerk te lei, te koördineer en uit te voer, verteenwoordig die diakonie 'n eie amptelike diens van die plaaslike kerk" (p. 49).

Met betrekking tot sy standpunt oor die kerkregering deur die ouderlinge, stel hy dat die kerkraad in engere sin die basiese en universele liggaam vir die kerkregering is (p. 29); dat die enger kerkraad die orgaan van die gemeente is wat die kerk na buite verteenwoordig (p. 31); en dat "die meerdere vergaderings nog altyd vergaderings van die smal kerkraad in federasie of vennootskap met ander smal kerkrade is" (p. 50-51).

Ten spyte van die standpunt en konklusie van Spoelstra, is ons van mening dat dit onjuis is, en wel op die volgende gronde:

(1) In die eerste plek het ons reeds aangetoon dat die meerdere vergadering nie 'n vergadering van <u>kerkrade</u> is nie, en daarom nie as 'n kerkraadsvergadering beskou kan word nie (vgl 5.5.4). Ons beklemtoon dit dat dit nie kerkrade of diakonieë is wat met mekaar in kerkverband staan nie, maar kerke. Bouwman (I, 1928, p. 599) stel dan ook dat dit nie diakonieë is wat mekaar help nie, maar kerke, en dat verwys hy byvoorbeeld na Paulus wat die kerke versoek het om aan ander barmhartigheid te bewys. Spoelstra reageer op hierdie siening van Bouwman deur te sê dat Bouwman hiermee kerk en diakonie skei (vgl Spoelstra, 1964, p. 49). Myns insiens word kerk en diakonie nie hier geskei nie, maar verkeerdelik deur Spoelstra gemeen dat die kerk in die diakonie as orgaan inbegrepe is. Ons het reeds aangetoon dat dit juis net omgekeerd is, naamlik dat die kerkraad en diakonie te alle tye in die kerk inbegrepe is, waarin en ten behoewe van wie diens gelewer moet word.

(2) Hiermee samehangend is dit ons uitgangspunt dat die afge= vaardigdes van die kerk wat deur die kerkraad as instrumente aangewys word, in die eerste plek ouderlinge moet wees (dit het ons reeds beredeneer) en dat hulle eers op grond van artikel 33 Kerkorde beskou kan word as verteenwoordigers van die kerk (waar= binne die kerkraad bestaan).

(3) Wanneer hulle in die meerdere vergadering as 'n vergade= ring van kerke vergader, vergader hulle ten behoewe van die kerke wat daar verteenwoordig is. Met ander woorde alle kerk= like sake wat plaaslik nie afgehandel kon word (vgl art 30 K O) nie - of dit ookal sake van die ouderlinge, diakens of kerk (lidmate) is, - word op daardie meerdere vergadering behandel. Dit gaan immers oor enige saak wat plaaslik nie afgehandel kon word nie.

(4) Hieruit volg logies dat die meerdere vergadering hom nie net besig hou met sogenaamde "engere kerkregering" nie. Ons het reeds aangedui dat die dienste, waaronder die diens van regering in die volle sin van die woord, in die universele kerk gegee is. Dit impliseer dat dié diens en gawe in een plaaslike kerk ook voluit ten behoewe van ander plaaslike kerke aangewend moet word.

(5) Uit die kerkorde blyk dit ook duidelik dat die ouderlinge te alle tye, hetsy plaaslik of in kerkverband, toesig het oor die hele kerk (plaaslik). Daarom vind ons in <u>artikels 16 en 23 Kerkorde</u> dat hulle toesig ook oor die diakens moet geskied, en in <u>artikel 44 Kerkorde</u> is dit ook bedienaars van die Woord wat as gesante van die meerdere vergadering onder andere oor die werk van die diakens navraag doen.

Op die probleem hoe die werk wat eie aan die diakens is, in die meerdere vergaderinge behandel moet word, gaan ons nie volledig in nie. Ons konklusie is egter dat daar op die gronde van Spoelstra onses insiens nie oortuigend aangedui is dat dit Skriftuurlik-kerkregtelik in orde is dat daar ook diakonale meerdere vergaderinge behoort te wees nie. Ons stem in dat daar beslis tussen die ouderlinge en die diakens funksionele verskil=

le bestaan, maar die funksie en diens van die ouderlinge sluit dit juis in dat hulle plaaslik (vgl bv art 16, 23 en 25 K O) en in meerdere vergaderinge ook ten behoewe van die diakens in die kerk waarin hulle dien, toesig het (vgl art 30, 41 en 44 K O). Hiermee betree die ouderlinge egter nie die ampswerk van die diakens nie. Miskien sou die gedagte van Bavinck (vgl Spoelstra, 1964, p. 46) in soverre aangepas kan word dat die diakens wel op meerdere vergaderinge teenwoordig kan en moet wees, met mandaat van die plaaslike kerk(raad), wanneer diakonale sake wat plaas= lik nie afgehandel kon word nie (na toepassing van art 25 K O) 'n antwoord en beslissing van die meerdere vergadering verlang. Daarvoor sal die toeligting en verslag van 'n diakonie, na ana= logie van artikel 25 Kerkorde nodig wees.

In die lig van bogenoemde uiteensetting is dit dan nog 'n beson= dere kenmerk van die meerdere vergadering dat die diakens in die reël nie op die meerdere vergadering teenwoordig is nie.

## 5.8 Samevatting

In die lig van die feit dat ons by die verskillende punte in die hoofstuk reeds kort samevattings gegee het, volstaan ons hier met enkele opmerkings.

Die Woord van God openbaar aan ons duidelike beginsels oor die wese, gesag en karakter van die meerdere vergadering. In die tyd van die reformasie is daar onder leiding van die Woord en Gees op kerklike vergaderinge vergestalting aan dié beginsels gegee in 'n kerkorde wat sedert 1571 tot 1618/19 'n ontwikke= lingsgeskiedenis ondergaan het. Dit het egter geblyk dat be= paalde standpunte sedert die tyd van die negentiende eeuse Kol= legialisme groot verwarring en verskille veroorsaak het oor die vraag na die wese en gesag van die meerdere vergadering.

In die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde van die Gerefor= meerde Kerk in Suid-Afrika is ons egter van oortuiging dat die meerdere vergadering in wese en samestelling 'n samekoms van meer kerke is. Verder het ons tot die oortuiging gekom dat die

meerdere vergadering nie afgeleide gesag of selfstandige gesag het nie, maar dat dit in die eerste plek rus in die wil van God en dat die gesag van Christus self die enigste gesag en mag in die kerk en meerdere vergaderinge is. Hierdie gesag oefen Christus uit en Hy handhaaf dit deur sy Woord onder leiding van die Heilige Gees. Hy roep en bekwaam ook mense in die dienste om hierdie gesag en mag te bedien. Die meerdere vergadering het ook bepaalde kenmerke wat sy karakter op 'n besondere manier weerspieël.

## 5.9 Slot

Die openbaring in die Woord van God hou so duidelik en helder die kerk aan ons voor as die een liggaam van Christus met een Hoof, en waar die meerdere vergadering rus in die feit dat daar 'n eenheid en interafhanklikheid tussen die plaaslike kerke is - en dit nie net onder bepaalde volke in sekere lande tot sigbare openbaring behoort te kom nie, maar juis oral waar die universele kerk van Christus ookal plaaslik bestaan - is die realiteit van die verskeurdheid en geskeidenheid van die kerk vir ons opnuut 'n sondige en droewige verskynsel.

Ons bede is dat hierdie studie, 'n sondige menslike poging, maar tog in die geloof gedoen, enigsins mag bydra tot 'n beter begrip van ekklésia en meerdere vergadering. Mag Hy, wat ook die dienste en genadegawes in sy kerk gegee het, gee dat ons, "terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus" (Ef 4:15).

# BIBLIOGRAFIE VAN TEKSVERWYSINGS


BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek IV; vierde onverander=de druk. Kampen, Kok.

BECK, S.H. 1974. The role of the Jerusalem conference in the Acts of the apostles. Michigan, Xeros University Microfilms.

BERKOUWER, G.C. 1970. Dogmatische studiën. De Kerk I. Eenheid en katolisiteit. Kampen, Kok.

BERTRAM, G. 1968. Ergon. TDNT, II: 635 - 652.

BEYER, H.W. 1968. Episkopos in the New Testament. TDNT, II: 615 - 620.

BEYER, H.W. 1968. Diakonia, diakonos. TDNT, II: 87 - 93.

BEYER, H.W. 1968. Kubernésis. TDNT, III: 1035 -1037.

BORNKAMM, G. 1969. Presbyters in the primitive Christian communities. TDNT, VI: 662 - 672.

BOS, F.L. 1950. De orde der Kerk. 'S-Gravenhage, Guido de Bres.

BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerd Kerkrecht; deel I. Kampen, Kok.

BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd Kerkrecht; deel II. Kampen, Kok.

BOUWMAN, M. 1937. Voetius over het gezag der synoden. Amster=dam, S.J.P. Bakker.

BRILLENBURG WURTH, G. 1954. Het Apostolaat van de Kerk in deze tijd. (In De Apostolische Kerk. Kampen. p. 98 - 133).

BRONKHORST, A.J. 1947. Schrift en Kerkorde. Den Haag.

BRUCE, F.F. 1977. Commentary on the Book of the Acts. London, Marshall, Morgan & Scott.

BÜCHSEL, H.M.F. 1968. Hégeomai. TDNT, II: 907 - 908.

CALVYN, J. 1966. The acts of the apostles. (In Calvin's commen=taries). Uit Latyn vertaal deur J.F. Fraser. Torrance, D.W. & T.F., editors. Edinburgh, Oliver and Boyd. Deel I.

CALVYN, J. s.j. Institusie of de Onderwijzing in de Christelijke Religie; onveranderd naar de uitgawe van Paulus Aertz van Ravenstein te Amsterdam A 1650. Opnieuw nauwkeurig nagezien, verduidelijkt en overgebracht in de thans ge=bruikelijke spelling door J.H. Landwehr. Amsterdam, Bottenburg.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom, Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1975. Die blye boodskap - 'n Gids deur die Boeke van die Nuwe Testament. 1. Die Briewe van Paulus. Potchefstroom, Pro Rege.

COETZEE, J. C. 1975. Charismata - Geestesgawes. In die Skriflig, 9(34): 27 - 35, Junie.

COETZEE, P.J. 1975. Die ekumeniese roeping van die Kerk. In die Skriflig, 9(34): 4 - 15, Junie.

CONZELMANN, H.G. 1973. Charisma, TDNT, IX: 402 - 406.

DELLING, G. 1968. Artios-exartitisó-katartitsó-katartismos-katartisis. TDNT, I: 475 - 476.

DELLING, G. 1972. Tassó. TDNT, VIII: 27 - 31.

DUVENAGE, S.C.W. 1962. Kerk, Volk en Jeug. Zaandijk, J. Heij=nis Tsz.

DUVENAGE, S.C.W. 1975. Die dékor van die Nuwe Testament. 'n Kultuur-historiese agtergrondstudie. Potchefstroom, Pro Rege.

DU TOIT, D.A. 1978. Koninkryk, Kerk en Eenheid. NGTT, deel XIX, nr. 2: 101 - 114, Maart.

DU TOIT, S. 1969. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Vierde hersiene en uitgebreide druk. Potchefstroom, Pro Rege.

FEENSTRA, J.G. 1966. Onze Geloofsbelÿdenis, vierde druk. Kampen, Kok.

FLEMMING, H.C.J. 1973. Die Woord van God in Kerk en kerkver=band. NGTT, deel XIV, nr. 1:66 - 74, Januarie.

FLOOR, L. 1969. De Nieuwe Exodus - representatie en inkorpora=tie in het Nieuwe Testament. (Ongepubliseerde Proef=skrif - PU vir CHO). Potchefstroom.

GELDENHUYS, F.E.O'B. 1951. Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode. Pretoria, Van Schaik.

GERBER, J.J. 1976. Die eenheidsgesprek tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. (Ongepubliseerde Studie - Universiteit van Pretoria). Pretoria.

GREIJDANUS, S. s.j. Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. Enschede, Boersma.

GROSHEIDE, F.W. 1948. De Handelingen der Apostelen II. (In Kommentaar op het Nieuwe Testament). Amsterdam, Bot=tenburg.

GROSHEIDE, F.W. 1954. Het heilig Evangelie volgens Mattheus. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen, Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe; tweede herziene druk. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen, Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1959. De tweede brief aan de kerk te Korinthe; tweede herziene druk. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen, Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1960. De brief van Paulus aan de Efesiërs. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen, Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1963. De Handelinge der Apostelen, II; derde druk. (In Korte Verklaring der Heilige Schrift). Kampen, Kok.

GUTHRIE, D. 1970. New Testament Introduction; Third Edition (revised) in one volume. London, Tyndale press.

GUTHRIE, D. 1973. The Pastoral Epistles. (In Tasker, R.V.G., ed. The Tyndale New Testament Commentaries). London, Tyndale press.

GUTHRIE, D. & MOTYER, J.A. 1972. The New Bible Commentary Revised. London.

HANDELINGE VAN DIE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA: 1955, 1967.

HANDELINGE VAN DIE TUSSENKERKLIKE KOMMISSIE VAN DIE DRIE AFRIKAANSE SUSTERKERKE, 1955 - 1977. 1977?

HEYNS, J.A. 1967. Die Kerk as diens aan die Koninkryk. (In Du Toit, P.S., red. Annale Universiteit van Stellen= bosch, volume 31 serie B no. 1. Stellenbosch).

HEYNS, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.

HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde. Sneek.

HUIJSER, Ph. J. 1959. De ouderling en de prediking. Kampen, Kok.

JAY, E.G. 1977. The Church. Its Changing Image Through Twenty Centuries; volume I. London.

JONKER, W.D. s.j. Aandag vir die Kerk. (In D'Assonville, V.E., red. Die stryd om die kerk, no. 1. Potchefstroom, "Die Evangelis").

JONKER, W.D. 1965. Om die regering van Christus in sy kerk. (Mededelings Unisa, Pretoria).

JONKER, W.D. 1977. Die unieke karakter van die kerk. In die Skriflig, 11(43): 4 - 13, September.

KAMPHUIS, J. 1966. Verkenningen III. Goes.

KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1968. Pot=chefstroom, Herald.

KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1974. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.

KLEYN, H.G. 1888. Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente. Dordrecht, C. Morks JZn.

KLEYNHANS, E.P.J. 1974. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962. (Ongepubliseerde Proefskrif - Universiteit van Stellen=bosch).

KÜNG, Hans. 1967. De Kerk. (Uit Duits vertaal deur Hans Wagemans). Antwerpen, Paul Brand Hilversum.

KUYPER, A. 1883. Tractaat van de Reformatie der Kerken. Amsterdam.

KUYPER, H.H. s.j. De groote Kerkrechterlijke stelsels; 1935 - 1936. (In College dictaten, Gereformeerd Kerkrecht).

LIGHTFOOT, J.B. 1926. The Apostolic Fathers. Harmer, J.R., ed. London, Macmillan and co.

LOHMAN, A.F. DE SAVORNIN & RUTGERS, F.L. 1887. De Rechtsbe=voegdheid onzer plaatselijke Kerken; Tweede, wel ver=meerderde, uitgave. Amsterdam, J.A. Wormser.

LOMBARD, H.A. 1976. Charisma and church office. (Ongepubli=seerde referaat voor NTWSA).

MEULINK, H. & DE WOLFF, I. 1967. Korte verklaring van de Kerken=ordening; derde onveranderde druk. Enschede, Boersma.

MICHEL, O. 1968. Oikodomos-oikodomeó-oikodomé. TDNT, V: 136 - 147.

MURRAY, A.H. 1976. Die post St. Bartholomeusnag-literatuur en die plurale tradisie in Suid-Afrikaanse staatsinstel=lings en protestantse kerke. In die Skriflig, 10(39):8 - 16, September.

NAUTA, D. 1971. Verklaring van de kerkorde van de Gereformeer=de Kerken in Nederland. Kampen, Kok.

PELSER, P.J. 1976. Die roeping tot sigbaarmaking van die kato=lisiteit van die Kerk. (Ongepuliseerde Proefskrif - PU vir CHO). Potchefstroom.

PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvyn. Kampen, Kok.

POLMAN, A.D.R. s.j. Woord en Belijdenis. Franeker, T. Wever. 2 dle.

POP, F.J. 1965. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. (In De prediking van het Nieuwe Testament). Nijkerk, Callenbach.

REICKE, B. 1969. Proistémi. TDNT, VI:700 - 703.

RIDDERBOS, HERMAN. 1959. Aan de Romeine. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen, Kok.

RIDDERBOS, HERMAN. 1966. Paulus, ontwerp van zijn theologie. Kampen, Kok.

RIDDERBOS, HERMAN. 1967. De Pastorale Brieven. (In Commentaar op het Nieuwe Testament). Kampen, Kok.

RIDDERBOS, HERMAN. 1972. De komst van het Koninkrijk; tweede onveranderde druk. Kampen, Kok.

RIDDERBOS, J. 1944. Kerkscheuring. Een woord over de crisis in de Gereformeerde Kerken. Kampen, Kok.

ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die Kerk volgens die Efesebrief. Groningen.

RUTGERS, F.L. 1882. Het kerkverband der Nederlandsche Gerefor= meerde Kerken. Amsterdam, J.H. Kruyt.

RUTGERS, F.L. 1889. Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw. 'S-Gravenhage, Martinus Nijhoff.

RUTGERS, F.L. 1971. De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde kerken. Amsterdam, Ton Bolland.

SCHMIDT, K.L. 1968. Ekklésia. TDNT, III:501 - 536.

SEEBERG, R. 1966. Text-book of the History of Doctrines. (Uit Duits vertaal deur C.E. Hay. Grand Rapids, Baker Book House. 2 dle in 1).

SILLEVIS SMITT, P.A.E. 1910. De Organisatie van de Christelijke Kerk in den Apostolischen Tijd. Rotterdam.

SMELIK, E.L. 1961. De Brieven van Paulus aan Timotheus, Titus en Filemon; derde druk. (In De prediking van het Nieuwe Testament). Nijkerk, Callenbach.

SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge "uit die skat van die koninkryk". (Snyman, P.C., red. Potchefstroom, Pro Rege).

SNYMAN, W.J. & FLOOR, L. 1969. (In Du Toit, S., red. Die koninkryk van God, Potchefstroom, Herald. p. 34 - 58).

SPOELSTRA, B. 1964. Die verteenwoordiging van die Diakonale amp op meerdere vergaderings. (Ongepubliseerde Skripsie - PU vir CHO). Potchefstroom.

SPOELSTRA, B. 1966. Die tweede afdeling. Oor die kerklike samekomste of vergaderinge. (In Kruger, L.S. e.a. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom, Pro Rege).

SPOELSTRA, B. 1967. Die gesag van meerdere vergaderings. In die Skriflig, nr. 3, p. 23 - 34, Mei-Junie.

SPOELSTRA, B. 1970. Koninkryk en Kerk. In die Skriflig, 4(13): 44 - 57, Maart.

SPOELSTRA, B. 1971. Vrou en die amp en die amp in die algemeen (2). In die Skriflig, 5(18):25 - 44, Junie.

SPOELSTRA, B. 1977. Die gesag van die sinode. In die Skriflig, 11(43):45 - 63, September.

SPOELSTRA, B. 1977 b. Die Calvinis se antwoord op meerderheids= regering in Suid-Afrika. Plaaslike vryheid en verant= woordelikheid met verwysing na die Reformatoriese kerk= inrigting. (ACB - Kongres, Potchefstroom).

SPOELSTRA, B. 1978. Boekbespreking. (Van Heyns, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel). In die Skrif= lig, 12(45):55 - 58, Maart.

SWART, G.J. 1959. Die vraagstuk van die eenheid, verskeiden= heid en verdeeldheid van die Kerk. (Geen impressum).

THERON, P.F. 1978. Die Ekklésia as Kosmies-eskatalogiese teken - Die Eenheid van die Kerk as "Profesie" van die Eskata= logiese Vrede. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.

TUKKER, C.A. 1965. De classis Dordrecht van 1573 tot 1609. Leiden, Universitaire Pers.

VAN DALEN, J. 1946. De Schriftuurlijke beginselen van het Kerkrecht. Goes, Oosterbaan & Le Cointre.

VAN DELLEN, I. & MONSMA, M. 1969. The revised church order Commentary. Grand Rapids, Zondervan.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die Presbi= teriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom, Pro Rege.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Die betekenis van die verhouding tussen die Koninkryk van die Hemele en die Kerk vir die Kerkreg. PU vir CHO, Potchefstroom.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1978b. Die koördinasie van die drie ampte met die oog op die uitbreiding van die koninkryk van God. In die Skriflig, 12(47):41 - 45, September.

VAN DER VYVER, G.C.P. s.j. Dordtse kerkorde. (Ongepubliseer= de klasdiktaat - Teologiese Skool, PU vir CHO). Potchefstroom.

VAN DER WALT, J.J. 1971. Kerk en kerkverband. In die Skriflig, 5(17):22 - 32, Maart.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom, Pro Rege.

VAN DER WALT, T. 1962. Die Koninkryk van God - naby! Kampen, Kok.

VAN DER WALT, T. 1969. Die voleinding van die Koninkryk. (In Du Toit, S., red. Die koninkryk van God. Pot= chefstroom, Herald. p. 96 - 109).

VAN GINKEL, A. 1975. De ouderling. Amsterdam, Ton Bolland.

VAN ITTERZON, G.P. 1974. Het kerkelijk ambt in geding. (In Van Dijk, M.P., red. Theologie en Gemeente 10. Kampen, Kok).

VAN LOON, J.C.A. 1942. Het Algemeen Reglement van 1816. Wageningen, gebr. Zomer & Keuning.

VAN SCHELVEN, A.A. 1908. De Nederduitsche Vluchtelingenkerken der XVI e eeuw. 'S-Gravenhage, Marthinus Nijhoff.

VAN VUUREN, S.M. 1978. Kerkverband in die lig van die Skrif; derde aflewering. Die Kerkbode, deel CXXI, jaargang 130, nr. 26, p. 792 - 794, Junie.

VAN WYK, J.H. 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang. In die Skriflig, 2(7):12 - 26, Augustus - September.

VAN WYK, J.H. 1972. Kerklike kontak tussen die Afrikaanse en Engelse kerkegroepe in Suid-Afrika. In die Skriflig, 6(24):11 - 44, Desember.

VISSER, L.L.J. 1978. Die charismata. Pretoria, N.G. Kerkboek= handel.

WAT IS ER AAN DE HAND MET HET AMBT? 1970. Studierapport over het ambt aangeboden door de Nederlandse Hervormde kerk, krachtens besluit van haar vergadering van 18 Februari 1969. 'S-Gravenhage, Boekencentrum.